

DIE GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING
VAN DIE
CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD IN SUIDWES-AFRIKA
VIR DIE TYDPERK 1957 TOT 1980

VALERIE G WIESE

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan
die vereistes vir die graad van Magister in
Maatskaplike Werk aan die Universiteit
van Stellenbosch



Promotor: Prof dr Jan J de Villiers

STELLENBOSCH
November 1985

THIS BOOK IS DEDICATED TO ALL MOTHERS
WHO HAVE CHOSEN AS THEIR LIFE-TASK, TO
NURTURE THEIR CHILDREN TO THE GLORY
OF GOD ... AND THEREFORE, ABOVE ALL, TO
MAMMIE.

ERKENNING

Die eindresultaat van 'n projek soos hierdie is die gevolg van samewerking tussen verskeie mense op verskillende terreine. Dit is dus my voorreg om my opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies oor te dra :

Prof JJ de Villiers, my promotor, vir sy leiding en geduld gedurende die afgelope drie jaar;

Prof N Botha, interne eksaminator, vir haar opbouende kommentaar en leiding;

Dr MM Nieuwoudt, by wie die ideaal ontstaan het om die geskiedenis van die CMR in SWA op skrif te stel, vir sy ondersteuning en aanmoediging;

Die personeel van die Ned. Geref. Kerkkantoor in Windhoek, vir hul bereidwilligheid om ten alle tye behulpsaam te wees;

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, Behuisingsbond, Kaapstad, en die Universiteit van Stellenbosch vir finansiële ondersteuning. Enige menings of gevolgtrekkings uitgespreek in hierdie verhandeling is persoonlik en vereenselwig noodwendig nie met bogenoemde instansies nie.

Die Hoofbestuur van die ACVV, Kaapstad, vir toestemming tot insae in argiefdokumente;

Pa en Ma Wiese, Neels en Dorie Louw, vir hul gasvryheid en die aangename verblyf in Windhoek tydens navorsing in die Kerkargief;

Marianne Theron vir die taalkundige nasien van die manuskrip en **Mitzi du Plessis** vir tikwerk;

Mnr N van Zyl vir sy hulp in die verkryging van gegewens soos uiteengesit in sy persoonlike navorsingsprojek;

Ds Barrie Jordaan, vir die verkryging van sekere feite uit kerklike publikasies;

Dawn van Antwerpen, vir die groot opoffering wat sy gemaak het om die manuskrip te tik;

Jean en Lionel Hellig, vir die oopstel van hul huis as werksplek en vir hul getroue ondersteuning en aanmoediging.

Vir 'n moeder is die versorging van haar gesin altyd die vernaamste prioriteit. Groot dank is verskuldig aan my **ouers, Roma van Eyssen, Antoinette du Toit, Colleen Kirkwood en Moira Duxbury** vir besondere hulp verleen tydens my onvermydelike afwesighede vir studiedoeleindes.

Opregte dank aan my **ouers** vir hul liefde en aanmoediging en vir die nasien van die manuskrip.

Aan **Johan, Lizl, Renate en Ingrid** sê ek baie dankie vir hul getroue ondersteuning, liefde en gebede en aan ons **Hemelse Vader** kom al die lof en die eer toe.

**DIE GESKIEDKUNDIGE ONTWIKKELING
VAN DIE
CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD IN SUIDWES-AFRIKA
VIR DIE TYDPERK 1957 TOT 1980**

			<u>Bladsynr.</u>
<u>HOOFSTUK I</u>	:	<u>INLEIDING</u>	1
		A. DOEL VAN EN MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK	1
		B. METODEDES VAN ONDERSOEK	1
		C. GEBIED VAN ONDERSOEK	2
		D. TYDPERK VAN ONDERSOEK	2
		E. FAKTORE WAT DIE ONDERSOEK BEMOEILIK EN/OF VERGEMAKLIK HET	2
		F. AANBIEDING VAN GEGEWENS	3
		G. DIE GEBRUIK VAN VERWYSINGS EN AFKORTINGS	4
<u>DEEL A</u>	:	<u>AGTERGROND EN AAN- VANGSTYDPERK</u>	
<u>HOOFSTUK II</u>	:	<u>HISTORIESE AGTERGROND</u>	7
		A. ARMESORG : SKRIFTUURLIKE GRONDSLAG	7
		1. Ou Testament	7
		2. Nuwe Testament	8
		B. STRUKTUUR VAN DIE BARMHARTIGHEIDSDIENSTE VAN DIE NED. GEREFORMEERDE KERK IN SA IN DIE JARE VYFTIG	10

HOOFSTUK II
(vervolg)

Bladsynr.

C.	ONTSTAAN VAN DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD IN SUID- AFRIKA	12
1.	Rede vir ontstaan	12
2.	Ontstaan en uitbouing van CM- Rade	13
D.	OMSTANDIGHEDE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SWA Vóór 1957	14
E.	ANDER ORGANISASIES GEMOEID MET WELSYNSWERK IN SWA Vóór 1957	16
1.	Die Afrikaanse Christelike Vroue- vereniging	16
2.	Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene	16
3.	Ander	17
F.	BEWEEGREDES VIR DIE STIGTING VAN 'n EIE CMR VIR SWA	18
<u>HOOFSTUK III</u>	<u>TOTSTANDKOMING VAN DIE CMR VIR SWA</u>	22
A.	ONDERSOEK i.v.m. KERKLIKE WELSYNS- WERK IN SA	22
B.	OORNAME VAN WELSYNSDIENSTE VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING	25
C.	DIE STIGTING VAN DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD VIR SWA	27

<u>DEEL B</u>	:	<u>KONSOLIDASIE VAN DIENSLEWERING</u>	
<u>HOOFSTUK IV</u>	:	<u>GROEI- EN ONTWIKKELINGSPROBLEME</u>	35
		A. SAMEWERKING TUSSEN KERK EN STAAT	35
		B. HERORGANISASIE EN VERANDER- VAN DIE GRONDWET VAN DIE CMR IN SWA	39
<u>HOOFSTUK V</u>	:	<u>ONTWIKKELINGE t.o.v. INRIGTINGSORG</u>	46
		A. BEJAARDESORG	46
		B. KINDERSORG	51
		1. Die Suidwes-kinderoord	51
		2. Kleuterland-bewaarskool	56
<u>DEEL C</u>	:	<u>VERNUEWING</u>	
<u>HOOFSTUK VI</u>	:	<u>DIE CMR AS HULPORGANISASIE</u>	60
		A. HULPVERLENING VANAF DIE FEDERALE RAAD VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID	60
		1. Voorstelle t.o.v. die daarstelling van 'n Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid in SWA	60
		2. Samewerking tussen Kerk en Staat	62
		3. Taak van die Maatskaplike Werker in die Ned. Geref. Kerk se Diens van Barmhartigheid	64
		B. VERDERE ONTWIKKELING IN DIE CMR	65
		C. VERVANGING VAN DIE CMR DEUR DIE SKDB	67

<u>HOOFSTUK VII</u>	:	<u>DIE ONTWIKKELING VAN BELEID EN 'n EIE IDENTITEIT</u>	71
		A. BEKNOPTE OORSIG OOR DIENSTE GEDURENDE DIE EERSTE TIEN JAAR	71
		B. ONTWIKKELING VAN BELEID EN DIENSLIEWERING EIE AAN DIE CMR IN SWA	73
 <u>DEEL D</u>	 :	 <u>UITBREIDING VAN DIENSTE</u>	
<u>HOOFSTUK VIII</u>	:	<u>VRYWILLIGE DIENSTE</u>	79
		A. DEFINISIE EN OMSKRYWING	79
		B. DIE VRYWILLIGER SE ROL IN WELSYNSWERK IN SWA	79
		C. DIE VRYWILLIGER SE PLEK IN DIE BARMHARTIGHEIDSDIENS VAN DIE NED. Geref. KERK IN SWA	80
 <u>HOOFSTUK IX</u>	 :	 <u>SPECIALISASIE</u>	 86
		A. ALKOHOLISME	86
		1. Algemene Agtergrond	86
		2. Die Christelike Alkoholiste Vereniging en die Christelike Alkoholiste Diens	88
		3. Inskakeling by Pastorale Sielkundige	89
		B. HOSPITAALDIENSTE	90
		C. HUWELIKSVOORLIGTING EN -BERAAD	91
		1. Behoefte aan 'n Huweliksraad in SWA	91
		2. Die Rol van FAMSA	93
		D. GESPECIALISEERDE DIENSTE AAN ONGEHUDE MOEDERS	94
		E. BEHUISING	97
		F. GEVANGENISBEARBEIDING	98

DEEL E : SLOT

<u>HOOFSTUK X</u>	:	<u>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS</u>	101
		A. SAMEVATTING	101
		B. GEVOLGTREKKINGS	103

HOOFSTUK I

I N L E I D I N G

A. DOEL VAN EN MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Tot en met die voltooiing van Nieuwoudt se verhandeling in 1978 oor "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika" (I), was daar geen geordende data beskikbaar oor die agtergrondsgeskiedenis van die Christelike Maatskaplike Raad in hierdie land nie. Weliswaar was belangrike inligting vervat in diverse publikasies, notules en ander dokumente, maar dié in die geheue van mense moes opgeteken word ten einde te voorkom dat dit algeheel verlore gaan. Die publikasie van die gemelde verhandeling het derhalwe 'n groot en belangrike leemte gevul. Aan die welsynsdienste van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika is egter slegs 'n kort onderafdeling gewy, en 'n behoefte is aan gevoel dat ook hierdie faset in die gemelde kerk se geskiedenis opgeteken moes word.

Toe die ondersoeker aanvanklik genader is om hierdie leemte te vul, was die omstandighede vir die uitvoering daarvan gunstig omdat sy in Suidwes-Afrika woonagtig was en praktiese ervaring van die werksaamhede van die Christelike Maatskaplike Raad gehad het. Weens huislike omstandighede het 'n paar jaar verloop alvorens daar met die studie begin kon word. Gedurende hierdie tydperk is die kerkargief uitgebrei en gegewens volgens 'n bepaalde stelsel geliasseer, wat die navorsingstaak aansienlik vergemaklik het.

B. METODES VAN ONDERSOEK

In hierdie ondersoek is daar in hoofsaak van die historiese metode gebruik gemaak. Alle beskikbare gegewens in die Kerkargief in Windhoek is nagegaan en verwerk. Die gegewens is hoofsaaklik in die Notules van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid, asook in die Handeling van die Sinodes van Suidwes-Afrika vervat. Daar is ook bruikbare gegewens in ander lêers gevind. 'n Belangrike bron van inligting was die ongepubliseerde

dokumente wat Van Zyl (2) van die Departement van Volkswelsyn opgestel het terwyl hy in Windhoek werksaam was met die doel om die geskiedenis van welsynsdienste in Suidwes-Afrika op te teken. Persoonlike mededelings van Nieuwoudt het as belangrike aanvullende databron gedien. Afrikaanse Christelike Vrouevereniging-argiefstukke wat in die Staatsargief, Kaapstad, opgespoor is, het ewe-eens meegehelp om die doelstellings van die studie te verwesenlik.

Die gegewens is verwerk vir die doel van 'n kronologiese eenheid, wat van vóór die totstandkoming van die Christelike Maatskaplike Raad tot 1980 strek. Daar is verskeie kere oorweeg om hierdie tydperk tot ná 1980 te verleng. Met die politieke en staatkundige veranderings wat in die afgelope paar jaar in Suidwes-Afrika plaasgevind het, het dit egter voorgekom asof daar vanaf 1980 'n nuwe fase in die werk sou begin het, en daar is gevolglik besluit om by die oorspronklike datumkeuse te volstaan.

C. GEBIED VAN ONDERSOEK

Die studie bepaal hom by die werksaamhede van die Christelike Maatskaplike Raad in 'n gespesifiseerde gebied n.l. Suidwes-Afrika. Die gebied van ondersoek is dus deur die onderwerp tot SWA beperk, ofskoon invloede buite die grense van hierdie gebied die verloop van die ontwikkeling van die Christelike Maatskaplike Raad in Suidwes-Afrika meermale sterk beïnvloed het.

D. TYDPERK VAN ONDERSOEK

Gedurende November 1979, Junie 1980 en November 1980 is navorsing in die Kerkargief, Windhoek, gedoen. Twee verdere besoeke aan Windhoek was gedurende Junie 1984 en Januarie 1985 onderskeidelik genoodsaak.

E. FAKTORE WAT DIE ONDERSOEK BEMOEILIK EN/OF VERGEMAKLIK HET

Wat die insameling van gegewens betref, was die grootste probleem dat daar in die vroeë bestaansjare van die Armesorgkantoor en die Christelike Maatskaplike Raad nie altyd deeglik notule van vergaderings gehou is nie, met die gevolg dat daar gapings was wat die optekening van die juiste verloop benadeel het. Soms is hierdie noodsaaklike inligting egter in briewe of ander lêers, benewens notule van vergaderings

gevind. Die metodes van notulering verskil ook heelwat van dié wat tans gebruik word. Soms moes lank na eenvoudige inligting soos bv. 'n voorletter van 'n persoon gesoek word ten einde te bepaal of die gegewens op dieselfde persoon betrekking het.

Die afstand tussen die woonplek van die ondersoeker en Windhoek was ook 'n probleem. Met behulp van 'n lening van Behuisingsbond, Kaapstad, en 'n navorsingsbeurs van die RGN, is hierdie probleem te bowe gekom.

Verandering t.o.v. die beheer oor die Christelike Maatskaplike Raad het ten tyde van die ondersoek plaasgevind waardeur die optekening van die data aansienlik bemoeilik is. Dit het gebeur toe die Christelike Maatskaplike Raad deur die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid vervang is. Die Sinodale Kommissie het hierna die beheer van bv. alle inrigtings oorgeneem, terwyl die Christelike Maatskaplike Raad sy aandag slegs by die uitvoering van maatskaplike werk-dienste bepaal het. Daar was dus betreklik volledige besonderhede oor die Christelike Maatskaplike Raad se werksaamhede tot en met die oornome van die Sinodale Kommissie beskikbaar, maar daarna is slegs gemeld dat die dienste nie langer onder die Christelike Maatskaplike Raad ressorteer nie. Dit geld ook in die geval van nuwe inrigtings bv. die Jeugsentrum in Windhoek en Huis Deon Louw op Gobabis. Die daarstelling van hierdie inrigtings het aan groot behoeftes in die gemeenskap voldoen, maar die Christelike Maatskaplike Raad was nie direk by die totstandkoming daarvan betrokke nie maar eerder slegs by die lewering van maatskaplike werk-dienste.

Aan die positiewe kant moet egter spesifiek melding gemaak word daarvan dat die ondersoek en die dokumentering daarvan vergemaklik is deur die positiewe gesindheid van almal wat betrokke was, insluitende amptenare by die Kerkkantore en ander persone wat gewilliglik ondersteuning verleen het.

F. AANBIEDING VAN GEGEWENS

Hierdie verhandeling bestaan uit vyf afdelings, waarvan die eerste 'n kort oorsig van die geskiedkundige agtergrond van die NG Kerk se welsyndienste in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika behels, asook van die totstandkoming van die Christelike Maatskaplike Raad, insluit. **Deel B**

beskryf die konsolidasie van dienslewering. Daar word veral klem gelê op probleme wat tydens die ontwikkeling van dienste ondervind is en op die samewerking tussen kerk en staat. Hierna word die verandering van die grondwet van die CMR in SWA bespreek. Die ontwikkeling van dienste aan bejaardes en kinders by wyse van inrigtingsorg word deeglik bespreek. Hierna word die vernuwingsproses in **Deel C** beskryf. Dit is die periode waar die Christelike Maatskaplike Raad as tussenliggaam tussen kerk en staat deur die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid vervang word, en self 'n hulporganisasie van die Sinodale Kommissie word. In hierdie afdeling word ook die belangrike rol van die vrywilliger bespreek.

Deel D word gewy aan bepaalde dienste wat spesialisasie geveer het. 'n Uiteensetting van hierdie dienste word aangetoon en daar word kortliks beskryf hoe elkeen van hierdie dienste ontwikkel het. **Deel E** omvat die gevolgtrekkings van die ondersoek en 'n bespreking van moontlike toekomstige tendense t.o.v. die Christelike Maatskaplike Raad.

G. DIE GEBRUIK VAN VERWYSINGS EN AFKORTINGS

Verwysings en aanhalings in die onderskeie hoofstukke is genommer en aan die einde van elk van die betrokke hoofstukke aangetoon. Aanvaarde afkortings word deurgans vanaf Hoofstuk II gebruik vir begrippe wat dikwels in die verslag voorkom. Die belangrikste hiervan is die volgende :

SWA	:	Suidwes-Afrika
SA	:	Suid-Afrika
CMK	:	Christelike Maatskaplike Komitee
CMR	:	Christelike Maatskaplike Raad
ACVV	:	Afrikaanse Christelike Vroue- vereniging
FAR	:	Federale Armesorgraad
SKDB	:	Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid
AKDB	:	Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid
AAK	:	Algemene Armesorgkommissie
NGVV	:	Nederduitse Gereformeerde Vrouevereniging

Ned. Geref. Kerk	:	Nederduitse Gereformeerde Kerk
CAV	:	Christelike Alkoholiste Vereniging
CAD	:	Christelike Alkoholiste Diens
FAMSA	:	Nasionale Raad vir Huweliks- en Gesinslewe (SA)
FRDB	:	Federale Raad vir die Diens van Barmhartigheid

VERWYSINGS

- (1) Nieuwoudt, MM : Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika

- (2) Van Zyl, N Die Ontstaan en Ontwikkeling van Welsynsdienste in Suidwes-Afrika vanaf 1960 tot 1975

DEEL AAGTERGROND EN AANVANGSTYDPERKHOOFSTUK IIHISTORIESE AGTERGROND

Die ontstaan en ontwikkeling van 'n afsonderlike struktuur vir die hantering van die Ned. Geref. Kerk in SWA se barmhartigheidsdienste is in hoofsaak gebaseer op twee faktore nl. :

- (i) Skriftuurlik, d.w.s. die opdragte van God aan Sy Volk om uit liefde vir God en medemens na minderbevoorregtes om te sien; en
- (ii) die ontwikkeling van sodanige diens in die Republiek van Suid-Afrika.

Die onderhawige hoofstuk word gevolglik gewy aan 'n beknopte oërsig van die bogemelde twee faktore.

A. ARMESORG : SKRIFTUURLIKE GRONDSLAG

Die diens van barmhartigheid van die Ned. Geref. Kerk word deur hom as sy Skriftuurlike roeping beskou. Die eerste barmhartigheidsdiens begin reeds vroeg in die geskiedenis van die Israëliete, maar nie op 'n georganiseerde basis nie. Die wette van God aan Sy volk het altyd armesorg as grondslag gehad. Dwarsdeur die Ou Testament is daar voorbeelde van hierdie armesorg, en volgens die Nuwe Testament is die barmhartigheidsdiens as 'n uitvloeisel van die Christen se liefde vir sy God en sy medemens beskou. Dit word later in Handeling, waar die pligte van die diaken uiteengesit word, spesifiek aan hierdie amp gekoppel. Met die verloop van eeue is hierdie liefdesdiens uitgebou tot 'n diens op georganiseerde grondslag, soos dit vandag in die Ned. Geref. Kerk aangetref en beoefen word. Voorbeelde van hierdie armesorg en barmhartigheidsdiens word vervolgens gegee :

1. Ou Testament

In Lev. 19: 9 en 10 word daar aan die volk van God opdrag gegee om nie die wenakkers af te oes of die are wat bly lê op te tel nie, sodat die armes en vreemdelinge ook genoeg daarvan kan ontvang. Dit geld ook vir die wingerde wat volgens opdrag nie vir 'n tweede keer geoes moet

word nie. Hierdie opdrag word ook in Lev. 23:22 herhaal. 'n Praktiese voorbeeld hiervan word later in die Ou Testament in Rut, 2:15 gevind waar Boas sy werkers opdrag gee dat Rut, 'n vreemdeling in Juda toegelaat word om are op te tel, terwyl in Kronieke 'n voorbeeld gevind word van hoe gevangenes versorg en van kos, water en noodhulp voorsien moet word.

God stel ook 'n hersteljaar in vir Sy volk in die vyftigste oesjaar. Volgens Lev. 25 moet daar in hierdie jaar alle grond aan die oorspronklike familie, aan wie dit behoort het, teruggegee word. In Ex. 23 word die wet beskryf wat meld dat daar elke sewende jaar nie in die lande gewerk moet word nie. In hierdie jaar moet die land braak lê, maar die armes mag van die opslag vir voedingsdoeleindes aanwend.

In hoofstuk 58 van die boek Jesaja wys God Sy volk op hul oortredinge, en verklaar dan dat hulle manier van vas nie is wat Hy van hulle verlang ten einde hul oortredings te delg nie. Wat Hy wel verlang, word as volg uiteengesit :

"Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie,
dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie,
dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie,
dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?" (1)

Hierdie verwysings uit die Ou Testament dien as voorbeelde van sommige van die opdragte wat aan die ou Israeliete gegee is om voorsiening te maak vir die versorging van armes en behoeftiges. Die hele volk en nie slegs enkelinge nie is hiervoor verantwoordelik.

2. Nuwe Testament

In Markus 12: 30-33 gee Christus 'n samevatting van Sy wette in antwoord op 'n vraag wat aan hom gestel is oor die grootste gebod. Naas liefde vir God word naasteliefde duidelik as die grootste gebod gegee. 'n Praktiese voorbeeld hiervan word in Matt. 19: 16-22 uiteengesit toe die ryk jong man vra wat hy kan doen om die ewige lewe te verkry. Hy beweer dat hy al die geboeie van God nagekom het. Christus se antwoord aan hom was dat hy al sy besittings moet verkoop en die geld aan die armes moet gee. Naasteliefde wat prakties uitgevoer word, word ook as voorbeeld

gebruik in Matt. 25: 32-46. Hierin word die laaste oordeel beskryf wanneer daar aan dié wat die ewige lewe beërf, gesê word :

"... want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek." (2)

Uit die bogenoemde voorbeelde sowel as verskeie ander in die Nuwe Testament, is dit duidelik dat armesorg en barmhartigheidsdiens 'n gevolg is van 'n Christen se liefde vir God en sy medemens. Later in die Nuwe Testament word hierdie gedagte anders gestel nl. dat geloof en goeie werk, d.w.s. naastediens, nooit apart kan funksioneer nie. Dit is dus die liefde vir God wat iemand in staat stel om sy naaste lief te hê en om naastediens aan hom te bewys.

In die boek Handelingte word hierdie naastediens vir die eerste keer aan 'n bepaalde amp in die Christelike kerk gekoppel. Daar het klagtes gekom dat die Griekssprekende weduwees nie goed versorg word nie. Die apostels en die ander gelowiges het toe sewe diakens gekies en hulle taak was om na die behoeftiges onder die gelowiges om te sien.

Deur die Nuwe Testament heen is daar opdragte aan gelowiges om naastediens en armesorg te lewer, bv :

Roemeine 15: 1 "Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van dié wat nie sterk is nie" (3)

Galasiërs 6: 2 "Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus". (4)

Jakobus 1: 27 "Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan..." (5)

Uit die voorafgaande aanhalings en verwysings uit die Skrif is dit duidelik dat dit die gelowige se plig is om na sy naaste om te sien. Met die organisasie van die eerste Christelike gemeentes en die spesifieke opdragte aan diakens om barmhartigheidsdiens te lewer, het hierdie plig verder uitgebrei tot die barmhartigheidsdiens soos dit deur die Ned. Geref. Kerk erken en beoefen word.

B. STRUKTUUR VAN DIE BARMHARTIGHEIDSDIENSTE VAN DIE NED. Geref. KERK IN SUID-AFRIKA IN DIE JARE VYFTIG

Die wyse waarop die barmhartigheidsdienste van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika georganiseer is, dien hier gemeld te word omdat die barmhartigheidsdienste van die Ned. Geref. Kerk in SWA daarop gebaseer is. Alhoewel hierdie vorm van dienslewering met verloop van jare uitgebrei en ontwikkel het tot die huidige struktuur, sal die omstandighede soos dit in die vyftiger jare bestaan het, kortliks bespreek word. Die rede hiervoor is dat dit gedurende hierdie tydperk was dat die barmhartigheidsdienste georganiseer is.

Volgens die Kerkwet van 1949 is elke gemeente op 'n vasgestelde wyse georganiseer en is elke Kerkraad verplig om sekere kommissies te benoem. 'n Groep gemeentes vorm saam 'n Ring, wat ook uit verskeie kommissies saamgestel is. Die onderskeie Ringe in 'n bepaalde area vorm 'n Sinode. Die Sinode se kommissies het elk 'n geordende leraar aan die hoof en hy is verantwoordelik vir die administrasie van sy kantoor, sy personeel en vir die uiteenlopende werksaamhede wat deur sy personeel behartig word. Die onderskeie kommissies van kerkraadvlak word dus uiteindelik tot op Sinodalevlak uitgebou.

Een van die kommissies wat volgens gemelde kerkwet saamgestel is, is die Armesorgkommissie. In Suid-Afrika was daar 4 Sinodes, elk met sy onderskeie kommissies. Die vier Sinodale Armesorgkommissies in Suid-Afrika het saam die Federale Armesorgraad gevorm. Die doel van hierdie Raad (voortaan FAR genoem) was om in raadgewende hoedanigheid op te tree i.v.m. armesorgsake. Die ander kommissies is bv. Finansiële-, Eiendoms-, Sending-, Jeug-, Evangelisasie, Leer- en Aktuele Sake-kommissie. Gedurende 1959 het die FAR aan die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika 'n aanbeveling gemaak dat die Armesorgkommissie na die Kommissie vir Diens van Barmhartigheid verander word. Hierdie aanbeveling is aanvaar. Die Kommissie vir Diens van Barmhartigheid op kerkraadvlak vorm die basis waarop die maatskaplike welsyndienste gegrond is. Dit is op hierdie vlak in die gemeente waar die sorgbehoewendheid en ander maatskaplike probleme onder die aandag van die leraar en kerkraad

kom. Die kerk se verantwoordelikheid op hierdie gebied is die uitvoering van sy Skriftuurlike roeping, nl. liefdesdiens aan die naaste.

Binne die gemeente is dit die amp van diaken wat gekoppel is aan die barmhartigheidsdienste. Sy oorsprong word gevind in die boek Handeling, waar die eerste diakens gekies is omdat :

"weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is." (6)

Dit is dus die taak van die diaken om behoeftiges, op watter vlak ook al, in die gemeentes op te spoor, te identifiseer en aan die kerkraad se barmhartigheidskommissie aan te meld sodat die nodige hulp verleen kan word. Dit is ook sy taak om sy mede-lidmate op te voed in die barmhartigheidsdiens van die kerk, sodat die hele gemeente vir hierdie liefdesdiens verantwoordelik word. Hierbenewens moet die geestelike aspek ook nie verwaarloos word nie. Geestelike opheffingswerk is noodsaaklik en hierby word die ouderling en leraar betrek, ofschoon dit begin by die amp van diaken. Sy pligte word as volg in die bevestigingsformulier uiteengesit :

"Die amp van diaken vind sy oorsprong in die voorbeeld van Christus as die Dienskneg by uitnemendheid, en in sy verlossingswerk. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegdra, maar ook die Kneg van die Here wat ons krankhede op Hom geneem en ons smarte gedra het. Hy het ons werklik lief en staan ons by in al ons diepste nood.

Die diakens moet diens verrig by die viering van die nagmaal en in die erediens. Vanuit die erediens en die viering van die nagmaal moet veral die diakens die liefde en barmhartigheid van God in Christus na elke terrein van die gemeente en die samelewing dra, om die nood en leed in al sy vorms te verlig. Die diakens moet die middele vir die omvattende versorging van die medegelowige en die naaste insamel. Ja, die gemeente moet steeds opgewek word tot die geestelike behoeftiges. Die diakens moet steeds die nodige inligting verskaf oor die diens van barmhartigheid. Hulle moet ook help met die insameling vir die instandhouding van die erediens. Die gawes wat gegee is vir die diens van barmhartigheid moet hulle met groot wysheid en oorleg, asook in die regte gesindheid van Christelike liefde, bestee. Waar hulp verleen word, moet ook die evangelie gebring word. Die diakens moet nie alleen die nood verlig nie, maar ook die omstandighede wat die nood veroorsaak, help ophef. Vir die amp van diaken word 'n onbesproke karakter en voorbeeldige lewenswandel vereis. Verder moet die diakens met die Gees van God vervul wees en vir die werk toegerus wees." (7)

Die diakonie van elke gemeente moet in noue verband saamwerk met amptenare en instansies wat professionele dienste op die gebied van barmhartigheid lewer. So bv. word gevalle na die Christelike Maatskaplike Raad of ander welsynorganisasie vir behandeling verwys. In die praktyk kom dit dikwels daarop neer dat die grondslag vir die kerk se welsyndienste, nl. die verhouding tussen die diakonie en gemeentede, nie na wense is nie en daarom word barmhartigheidsdienste nie vanuit die staanspoor na behore georganiseer nie. Daar is verskeie redes hiervoor, die belangrikste waarskynlik die versuim van diakens om hul pligte getrou en doeltreffend na te kom. Daarbenewens is daar dikwels onkunde oor sy taak, asook teësinigheid by hom en die kerkraad om gevalle na die nodige vakkundiges te verwys. Indien elke diaken sy plig getrou nakom, sal die Diens van Barmhartigheid op gemeentevlak doeltreffend kan funksioneer, wat so noodsaaklik is vir die uiteindelijke sukses van dienslewering aan die hele gemeenskap. Alhoewel hier teoreties van Ned. Geref. Kerk-lidmate gepraat word, word hierdie barmhartigheidsdienste aan alle behoeftiges gelewer, ongeag hul kerkverband.

Die spesifieke funksionering van die CMR word vervolgens bespreek.

C. ONTSTAAN VAN DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD IN SUID-AFRIKA

1. Rede vir ontstaan

In die verslag van die Carnegie-Kommissie van Onderzoek na die Armbanke-vraagstuk in S.A., word daar in die Sosiologiese Verslag (Deel V) o.a. na die moontlikheid van samewerking tussen staat en kerk verwys. In hierdie verband word daar die volgende aanbeveel:

"Die stigting van landelike armesorgkommissies. Deur gebruikmaking van die organisasie van die Kerk kan in elke distrik kommissies tot stand gebring word wat met staatsteun belangryke sosiale werk kan onderneem, soos die inwin van gegewens insake veragterde toestande; die klassifikasie van behoeftiges;... die organisasie van plaaslike liefdadigheid, gesondheid en kindervelvaart;..." (8)

Volgens R McLachlan, indertyd Sekretaris van AKDB, was dit van groot belang dat die kerk spesifiek in die bevindings van die Carnegie-Kommissie genoem is. Hy het as volg hieroor in die SKDB-notule gerapporteer :

"Die NGK en die volk se wel en wee sluit so nou by mekaar aan dat dit haas ondenkbaar is dat 'n groot volksprobleem soos die armbanke-vraagstuk aangepak kan word sonder die samewerking tussen kerk en staat." (9)

Uit hierdie gedagte van samewerking tussen die kerk en ander verwante welsynsinsettings asook tussen hierdie twee groepe in die staat, het die CMR-gedagte ontstaan. Die CM-Rade het in die stede ontwikkel terwyl daar op die platteland hoofsaaklik welsynkomitees ontstaan het.

Die Volkskongres te Kimberley vanaf 2 - 5 Oktober 1934, was 'n direkte gevolg van die Carnegie-Kommissie se genoemde ondersoek. Onmiddellik na hierdie Volkskongres, het die Ned. Geref. Kerk 'n kerklike armesorgkonferensie op 6 en 7 Oktober, ook te Kimberley, gehou. Die hoofdoelstelling van hierdie konferensie was om die barmhartigheidsdienste van die Ned. Geref. Kerk beter te organiseer en om sodoende in die groot behoefte aan doeltreffende en goed-georganiseerde welsyndienste in Suid-Afrika te help voorsien.

2. Ontstaan en uitbouing van CM Rade

Die eerste georganiseerde Christelike Maatskaplike Raad is in 1935 in Pretoria byeengeroep, en daarna het die Ned. Geref. Kerk in SA voortgegaan om soortgelyke Rade te stig ten einde sy barmhartigheidswerk te verrig. In 1937 is die CMR aan die Witwatersrand begin en teen 1947 het die onderskeie Rade in Transvaal, Kaapland en Vrystaat gesamentlik reeds vyftig maatskaplike werkers in hul diens gehad. Van toe af het hierdie organisasies wat die welsyndienste van die Ned. Geref. Kerk moes verrig, geweldig uitgebrei.

Die Kerkwet van die NG Kerk in Kaapland van 1949 maak voorsiening vir die bestaan van die CM Rade. Hierdie rade word

deur die Algemene Armesorgkommissies (AAK) van elke Sinode in die lewe geroep. Daar moet twee verteenwoordigers wees van elke ring wat in daardie bepaalde werksgebied bestaan asook ander lede soos wat die AAK mag benoem. Teen 1952 was daar ook CM Rade in Kaapstad, Port Elizabeth, Kimberley, Uitenhage, Oudtshoorn, George, Oos-Londen en meer as een in die Kaapse Skiereiland.

Toe die Ned. Geref. Kerk in SWA sy barmhartigheidsdienste begin organiseer het, het die Armesorgsekretaris aan verskeie kerkkantore besoek gebring om uit hul ondervinding op hierdie gebied van dienslewering te leer en hul advies te vra. Besonderhede hieroor word in **Hoofstuk III** uiteengesit.

D. OMSTANDIGHEDE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SWA VÓÓR 1957

Verskeie faktore het 'n rol gespeel in verband met die totstandkoming van 'n eie Sinode vir SWA. Hierdie faktore en die latere funksionering daarvan, het tot die organisasie en uitbreiding van kerklike welsyndienste gelei.

In 1953 het die Ned. Geref. Kerk in Kaapland uit 35 Ringe bestaan. Een van hierdie Ringe was die Ring van Windhoek, wat uit 22 gemeentes in SWA saamgestel is. Elke Ring, en dus ook die Ring van Windhoek, kon sy eie armesorgkommissie benoem. Die taak van hierdie ringsarmesorgkommissie was om as skakel te dien tussen die Algemene Armesorgkommissie (voortaan AAK genoem) van die Sinode en die onderskeie gemeentes in die betrokke ring op die gebied van maatskaplike sorg van die kerk. Aangesien die FAR uit vier Sinodale AAK's in die vier provinsies saamgestel is, kan daar afgelei word dat die Ned. Geref. Kerk in SWA slegs deur middel van die Kaaplandse AAK seggenskap kon hê.

Die gemeentes in SWA het wel finansiëel tot die AAK bygedra en elkeen is deur die Sekretaris vir Armesorg besoek. Die groot afstande na en lang waglyste by inrigtings in die Kaapprovinsie het telkens die vraag na plaaslike georganiseerde barmhartigheidsdienste na vore gebring, sodat daar in SWA in hierdie behoeftes voorsien kon word. So is daar bv. versoek dat ondersoek ingestel word na tehuise vir laagbesoldigde meisies en sorgbehoewende kinders in Windhoek. Daar is in kerklike kringe en by die Administrasie van SWA 'n sterk behoefte aan georganiseerde maatskaplike sorg-dienste gevoel. Alhoewel maatskaplike werk-poste vir die SWA Administrasie reeds in 1953 goedgekeur is, is die eerste kerklike maatskaplike werker eers in November 1954 aangestel. Dit het na aanleiding van onderhoude tussen di. PJ Fourie van Tsumeb, SH van der Spuy van Outjo en die Administrasie van SWA oor die subsidiëring van kerklike maatskaplike werk-poste geskied. Die eerste persoon wat in so 'n pos aangestel is, was mej CM Truter, in diens van die Kerkraad van Tsumeb.

Aangesien die Ned. Geref. Kerk in SWA nie geregtig was op 'n eie AAK nie, is 'n Tydelike Armesorgkommissie saamgestel. Hierdie kommissie het later 'n verslag aan die Sinode van 1957 in Windhoek voorgelê wat direk betrekking op die maatskaplike werk-dienste van die kerk gehad het. Dit het ook tot die ontstaan van die CMR gelei. Hierdie Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA wat in 1957 plaasgevind het, was die begin van 'n nuwe era vir die Ned. Geref. Kerk in SWA. Dit was egter ook die gevolg van jarelange samesprekings en onderhandelinge tussen kerkleiers in SWA en Kaapland wat volledig deur Nieuwoudt in sy publikasie uiteengesit is. (10) Dit behels die idee van 'n streek-sinode of verkleinde sinode in die veertigerjare om die Kaapse Sinode prakties meer hanteerbaar te maak, tot die besluite van verskeie kerkrade en ringe in SWA wat in die vroeëre vyftigerjare direk om 'n eie sinode vir SWA gevra het. Nadat hierdie versoeke voor die Sinode van 1953 gedien het en later verwys is na ander betrokke kommissies van die Sinode wat moes aanbevelings maak, het die Algemene Sinodale Kommissie in Oktober 1956 besluit dat 'n selfstandige Ned. Geref. Kerk in SWA gekonstitueer kon word. Hierdie geskiedkundige gebeurtenis het op 5 Maart 1957 plaasgevind toe

afgevaardigdes van die 27 gemeentes van die Ned. Geref. Kerk in SWA in Windhoek byeenekom het.

Die voorafgaande is 'n kort uiteensetting van omstandighede op organisatoriese vlak van die Ned. Geref. Kerk in SWA voordat sy eerste Sinode-sitting plaasgevind het. Welsyndienste in SWA gedurende hierdie tydperk word vervolgens kortliks bespreek.

E. ANDER ORGANISASIES GEMOED MET WELSYNSWERK IN SWA VÓÓR 1957

Daar is nie veel bekend oor die eerste jare van welsyndienste in SWA nie, maar die belangrikste bekende feite word in 'n werkstuk van N van Zyl saamgevat, 'n persoon wat vir etlike jare in diens van die streekkantoor van Departement Volkswelsyn en Pensioene te Windhoek werksaam was.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die organisasies wat op die gebied van welsynswerk 'n bydrae gemaak het, kortliks gemeld, asook die belangrikste bydrae wat deur elkeen gemaak is.

1. Die Afrikaanse Christelike Vrouevereniging

Die ACVV in Windhoek het in September 1954 vir die eerste keer 'n maatskaplike werker aangestel nadat goedkeuring deur die Uitvoerende Komitee van SWA verkry is om 'n maatskaplike werker in diens te neem. Mej M Truter is vanaf 20 Januarie 1955 in hierdie betrekking aangestel. ACVV-takke het ook op ander dorpe ontstaan, nl. Keetmanshoop, Gobabis en Usakos, maar vakkundige dienste is nie in hierdie dorpe gelewer nie.

2. Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene

Vóór 1950 is daar weinig welsyndienste op georganiseerde grondslag in SWA gelewer, insluitende die Staat. Daar het nie 'n aparte departement vir hierdie doel bestaan nie en dienste is hoofsaaklik deur die Afdelings van Onderwys, Justisie en Finansies van die Administrasie van SWA gelewer. Dienste het met die goedkeuring en uitbetaling van toelaes te make gehad, asook met jeugoortreders en verwaarloosde kinders. Verskeie ordonnansies is geproklameer

wat o.a. ook op welsynsdienste betrekking gehad het, maar dit was eers in 1953 dat die Administrasie van SWA begin het om welsyndienste te verskaf.

Gedurende Maart 1957 het dr JA Grobler, Hoof van Vakkundige Dienste van die Hoofkantoor van Departement van Volkswelsyn in Pretoria, SWA besoek ten einde die welsynsdienste in SWA te ondersoek. Onder andere het hy aanbeveel dat 'n streekkantoor van die Departement van Volkswelsyn in Windhoek gestig word, met minstens twee opgeleide vakkundiges plus die nodige administratiewe personeel. Op 10 September 1957 het die Uitvoerende Komitee van SWA besluit om met die Departement van Volkswelsyn en Pensioene te onderhandel i.v.m. die personeel soos aanbeveel deur Grobler, en op 1 Junie 1958, is JD Krige as die eerste senior vakkundige beampte van die afdeling Volkswelsyn en Pensioene van die SWA Administrasie aangestel. Op 1 April 1969 het hierdie Afdeling 'n volwaardige streekkantoor van die Departement Volkswelsyn en Pensioene geword. Vir SWA het dit 'n nuwe era ingelui wat welsynsdienste betref, want voortaan is hierdie dienste geherorganiseer. Hierdie ontwikkeling was vir alle betrokkenes 'n tydperk van aanpassing, uitbreiding en samewerking. In die lewe van die nuutgestigte CMR het hierdie nuwe kantoor van die Departement ook 'n belangrike rol gespeel.

3. Ander

Verskeie individue en organisasies, meesal kerklik van aard, het wel vóór 1953 op eie maniere gepoog om welsyndienste te lewer. Reeds in 1920 het die distriksgeneesheer in Grootfontein, dr RC McLachlan, vertoë tot die Hoof Mediese beampte in Windhoek gerig i.v.m. kindervoeding en -versorging, wat bepaald 'n rol gespeel het tot wetgewing wat in hierdie verband in 1927 aanvaar is. Die Duitse Vrouevereniging het in 1931 gedurende die depressiejare met dienste aan werkloses begin. Dit was uit hierdie versorging en huisvesting van werkloses dat die Duitse Ouetehuis, Susanne Grau Heim, ontstaan het. So ook het die Werth-tehuis in dieselfde jaar as gevolg van die Windhoekse Dames Liefdadigheidsvereniging (Ladies Benevolent Society) begin funksioneer, wat reeds sedert 1935 deur die Administrasie van SWA vir hul werk gesubsidieer is.

Die Kerklike Vroue Vereniging van Usakos het ook vóór 1953 bestaan en hierdie diens was hoofsaaklik toegespits op liefdadigheid, kinderwelsyn en opheffingswerk. Die bestuur van hierdie Vereniging was veral bekommerd oor verwaarloosde en behoeftige kinders en was grootliks vir die daarstelling van 'n kindersorg SWA verantwoordelik. Laasgenoemde is eers deur die Administrasie van SWA onderhou en later deur die Ned. Geref. Kerk in SWA oorgeneem.

Die Vereniging vir Gestremdes, destyds bekend as die Kreupelsorgvereniging, het in 1950 met dienslewering van 'n gespesialiseerde aard op die terrein van kreupelsorg begin, en was vanuit die staanspoor onder alle bevolkingsgroepe werksaam.

Die onderskeie organisasies waarna in die voorafgaande paragrawe verwys is, het elk 'n bydrae tot die ontwikkeling en organisering van welsynsdienste gelewer, soos uiteengesit in hieropvolgende hoofstuk IV.

F. BEWEEGREDES VIR DIE STIGTING VAN 'n EIE CMR VIR SWA

Benewens die welsynswerk wat deur die ACVV en die Staat in SWA gedoen is, het daar, soos reeds aangetoon, gedurende die laat veertiger- en vroeë vyftigerjare 'n sterk gevoel na kerkgeoriënteerde welsynsdienste in SWA ontstaan. Die aanstelling van 'n maatskaplike werker te Tsumeb is deur die Ned. Geref. gemeente gedoen, maar georganiseerde welsynsdienste van die kerk in SWA is eers ná die Sinode van 1957 geïnisieer, waartydens die verslag van die Tydelike AAK behandel is. Verskeie aanbevelings wat in hierdie verslag aan die hand gedoen is, het direk betrekking gehad op die ontstaan van die CMR. Die eerste drie aanbevelings is summier deur die Sinode aanvaar, nl. :

- (i) die verkiesing van 'n AAK wat die Tydelike Armesorgkommissie vervang het. Hierdie AAK het volmag gehad om in armesorg-aangeleenthede op te tree;
- (ii) die aanstelling van 'n Algemene Armesorgsekretaris in die persoon van ds PJ Fourie;

- (iii) opdrag aan die gekose AAK om die nodige Armesorgkantoor te huur. Hierdeur is die eerste praktiese stappe geneem om die barmhartigheidsdiens op 'n georganiseerde wyse in SWA daar te stel.

Ander aanbevelings wat deur die Sinode aanvaar is en daardeur aan die AAK sy eerste opdragte gegee het, was :

- (i) ondersoek na die wenslikheid van intensiewe gesinsorg- en kindersorgdienste in die groter sentra, nl. Windhoek, Tsumeb en Keetmanshoop; en
- (ii) die aanstelling van kerklike werkers onder kerkrade en/of Christelike Maatskaplike Rade.

Dit is ook van belang om hier te meld dat die Sinode besluit het om aandag aan die dringendheid van die oprigting van twee kerk-beheerde inrigtings, nl. een vir sorgbehoewende kinders en een vir bejaardes, te gee. Hieruit moet afgelei word dat daar op dié stadium reeds 'n behoefte aan hierdie vorm van inrigtingsorg was. Nieuwoudt noem die probleem wat in hierdie verband bestaan het, nl. die lang afstande na en lange waglyste by soortgelyke inrigtings in Suid-Afrika. (11) Om oor soortgelyke eie inrigtings in SWA te beskik, sou in 'n groot behoefte voorsien.

Verdere opdragte wat aan die AAK gegee is, was ondersoek na die wenslikheid van 'n kerklike sustersvereniging en die Sinode met advies hieromtrent te bedien. Die taak van sodanige sustersvereniging sou wees om maatskaplike- en armesorgwerk te doen en hierdeur sou lidmate van die kerk betrek word. Aan die diakonie is dit opgedra om te sorg dat hul doeltreffend funksioneer op die gebied van barmhartigheidsdienste.

'n Beroep sou op jong dames in die gemeentes gedoen word om hulle as maatskaplike werkers te bekwaam en die Sinode het verder besluit om verteenwoordiging op die Raad van die Hugenote Kollege te Wellington te verkry, asook om dié opleidingsinrigting van die kerk finansiëel te ondersteun.

Alhoewel dit slegs 'n beginpunt was van die kerk se poging om maatskaplike versorgingsdienste op 'n georganiseerde basis te plaas,

is baanbrekerswerk tydens hierdie heel eerste Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA gedoen. Hierdeur sou daar aanleiding gegee word tot die daarstelling van 'n georganiseerde en uitgebreide barmhartigheidsdiens in SWA.

In **Hoofstuk III** word die totstandkoming van die CMR in SWA uitvoerig bespreek.

VERWYSINGS

- (1) Nuwe Afrikaanse Bybel, Jesaja 58:7, Ou Testament p. 777
- (2) Nuwe Afrikaanse Bybel, Matheus 25:35,36 pp 40, 41
- (3) Nuwe Afrikaanse Bybel, Romeine 15:1 p 213
- (4) Nuwe Afrikaanse Bybel, Galasiërs, 6:2 p 249
- (5) Nuwe Afrikaanse Bybel, Jakobus 1:27 p 303
- (6) Die Bybel, Handeling 6 : 1 p.163 (1933)
- (7) Die Kerkboek van die Ned. Geref. Kerk, pp 64 - 65
- (8) Die Armblanke-Vraagstuk in Suid-Afrika, Deel V pp 155 - 156
- (9) Notule van SKDB 1963 - 1967 p 380
- (10) Nieuwoudt, MM : Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SWA pp 291 - 299
- (11) Nieuwoudt, MM : Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in SWA pp 276 - 277

HOOFSTUK III

TOTSTANDKOMING VAN DIE CMR VIR SWA

A. ONDERSOEK i.v.m. KERKLIKE WELSYNSWERK IN SA

Nadat die Sinode die voorgestelde stigting van 'n CMR vir SWA goedgekeur het, is daar in alle erns begin met aanvoorwerk wat sou lei tot die stigting van sodanige Raad. Hierdie aanvoorwerk het hoofsaaklik gerus op die skouers van die nuutgekose Armesorgsekretaris, ds PJ Fourie. Hy moes inligting van soortgelyke instansies bekom sodat 'n prakties-uitvoerbare beleid ontwikkel kon word. Dit was ook sy taak om te onderhandel met instansies wat reeds vir gesinsorgdienste verantwoordelik was, sodat oorvleueling vermy kon word. Hierdie twee aspekte van voorbereiding vir die totstandkoming van die CMR word vervolgens uitvoerig bespreek.

Een van die eerste take wat deur ds Fourie onderneem is, was om die kantore van die Ned. Geref. Kerk in Kaapland, Transvaal en Natal te besoek ten einde meer kennis en inligting i.v.m. die organisasie van barmhartigheidsdienste van hierdie kantore te bekom. Hy het sy verslag op 17 Julie 1957 aan die AAK voorgelê. In hierdie verslag maak hy melding van verskeie faktore wat later 'n bepalende uitwerking op die ontwikkeling van die CMR tot gevolg sou hê. Hierdie faktore, o.a. samewerking tussen kantore en die noodsaaklikheid van 'n vrouevereniging, is by die drie kantore met die onderskeie sekretarisse bespreek.

Tydens sy besoek aan ds P du Toit, Armesorgsekretaris van die Ned. Geref. Kerk in Kaapstad, is daar veral klem gelê op die stigting van 'n kerklike sustersvereniging, verteenwoordiging op die Raad van die Hugenote Kollege, inskakeling by die FAR en samewerking tussen kerkkantore. Eerstens is aandag aan die totstandkoming van 'n kerklike sustersvereniging geskenk. Hierdie vereniging sou later 'n belangrike rol in die organisasie van vrywillige dienslewering speel. Ds Fourie se gedagtes in hierdie verband word in sy eie woorde weergegee:

"Op die gebied van welsynsdienste kan ds. du Toit seker beskou word as een van die baanbrekers, nie net van ons kerk nie, maar van ons vaderland. Met die grootste beslistheid en sonder die minste twyfel het hy hom sterk uitgelaat ten gunste van 'n eie kerklike sustersvereniging vir SWA. Met hierdie saak het die Kaapse kerk lank gewefel tot sy skade. Eers aan die begin van hierdie jaar het die Kaapland sy eie sustersvereniging gekry. Ons kon ook gedagtes wissel met die eerste Voorsitster van die Kaaplandse Sustersvereniging. Sy het haarself bereid verklaar om hulp en raad, waar nodig, aan SWA te gee. Sy stel in vooruitsig baie nou en hartlike samewerking." (1)

In sy verslag beklemtoon Fourie die noodsaaklikheid van die stigting van 'n georganiseerde vrouevereniging. Van besondere belang hier is die feit dat die kerk in SWA die geleentheid gebied word om eerstens uit hul susterkerk in Kaapland se ervaring te leer, nl. om nie die stigting van 'n vrouevereniging uit te stel nie, en tweedens om van genoemde vereniging se kennis gebruik te maak. Op hierdie wyse kon heelwat probleme en onnodige verdragings of struikelblokke uitgeskakel word.

Van ds P du Toit, na wie in 'n vorige paragraaf verwys is, kan gemeld word dat hy een van die baanbrekers op die gebied van georganiseerde maatskaplike sorg van die kerk was. Toe die eerste CMR in Kaapland op 26 April 1944 gekonstitueer is, is hy as voorsitter gekies. Hy het dus kennis en ervaring van die aanvangsjare van sodanige organisasie gehad en kon die nuwe AAK van SWA met goeie raad bedien.

In verband met die opleiding van maatskaplike werkers en die Hugenote Kollege in die besonder, skryf Fourie in sy verslag :

"Hy (ds Du Toit) is baie dankbaar dat ons die Hugenote Kollege behou het, en versoek dat ons tog hierdie so belangrike inrigting van ons kerk hartlik sal ondersteun. Hy beskou dit dan ook as noodsaaklik dat SWA dadelik aansoek doen om 'n verteenwoordiger op die H.K.-raad ... Hoewel ons eie moderatuur nog nie besluit het oor die saak nie, meen ek tog dat die AAK nog op hierdie eerste vergadering iemand voorlopig moet benoem." (2)

Du Toit het ook sterk aanbeveel dat SWA by die FAR in Suid-Afrika moet inskakel ten einde saam met die vier provinsies in SA op hierdie raadgewende liggaam verteenwoordig te wees. Later, tydens sy besoek aan die Transvaalse kantoor, vind Fourie dat ds. HJ Piek, Sekretaris van die Algemene Armesorgraad van Transvaal, ook hierdie aanbeveling met beslistheid onderstreep :

"Julle moet inskakel by die FAR, ons wil sommer gou in Windhoek ons eerste sitting hou." (3)

Fourie se gevolgtrekking in hierdie verband was dat SWA se inskakeling by die FAR noodsaaklik is. Wat samewerking betref, het hy sy besoek aan die kerkkantoor in Kaapstad as volg opgesom :

"Die besoek aan die Kaapse kantoor het by my persoonlik weer die gevoel laat ervaar: ONS IS NOG ALTYD EEN, al moet ons om praktiese redes apart organiseer. SWA sal altyd weer kan teruggaan na die Kaapse Armesorgkantoor. Die goeie verhouding wat daar tans is, moet tot in lengte van dae bly." (4)

Die weg vir die totstandkoming van die CMR in SWA word dus gebaan op 'n pad van samewerking en goeie gesindheid.

Ten tye van sy besoek in Durban aan die Armesorgsekretaris van die Natalse kerk, ds. P Cronje, was Fourie beïndruk met die baanbrekerswerk wat in hierdie Provinsie gedoen is. Hy was van mening dat die Ned. Geref. Kerk in SWA baie by hierdie Raad kon leer en as deel van sy verslag lê hy die reglement van die Natalse Armesorgraad voor. Fourie was van mening dat 'n CMR vir SWA op die voetspoor hiervan georganiseer kon word. Die grondreëls van die Armesorgraad van Durban het gevolglik as riglyn in die vorming van 'n grondwet vir die CMR in SWA gedien. (Sien Bylaag 1)

Fourie het tydens sy besoek aan Natal ook gevind dat dit 'n administratiewe reëling is dat die Administrasie van Natal die salarisse van maatskaplike werkers tot 'n maksimum van £489 per jaar gesubsideer het. Cronje se salaris is ook op hierdie wyse gesub-

sideer. Ten einde fondse op te bou, het Cronje by Fourie aanbeveel dat die Afrikaanse koerante in Windhoek versoek word om 'n fonds te stig waardeur die kindersorgwerk van die kerk baie sou kon baat.

Ds Fourie se besoeke aan ander kerkkantore het dus op verskeie gebiede meer helderheid aan die AAK gegee wat die vorming van 'n CMR betref. Die AAK kon met beslistheid en sekerheid voortgaan met die opdrag van die Sinode om die CMR vir SWA te organiseer.

B. OORNAME VAN WELSYNDIENSTE VAN DIE AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING

Een van die belangrikste aspekte wat tydens die totstandkoming van die CMR in SWA bespreek moes word, was die verhouding tussen die kerk en private welsynorganisasies, hoofsaaklik omrede die kerk oorvleueling van dienste wou uitskakel. In die geval van SWA was dit die ACVV wat gesinsorgdienste gelewer het en onderhandelinge moes derhalwe met hierdie liggaam aangegaan word.

Met die goedkeuring van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in Kaapland in 1953 is 'n ooreenkoms met die ACVV aangegaan (**sien Bylaag II**). Hierin is wedersydse samewerking en ondersteuning onderneem. In hul bespreking van die toekomsbeleid van die ACVV, meld Lambrechts en Theron dat die verhouding tussen die ACVV en die Ned. Geref. Kerk voortdurend aandag sal moet kry.**(6)** Ten spyte van die ooreenkoms van 1953 was praktiese probleme egter deurgaans ondervind. SWA was geen uitsondering nie. In die verslag van die Armesorgsekretaris aan die AAK vir die tydperk 1 Julie 1957 tot 30 Junie 1958, stel Fourie hierdie aangeleentheid soos volg :

"Onderhandeling met die twee destydse bestaande ACVV-takke was baie vrugbaar. Ons het ooreengekom dat die ACVV-takke Maatskaplike Werk en Inrigtingsorg oordra aan die CMR.

Ons wou ten alle koste probeer verhoed dat daar oorvleueling en later die moontlikheid van botsing sou wees. Hierdie onderhandelinge te Windhoek en Keetmanshoop was besonder suksesvol.

Sedertdien het die ACVV-tak te Windhoek ontbind en hierdie dames tree nou op as hulpvereniging vir die CMR." **(7)**

Bronne in die Staatsargief te Kaapstad dui aan dat die laaste bestuursvergadering van die ACVV-tak in Windhoek op 13 Junie 1957 plaagevind het. Geen bron kon opgespoor word wat inligting oor ACVV-aangeleenthede in Windhoek ná hierdie datum verstrek het nie. Daar is ook geen sprake van 'n oorname van die ACVV deur die CMR in die voorafgaande notule nie. Dit kan dus aanvaar word dat die dienste ná 13 Junie 1957 deur die CMR oorgeneem is en dat so 'n stap óf sonder veel teenkanting van ACVV geskied het óf dat daar nie daarvan rekord gehou is nie.

Op Keetmanshoop het alles egter nie so vlot verloop nie. Volgens die notule van die algemene vergadering van die ACVV wat op 27 Julie 1957 gehou is, was 17 lede teenwoordig. Hulle is deur Fourie toegesprek oor die samewerking tussen die ACVV en die nuutgestigte CMR, en die hele aangeleentheid is aan die teenwoordige lede verduidelik. Volgens hierdie notule het die vergadering as volg verloop :

"Baie besware word nou geopper en vrae gevra waarop Ds. Fourie antwoord, en later word Ds. Fourie gevra om die Vergadering te verlaat sodat lede eers kan besluit op so 'n gewigtige stap. Die voordele en nadele word bespreek en Vergadering stem later ooreen dat, indien hulle so mag besluit ons wel op eerskomende drie vergaderings in die toekoms sal ontbind en tot die stap van afstigting sal oorgaan, om met die CMR saam te werk." (8)

Toe Fourie later weer by die vergadering aansluit, is twee voorstelle aan hom voorgelê. Die eerste is as volg genotuleer :

"Op voorstel van Mevr. v.d. Colf gesekondeer deur Mevr. Bekker, besluit die vergadering sonder teëstem dat hierdie Vergadering keur die vorming vir die CM Raad vir Maatskaplike dienste en inrigtingsorg in SWA goed, en onderneem om deur middel van hul verteenwoordigers saam te werk in hierdie Raad." (9)

Die tweede voorstel het gegaan oor die oordrag van finansies en spaarrekeninge en bedrae is gespesifiseer.

Op 1 Augustus 1957 is nog 'n algemene vergadering van die ACVV op Keetmanshoop gehou en 14 lede was teenwoordig. Die volgende voorstel word eenparig aangeneem :

"Mevr. Visser lees nou aan Vergadering die onderstaande voorstel voor. Dat die teenwoordige ACVV tak te Keetmanshoop eenstemmig aanneem dat hulle in die toekoms die CMR sal heet - dat dit vir die belang van maatskaplike dienste en Inrigtingsorg vir ons tot voordeel sal strek, om saam met die CMR te werk, en dat ons as ACVV tak te Keetmanshoop ontbind." (10)

'n Spesiale algemene vergadering van die ACVV Keetmanshoop is op 26 Augustus 1957 gehou en is deur mev Steenkamp van Gobabis toegesprek. Sy is deur die Hoofkantoor van die ACVV gestuur om te verneem hoe sake staan met betrekking tot die besluit van die tak om te ontbind. Uit die besprekings wat plaasgevind het, is dit duidelik dat besware teen die tak se ontbinding nie van die lede afkomstig was nie maar wel van die Hoofbestuur, waar daar reeds probleme op hierdie gebied ondervind is. Na hierdie vergadering is daar besluit om voorlopig nie voort te gaan met ontbinding nie. Na 'n tydperk van meer as 'n jaar, is daar egter op drie agtereenvolgende vergaderings nl. op 16 Oktober 1958, 11 November 1958 en 9 April 1959 deur die lede besluit om te ontbind. Die laaste notule van 'n algemene vergadering van die ACVV op Keetmanshoop is dan ook dié van die vergadering van 9 April 1959. Hierna kan daar van die samestelling van die CM Komitee op die dorp afgelei word dat die lede van die ACVV wel die CMR ten nouste ondersteun het. Ten spyte van probleme wat ondervind is, is daar derhalwe voortgegaan met die daarstelling van die CMR en kon hierdie nuwe dienste verder ontwikkel.

C. DIE STIGTING VAN DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD VIR SWA

In die verslag van die Armesorgsekretaris aan die AAK vir die tydperk 1 Julie 1957 tot 30 Junie 1958 word verslag gegee van die vorming van die CMR, die onderhandelinge wat daarmee gepaard gegaan het en die aanvoerwerk vir die stigting van 'n kerklike vrouevereniging.

Die Kommissie vir Spoedeisende Sake van die Sinode van SWA het die vorming van 'n voorlopige CM Raad en 'n voorlopige grondwet goedgekeur, en goedkeuring hieraan is ook verleen deur die Sinodale

Kommissie. Hierbenewens is plaaslike komitees op die dorpe Keetmanshoop, Usakos en Tsumeb begin en 'n soortgelyke komitee is op Walvisbaai in die vooruitsig gestel.

Die voorlopige grondwet van die Christelike Maatskaplike Raad vir SWA (genoem CMR vir SWA) is deur die AAK goedgekeur en die opstel van 'n breedvoerige konsepkonstitusie vir die CMR vir voorlegging aan die volgende Sinode is aan die voorsitter van die AAK en die nuwe Armesorgsekretaris, onderskeidelik AS Benecke en JT Potgieter, opgedra. Alhoewel dit nog nie deur die Sinode goedgekeur was nie, sou die volgende grondwet voorlopig as grondslag dien:

"NAAM EN TAAL

- (1) Die naam is: Christelike Maatskaplike Raad vir Suidwes-Afrika.
- (2) Afrikaans sal die offisiële taal wees.

DOEL EN WERK

- (1) Die doel van die Raad is: Om Christelike Maatskaplike Dienste in die Gebied te bevorder.
- (2) Die werk van die raad is om in samewerking met die Staat en positief Christelike verenigings vir Barmhartigheidsdienste, onder meer die volgende te doen :
 - (a) Waar nodig, Christelike Maatskaplike werkers aan te stel.
 - (b) Waar noodsaaklik, inrigtings op te rig.
 - (c) Vaste en losse eiendom te verkry en fondse te versamel vir die doel van die Raad.
 - (d) Alle moontlike barmhartigheidsdienste in samewerking met die kerk te vervul en nooit strydig met die Woord van God soos dit interpreteer word deur die Ned. Geref. Kerk in SWA nie.

SETEL EN KANTOOR

Die setel van die Raad is Windhoek en die kantoor staan onder beheer van die AAK van die Ned. Geref. Kerk in SWA.

PLAASLIKE KOMITEES

Die genoemde CMR tree op as plaaslike komitee vir Windhoek en word as volg saamgestel :

- (a) Twee lede deur die AAK benoem.
- (b) Twee lede deur 'n kerkerkende Vrouevereniging vir barmhartigheidsdiens gekies.
- (c) Een lid deur die Administrateur benoem.

Die Armesorgsekretaris tree ampshalwe op as Voorsitter van die Raad.

Alle eiendomme word op naam van die Raad geregistreer en fondse deur hom beheer. Plaaslike komitees kan gevorm word in elke dorp in SWA waar dit nodig blyk. Hierdie plaaslike komitees sal as volg saamgestel word :

- (1) Twee Verteenwoordigers deur die plaaslike gemeente of gemeentes van die Ned. Geref. Kerk benoem.
- (2) Twee verteenwoordigers deur die kerkerkende Vroueverenigings vir barmhartigheidsdiens benoem.

Plaaslike komitees tree in plaaslike sake outonoom op sonder dat die CMR in Windhoek met hul aangeleenthede inmeng behalwe adviserend. Die CMR in Windhoek dien as skakel met die Administrasie en hou alle eiendomme en fondse vir die plaaslike komitees in trust.

Die CMR in Windhoek lê jaarliks 'n finansiële verslag aan die verskillende komitees en die AAK voor. Plaaslike komitees lewer jaarliks verslag aan die plaaslike kerkraad en aan die betrokke Vrouevereniging vir barmhartigheidsdiens." (11)

Volgens beskikbare bronne is die eerste vergadering van die CMR op 24 Maart 1959 gehou, alhoewel daar ook melding gemaak word van 'n vergadering wat reeds op 8 Oktober 1958 plaasgevind het. Die eerste verslag oor die CMR geld vir die tydperk 1 Julie 1958 tot 30 Junie 1959. Alhoewel geen presiese datum vir die ontstaan van die CMR gegee word nie, word daar vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar dat 1 Julie 1957 as stigtingsdatum beskou kan word. (12) In 'n brief van die CMR aan die Direkteur van Onderwys in SWA, word daar gemeld dat die CMR reeds "... sedert 1 Oktober 1957 besig is met Maatskaplike werk." (13)

Met die eerste vergadering van die CMR vir SWA op 24 Maart 1959, het die samestelling van die Raad as volg daar uitgesien :

Ds PJ Fourie	Armesorgsekretaris
Ds PL Scholtz	Voorsitter, AAK
Mevv MA Scholtz en WB Tolmie	Hoofbestuur, Ned. Geref. Vrouevereniging
Mnr HD Wessels	Namens Administrasie, SWA
Ds AGS Gous Mnre W Spangenberg en W Anthony	Verteenwoordigers, Kerkrade
Mevv M Mollentze en MC Venter	Verteenwoordigers, NGVV

Tydens hierdie vergadering het dit duidelik na vore gekom dat daar enkele konstitusionele probleme bestaan. Die Raad het egter tot die gevolgtrekking gekom dat dié tekortkominge nie deur homself verander sou kon word nie. Die vraag het ook ontstaan of 'n aparte CMK in Windhoek gevorm moes word. Daar is besluit dat -

- (i) die AAK by sy volgende vergadering die grondwet sou verander sodat dit dan deur die Sinodale Kommissie bekragtig kon word; en
- (ii) die CMR plaaslik sou funksioneer totdat die grondwet verander kon word en daarvolgens opgetree kon word.

Dit was duidelik dat die CMR-werksaamhede soos in 1957 ge-organiseer, nie sonder probleme uitgevoer kon word nie. Soos met alle nuutgestigte organisasies het die CMR ook sy groeipyne gehad. In die praktyk is verskeie probleme ondervind, o.a. in verband met die aanmelding van gevalle en die hulpbronne waarvan die maatskaplike werker gebruik moes maak. Die Raad het besluit dat die beleid en ideaal sou wees dat gevalle deur verteenwoordigers op die Raad gerapporteer moes word. Van die maatskaplike werker is verwag om volgens goeie oordeel van spesifieke hulpbronne gebruik te maak. Die praktiese uitvoerbaarheid van hierdie besluit was bevraagteken. Vanuit die staanspoor kon probleme hiermee ontwikkel omdat dit enersyds heelwat oorfleueling sou veroorsaak indien alle gevalle slegs deur Raadslede aangemeld kon word. Andersyds is daar besef dat daar altyd kliënte sal wees wat hulp benodig maar wat nie

onder die Raadslede se aandag sou kom nie. Die ideaal was dat enige hulpbehoewendes deur die diakens opgespoor, geïdentifiseer en verwys moes word.

Die CM Raad het tydens hierdie eerste vergadering ook ander besluite geneem wat aan die vorming en ontwikkeling van maatskaplike werk-dienstelewing en -beleid rigting sou gee, nl. dat kwartaalverslae deur maatskaplike werkers ingedien moes word. Wat betref die terugrapportering van gevalle, is daar besluit dat maatskaplike werkers self oor die noodsaaklikheid daarvan moes oordeel. Die CM Raad erken dus sy vakkundigheid in dié opsig en neem ook die besluit dat die strengste geheimhouding altyd deur die maatskaplike sorgkomitee van die plaaslike CMK's gehandhaaf moes word, en dat die name van kliënte waar moontlik nie genoem mag word nie. Die notule van die CMR-vergadering stel dit as volg:

"professionele etiket moet gehandhaaf word ook in verband met die behandeling van gevalle." (14)

'n Verdere belangrike ontwikkeling was die besluit dat die maatskaplike werker in Windhoek as skakel tussen die ander maatskaplike werkers in SWA sou dien. Daar is dus reeds aan die beginstadium beseft dat 'n beheerpos nodig is en dat dit noodsaaklik was om werksaamhede te koördineer. Die lang afstande tussen CMR-kantore het tot gevolg gehad dat die maatskaplike werkers baie geïsoleerd was, en skakeling met 'n senior- of beheerbeampte in Windhoek sou tot die onderskraging van hierdie werkers bydra en sodoende kon dienste van 'n hoër gehalte gelewer word. Aangesien maatskaplike werk as vakgebied nog in SWA in die ontwikkelingstadium was, is dit interessant om daarop te let hoe hierdie beginsels en behoeftes gedurende die beginjare van hierdie organisasie in die praktiese uitvoering van die beleid na vore gekom het.

Behalwe die besluit wat ten opsigte van beleid geneem is, het aannemings ook ter sprake gekom en het die Raad besluit om by die Administrasie van SWA aan te beveel dat geen aanneming sonder 'n aanbeveling van 'n erkende welsynorganisasie gedoen mag word nie. Aangesien die Kindersorgordonnansie eers in 1961 in SWA van krag

geword het, was hierdie besluit van groot belang omdat daar erken is dat hierdie belangrike saak deur 'n vakkundige hanteer moes word.

Intussen het die behoefte aan maatskaplike werkers in die dorpe dringend geword. Die CM Komitee van Tsumeb het verlof gevra om 'n maatskaplike werker aan te stel in die plek van mej Truter wat bedank het. Die Ned. Geref.-gemeente op Usakos het gevra dat 'n plaaslike komitee so gou as moontlik saamgestel word en dat 'n maatskaplike werker aangestel word. Dit wil dus voorkom dat hoe verder die werk uitgebrei het, des te groter het die besef van die werklike behoefte aan maatskaplike werk-dienste in die verskeie dorpe geword.

Die CMR is deur die Administrasie van SWA meegedeel dat subsidies op maatskaplike werkers se salarisse uitbetaal sou word en daar is besluit om by dié liggaam op hoër salarisse aan te dring. Aangesien daar 'n gebrek aan fondse was, het die CMR besluit om die verskillende takke van die NGVV te versoek om straatkollekte te organiseer ten einde die fondse te staaf.

Toe die eerste jaarverslag van die CMR vir SWA vir die tydperk 1 Julie 1958 tot 30 Junie 1959 ingedien is, was dit duidelik tot watter mate die werksaamhede van die CMR geslaagd was, al dan nie. Gedurende hierdie tydperk was daar drie maatskaplike werkers in diens van die CMR, nl. te Windhoek, Tsumeb en Usakos. By elkeen het die aantal gevalle vermeerder wat hulp ontvang het. Daar is gevind dat gevalle hoofsaaklik lidmate van die Ned. Geref. Kerk was en dat probleme wat die gesinslewe geraak het van ernstige aard was, veral t.o.v. buite-egtelike verhoudings, egskeidings, drankmisbruik en die verwaarlosing van kinders. Op materiële gebied is tydelike finansiële hulp gegee; toelaes en rantsoene wat die SWA Administrasie beskikbaar gestel het, is deur CMR-werkers geadministreer en reiskoste en tweedehandse klere is verskaf. In gevalle van kinderverwaarlosing is koshuisplasing van kinders gedoen, maar die eintlike verwydering van kinders is deur proefbeampes van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene hanteer.

Gedurende hierdie tydperk het die NGVV vir homself sekere doelstellings aanvaar wat ten nouste saamhang met die werk van die CMR, nl. :

"..... 4a Te ywer vir die maatskaplike welsyn van die plaaslike gemeente en die Kerk in die algemeen deur gesinsorg, kindersorg, huweliksvoorligting en inrigtingsorg.

(b) Daadwerklik belang te stel in die werwing, opleiding en indiensneming van kerklik maatskaplike werkers.

(c) Daadwerklik te ywer in die dienste van barmhartigheid wat nie onder (a) en (b) voorkom nie." (15)

Die lede van die vrouevereniging het nie slegs op die plaaslike CM-Komitees gedien nie maar het ook bygedra tot die salarisse van die maatskaplike werkers. Hierdie aspekte van vrywillige dienslewering word in meer besonderheid in Hoofstuk VII uiteengesit.

Die ontstaan van die CMR het dus met die gewone groeipyne en probleme gepaard gegaan, maar het ook die ondersteunende samewerking van die kerklike vroueverenigings, gemeentes en die Administrasie van SWA gehad. Na die eerste jaar reeds kon die werk en vraag na verdere uitbreidings getuig van die noodsaaklikheid van sodanige diens in SWA. Dat probleme in die ontwikkelingsproses ondervind sou word, was onvermydelik. Die belangrikste hiervan word in **Hoofstuk IV** bespreek.

VERWYSINGS

- (1) Notule van SKDB 1957 - 1962 p.7
- (2) Notule van SKDB 1957 - 1962 p.8
- (3) Notule van SKDB 1957 - 1962 p.8
- (4) Notule van SKDB 1957 - 1962 p.8
- (5) Notule van SKDB 1957 - 1962 pp. 8 - 12
- (6) Lambrechts en Theron, Vrouevolksdiens pp. 152 - 153
- (7) Notule van SKDB 1957 - 1962 p. 21
- (8) ACVV Argiefstukke, A1953 Add. 1/5/2/1/1
- (9) ACVV Argiefstukke, A1953 Add. 1/5/2/1/1
- (10) ACVV Argiefstukke, A1953 Add. 1/5/2/1/1
- (11) Notule van SKDB 1957 - 1962 pp. 21 - 24
- (12) Notule van die SKDB 1957 - 1962 p. 35 en p.41
- (13) N van Zyl: Die Ontstaan en Ontwikkeling van Welsyndienste in
SWA 1960 - 1975 Dokumente p. 25
- (14) Notule van SKDB 1957 - 1962 p. 38
- (15) Notule van SKDB 1957 - 1962 p. 49

DEEL BKONSOLIDASIE VAN DIENSLEWERINGHOOFSTUK IVGROEI- EN ONTWIKKELINGSPROBLEME

Vanaf die ontstaan van die CMR in Suidwes-Afrika het die Ned. Geref. Kerk hierdie Raad aanvaar as 'n liggaam wat barmhartigheidsdienste lewer. Hierdie dienste word, soos in **Deel A** aangetoon, deur middel van samewerking tussen die kerk en die staat nl. die Administrasie van SWA, gelewer. Alhoewel die spesifieke bydrae van hierdie twee instansies verskil het, was hulle nogtans van mekaar afhanklik en kon hulle nie afsonderlik funksioneer nie. Omdat die CMR 'n dinamiese en ontwikkelende organisasie was, moes daar herhaaldelik aan probleme en beleid gewerk word om sodoende 'n aanvaarbare en doeltreffende oplossing hiervoor te vind. Dit was gedurende die eerste jaar van groei dat hierdie noue, noodsaaklike, dog gevoelige verhouding dikwels onder die soeklig gekom het. 'n Ander aspek wat aandag geveer het, was die daarstelling van 'n doeltreffende grondwet. Hierdie aspekte word vervolgens ontleed.

A. SAMEWERKING TUSSEN KERK EN STAAT

In die konsep-grondreëls wat vir die CMR in SWA opgestel is, het die kerk sy siening van die pligte van kerk en staat en die samewerking tussen hierdie twee komponente as volg weergegee :

"Die kerk het 'n taak t.o.v. sy hulpbehoewende lidmate wat hy deur die amp van die diakonie uitvoer.

Tog het die Kerk ook 'n wyer taak teenoor nie-lidmate volgens Luk. 10.v.25 en volgende verse. **Lukas 10:25-27 : Die Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan.** Teenoor nie-lidmate vervul die Kerk sy taak in samewerking met die Staat, wat net soos die Kerk, 'n verantwoordelikheid teenoor sy hulpbehoewende onderdane het.

Ons wil onderskei tussen Kerklike- en Christelike maatskaplike werk. Laasgenoemde is die werk o.m. ook van ons Kerk op die algemene Christelike terrein. Eersgenoemde is die werk alleen onder lidmate van die Kerk. Daarom word die Raad nie genoem 'n Kerklike Maatskaplike Raad nie, maar 'n Christelike Maatskaplike Raad. Dit is 'n liggaam waar Kerk en Staat saamwerk om 'n eenheidsfront te bied teen maatskaplike misstande.

Die Christelike Maatskaplike Raad in Suidwes-Afrika, hierna genoem die CMR in SWA, is 'n stigting van die Ned. Geref. Kerk in Suidwes-Afrika om in samewerking met die Staat, barmhartigheidsdienste aan alle seksies van die bevolking te lewer - hoofsaaklik professionele dienste. Om die CMR in SWA tot hierdie taak in staat te stel, maak die Kerk 'n bydrae en gee die Staat subsidies. Uit die gesamentlike fondse wat kom van Kerk en Staat en ander bronne, lewer die CMR in SWA barmhartigheidsdienste in die land.

... CMR dien as offisiële skakel tussen die Administrasie van SWA en die Kerk en Kerklike instansies, oor sake van maatskaplike belang." (1)

Uit hierdie aanhaling is dit duidelik dat die Ned. Geref. Kerk homself as 'n vennoot van die Administrasie van SWA beskou het t.o.v. barmhartigheidsdienste maar wel die vennoot wat die grootste bydrae lewer. Die kerk lewer d.m.v. die maatskaplike werkers van die CMR professionele dienste en verskaf fondse vir hierdie doel, terwyl die staat se bydrae hoofsaaklik die daarstelling van fondse in die vorm van subsidies op salarisse is. Verder beskou die kerk die CMR as die hoofskakel tussen kerk en kerklike instansies aan die een kant, en die Administrasie van SWA aan die ander kant t.o.v. maatskaplike werk-dienste.

Die CMR het beheer uitgeoefen oor die CM Komitees op die verskeie dorpe, asook oor inrigtings en gesinsorgdienste. (Sien Diagram A op bl. 41).

In sy verslag aan die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA wat gedurende Maart 1961 plaasgevind het, het die Armesorgkommissie as volg oor die samewerking tussen kerk en staat gerapporteer :

"Maatskaplike Sorg

1. Die Behoeft

Sedert die vorige Sinode het die noodsaaklikheid van ons kerklike maatskaplike sorg toegeneem. Die gelukkige posisie van jare gelede t.o.v. geen behoefte aan intensiewe maatskaplike sorg in SWA gaan vinnig verby. Die behoefte aan intensiewe maatskaplike sorg van kerkweë het sterk toegeneem.

2. Die Christelike Maatskaplike Raad

Die AAK, in samewerking met die Staat, het 'n CMR in SWA gestig. Die stigting het plaasgevind gedurende die tweede helfte van 1957. 'n Konstitusie is opgetrek waarin voorsiening vir onderkomitees gemaak is. ... Die Staat gee 'n subsidie waar daar maatskaplike werkers geplaas is. Die CMR het die afgelope finansiële jaar £400 spandeer aan hierdie werk in die algemeen Die Staat het vir die jaar 1 Januarie 1960 - 31 Desember 1960 die som van £1 912 subsidie geskenk; die AAK vir die tydperk 1 Julie 1959 - 30 Junie 1960 £741-7-6 geskenk.

Prakties kom dit daarop neer dat die Staat en die AAK die totale koste - salaris en reiskoste - van die werkers voorsien en die plaaslike CM Komitees ander lopende kostes moet dek." (2)

Uit hierdie aanhaling is dit duidelik dat die bydrae van die Administrasie van SWA hoofsaaklik finansiële ondersteuning behels het. Dit sou ongetwyfeld in die beginjare heelwat moeiliker gegaan het indien die salarisse en reiskostes van die maatskaplike werkers nie gesubsidieër was nie, want dan sou die CMR en plaaslike CM Komitees vir nog groter finansiële verpligtinge moes instaan. Die Administrasie van SWA was die saak van die CMR altyd goedgesind.

Gedurende 1951 het 'The Council of Women of SWA' dringende versoeke tot die Administrasie van SWA gerig om 'n maatskaplike werker aan te stel. Gedurende hierdie tydperk het die Departement van Volkswelsyn en Pensioene nie in SWA bestaan nie en die reaksie van die SWA-Administrasie op hierdie versoeke was soos volg :

"Daar bestaan tans geen welsynorganisasie in Suidwes nie en indien een persoon aangestel word sal so 'n persoon van die Unie Dept. van Volkswelsyn verkry moet word ... Ek dink 'n baie beter plan sal wees om liefdadigheidsliggame te subsidieër sodat hulle hul eie werkers onder indirekte beheer van die Staat aanstel." (3)

Reeds in Junie 1954 het die Sekretaris van SWA-Administrasie in 'n brief aan ds PJ Fourie, destyds Ned. Geref. leraar op Tsumeb, goedkeuring verleen aan die subsidiëring van 'n pos van maatskaplike

werker wat deur hierdie gemeente gedra is. Die staat het egter binne twee jaar sy eerste vakkundige aangestel en vyf jaar daarna nog poste geskep, insluitende 'n beheerpos, maar het nog steeds poste by welsynorganisasies gesubsidieër. Later, gedurende 1966, sou die Departement Volkswelsyn en Pensioene sy beleid aangaande samewerking tussen die staat en private welsynorganisasies insluitende die CMR, in Omsendbrief Nr. 25 van 16 Februarie 1966, duidelik uiteensit. Van Zyl het dit kortliks soos volg saamgevat:

- "(a) Departement van Volkswelsyn en Pensioene
Statutêre sorg en die samesnoering daarvan as geheel.
- (b) Privaat welsynorganisasies
 - (i) SKDB: Gesinsorgdienste
 - (ii) Die Vereniging vir Gestremdes in SWA: Spesialiteitsdienste
 - (iii) NG Kerk Khanasdal Welsynsvereniging: Gesinsorgdienste
- (c) Afdeling Gesondheid van die Administrasie van SWA
Mediese maatskaplike werk onder pasiënte van die Staatshospitaal, Windhoek.
- (d) Departement van Gevangnisse
Rehabilitasiedienste aan gevangnisse." (4)

Tydens die vergadering van die AAK op 13 en 14 September 1960, is die verhouding tussen die CMR en die Administrasie van SWA verder bespreek. Die rede hiervoor was dat slegs een gemeente in Windhoek, nl. Windhoek-Eros, sy volle geldelike verpligtinge t.o.v. die CMR nagekom het. Die AAK het besef dat sy samewerking met die Administrasie van SWA negatief beïnvloed sou word indien die gemeentes nie hulle verpligtinge nakom en die volle bydrae lewer nie. Daar is toe besluit dat die sekretaris van die AAK alle gemeentes per brief daaraan moet herinner om hierdie belangrike verpligting na te kom. Wat egter hier veral van belang is, is die feit dat die AAK besef het dat die kerk sy kant moet bring sodat hierdie belangrike verhouding tussen hom en die staat altyd positief en dinamies sal kan bly.

B. HERORGANISASIE EN VERANDERING VAN DIE GRONDWET VAN DIE CMR IN SWA

Soos met die stigting van enige nuwe organisasie, was die opstel van die grondwet en uitbreiding van maatskaplike werk-dienste van die CMR vir SWA 'n aangeleentheid wat baie aandag oor 'n lang tydperk geverg het. Gedurende hierdie tydperk van ontwikkeling in Suidwes-Afrika het veranderings landswyd in Suid-Afrika op kerklike gebied plaasgevind, waardeur ook die maatskaplike werk-dienste in SWA beïnvloed was.

By 'n vergadering van die CMR op 24 Maart 1959 is die grondwet bespreek en daar is aanvaar dat die tekortkominge daarin nie deur die Raad verander kon word nie, maar dat dit deur die AAK gewysig en daarna deur die Sinodale Kommissie bekragtig moes word. Van die vroeë wat moes ontstaan totdat hierdie vergadering kon plaasvind, was of daar 'n aparte CM Komitee vir Windhoek moes wees al dan nie en of die CM Raad, as skakel tussen kerk en staat, ook die Komitee se werk kon behartig. Toe die komitee vir spoedeisende sake van die AAK egter op 27 Mei 1959 vergader het, kon hierdie sake ook nie finaal afgehandel word nie aangesien die hele aangeleentheid van die CMR as kerkliggaam op daardie tydstip deur die FAR ondersoek is. Om dié rede is daar by hierdie vergadering besluit om by die volle sitting van die AAK aan te beveel dat slegs die noodsaaklike aanvullings gedoen moet word. Daarna kon die gewysigde konsep-grondwet aan die volgende Sinode-sitting van die Ned. Geref. Kerk in SWA voorgelê word. Op dieselfde vergadering is besluit dat die FAR se aanbeveling dat 'n naamsverandering gedoen word, ook as beskrywingspunt vir die volgende Sinode-sitting voorgelê word. Die FAR het nl. aanbeveel dat die 'Sinodale Kommissie vir Armesorg' na 'Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid' verander word.

Volgens die notule van die vergadering van die AAK wat op 17 Mei 1960 plaasgevind het, is daar gerapporteer dat die FAR ook 'n naamsverandering ondergaan. Die FAR het goedgekeur dat sy nuwe benaming, Federale Raad vir Barmhartigheidsdiens, aan die volgende Sinode-sitting van die onderskeie Sinodes van die Ned. Geref. Kerk vir goedkeuring voorgelê word. Tydens dieselfde


vergadering is die voorgestelde grondwet vir die CMR bespreek en verskeie veranderings is aanbeveel. **(Sien Bylaag III)**. Hierna is besluit dat hierdie gewysigde grondwet by die volgende AAK-vergadering vir finale goedkeuring voorgelê word en dat dit intussen aan die Administrasie van SWA en die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid vir hul wysiging en goedkeuring gestuur word. Op 13 en 14 September 1960 het die AAK weer vergader en een toevoeging tot die konsep-grondwet van die CMR is gemaak. Daarna is besluit om die gewysigde grondwet na die Sinode, wat in Maart 1961 met sy volgende sitting sou begin, vir goedkeuring deur te stuur. Verdere besluite wat geneem is, het ook die CMR se onmiddellike toekomstige funksionering geraak, nl.:

- (i) dat die dienende CM Raadslede in hul ampte moes aanbly totdat die Sinode in Maart 1961 die nuwe grondwet goedgekeur het en nuwe raadslede genomineer word, en
- (ii) dat lede van die CM Komitees om dieselfde rede moes aanbly totdat die nuwe grondwet in werking tree.

Daar is ook besluit om alle eiendomme van die CMR in die naam van die NGK in SWA te registreer, aangesien daar beweer is dat die CMR geen regs persoonlikheid het nie. Toe daar later vasgestel is dat hy wel regs persoonlikheid het, is eiendomme op die naam van die CMR geregistreer.

Die gewysigde grondwet wat in Maart 1961 aan die Sinode voorgelê is, is goedgekeur en is die verhouding tussen kerk en staat skematies soos volg voorgestel :

" DIAGRAM A



Geteken:
 PL Scholtz
 JT Potgieter
 AS Benecke
 AGS Gous" (5)

Tydens die vergadering van die AAK op 3 Oktober 1961 het die Armesorgsekretaris gerapporteer dat die CMR saamgestel en deur die Administrasie van SWA goedgekeur is. Verder het die sekretaris gerapporteer dat die maatskaplike werk-dienste normaal voortgegaan het. Hierna' het die vergadering 'n besluit geneem wat die gehalte van die verslaggewing van vakkundiges sou beïnvloed nl. dat al die CMR-komitees voortaan jaarverslae aan die AAK moes voorlê. Hierdie stap het dadelik die standaard van dienste verhoog omdat alle dienslewering hierna aan noukeurige ondersoek blootgestel was. 'n Ander belangrike besluit wat geneem is, was dat die AAK by die CMR aanbeveel dat 'n vakkundige beampte as voltydse sekretaris van die CMR aangestel word. Hierdie beampte sou dan ook die hele gebied van Suidwes-Afrika as toesiggebied hê. Daar is dus besef dat die werk van die CMR van sodanige aard was dat slegs 'n opgeleide vakkundige dit doeltreffend kon hanteer. Toesighouding oor alle kantore en maatskaplike werkers sou in die toekoms plaasvind, waardeur daar in die vooruitsig gestel is dat die gehalte van dienslewering verhoog sal word.

Toe die lede van die CMR later by die AAK se vergadering aangesluit het, is die doeltreffendheid van die organisasie van die CMR weereens bespreek, o.a. ook in die lig van die feit dat daar besef is dat ander welsynsliggame ook vir subsidies in aanmerking kon kom. Hierdie aspek van subsidies is tydens dieselfde vergadering bespreek en die verteenwoordiger van die SWA-Administrasie, mnr J Krige, het die staat se standpunt gestel. Volgens die voorsitter van die AAK, ds AS Benecke, het die Administrasie van SWA aanvanklik belowe dat die CMR die enigste gesubsidieerde liggaam in SWA kon wees wat maatskaplike werk-dienste lewer. Hierop het Krige geantwoord dat die staat die CMR as 'n geslote organisasie beskou en nie as 'n vrywillige organisasie waarby enige lid van die gemeenskap betrek kan word nie. Hy het voorts verklaar dat die staat sterk daarvoor voel dat daar wel 'n vrywillige organisasie in SWA moet wees en dat leemtes reggestel kan word wanneer die staat en die gemeenskap saamwerk. By dieselfde byeenkoms het Krige verklaar dat daar 'n behoefte is aan die totstandkoming van 'n gesinsorgkomitee. Hy het aanbeveel dat 'n breër organisasie wat ander kerklike welsynsgroepe insluit, daargestel word en dat die CMR hom dan op inrigtingsorg toelê, waarvoor 'n subsidie steeds beskikbaar was. In antwoord hierop het ds JT Potgieter, voorsitter van die CMR, oor die beleid van die CMR uitgebrei nl. dat die CMR homself as 'n Christelike komitee beskou en nie as 'n kerklike komitee nie. Hy het ook die besluit van die AAK aan die ver-

gadering oorgedra nl. dat 'n opgeleide vakkundige sekretaris van die CMR aangestel gaan word. Krige het egter herhaal wat die staat se besware teen die CMR is nl. dat dit 'n geslote liggaam is. In antwoord op 'n vraag i.v.m. wat die beperking van 'n breër CMR sou behels, het Krige die vergadering meegedeel dat die Administrasie wetgewing in hierdie verband by die Wetgewende Vergadering van SWA wil indien. Hy het onderneem om na hierdie beperkings op so 'n breër CMR ondersoek in te stel sodat duidelikheid verkry kan word t.o.v. lidmaatskap en subsidies. Die standpunt wat hierna deur Benecke gestel is, het die verrigtinge in 'n neutedop saamgevat nl. dat die kerk 'n ander siening as die staat het en dat hierdie 'n probleem is waaroor daar nog baie gedink en gesels sal moet word.

Van besondere belang in hierdie verband is die feit dat daar beseft is dat die CMR as organisasie wel leemtes gehad het, en dat die maatskaplike werk-dienste derhalwe nie so doeltreffend was as wat dit behoort te wees nie. Op hierdie tydstip het die Federale Raad vir Diens van Barmhartigheid ook sy bedenkinge oor die doeltreffendheid van die CMR gehad. 'n Uittreksel uit die notule van hierdie Raad se vergadering op 30 November en 1 Desember 1961 in hierdie verband lui soos volg:

"...(dit) blyk dat daar twyfel bestaan oor die vraag of daar ingrypende wysiginge aan die bestaande metode van organisering van CM Rade aangebring moet word." (6)

In sy verslag oor die werksaamhede van die CMR en sy onderkomitees in SWA vir die tydperk 1 Julie 1961 tot 30 Junie 1962, meld ds JT Potgieter dat hy die grondwet na die Departement Volkswelsyn en Pensioene vir kommentaar en goedkeuring deurgestuur het. Hy meld ook dat die CMK in Windhoek a.g.v. swak funksionering herorganiseer is. Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene het 'n ongunstige verslag oor die maatskaplike werk-pos in Windhoek gegee. Daar is gepoog om reg te stel wat verkeerd was bv. kantoorure, en om aan die Departement se vereistes te voldoen. Ds Potgieter se algemene kommentaar som egter hierdie tydperk van groeiprobleme en beleidmaking van die CMR duidelik op in die volgende aanhaling uit die betrokke notule :

"So stadigaan begin die Christelike Maatskaplike werk sy voete vind in SWA. Die hele aangeleentheid van Volkswelstand dienste is van resente datum en veel baanbrekerswerk en aanpassings moet gedoen word. As ek net aan een van ons CMR take dink, nl. die Werth Têhuis, en al die probleme en onaangenaamhede in die verlede en hoe rustig dit nou toegaan, dan het ek vir die ander werksaamhede moed. Gelukkig dat ons die aanpassings in die verlede kon maak voor ons die nuwe têhuis betrek. Ek wil graag sê ek waardeer opbouende kritiek en die CMR moet dit ook waardeer. Konservatisme is dood. Ons moet altyd progressief vorder na die beginsel van Christelike-barmhartigheid en nie na links of regs afwyk nie en dan kan ons ook op die seën van die Here vertrou." (7)

In hierdie gesindheid kon die CMR in SWA voortgaan om maatskaplike werk-dienste te lewer. As 'n organisasie soos hierdie sy eie foute kan raaksien en regstel en ag slaan op opbouende kritiek, kan hy positiewe groei en ontwikkeling in die toekoms verwag. In **Hoofstuk V** word 'n belangrike deel van hierdie ontwikkeling nl. inrigtingsorg, uitvoerig bespreek.

VERWYSINGS

- (1) Handeling van die tweede HE Sinode 1961, Boek II, p.423
- (2) Handeling van die tweede HE Sinode 1961, Boek I, p.188
- (3) N van Zyl, Die ontstaan en ontwikkeling van welsyndienste in SWA : 1920 - 1975, p. 63
- (4) N van Zyl, Die ontstaan en ontwikkeling van welsyndienste in SWA : 1920 - 1975, pp. 77/78
- (5) Acta Synodi, 1961, p. 430
- (6) Notule van SKDB : 17.7.1957 - 20.10.1965, p.327
- (7) Notule van SKDB : 1963 - 1965, pp. 340/341

HOOFSTUK V

ONTWIKKELINGE t.o.v. INRIGTINGSORG

Inrigtingsorg vorm 'n belangrike deel van die maatskaplike sorg-dienste wat deur die CMR in SWA gelewer word. Vanaf die eerste vergadering op 17 Julie 1959 van die AAK van die Ned. Geref. Kerk in SWA is die belangrikheid van inrigtingsorg beklemtoon, en het dit mettertyd sodanig gegroei dat dit as integrale deel van die barmhartigheidsdienste van die kerk beskou is. In hierdie hoofstuk word die belangrike diens van die CMR bespreek.

A. BEJAARDESORG

Toe die AAK van die Ned. Geref. Kerk in SWA op 17 Julie 1957 sy eerste vergadering gehou het, is 'n brief van die Sekretaris van SWA-Administrasie in sake tehuse vir bejaardes aan die vergadering voorgelê. (1) Die AAK het besluit om 'n skrywe aan die Administrasie van SWA te rig en hom mee te deel dat die stigting van 'n CM Raad beoog word en daar as volg versoek word :

"... dat die bestaande tehuse vir oues van dae, asook ander tehuse wat nog in die lewe geroep mag word en voorts alle welsyndienste onder die beheer van hierdie CMR geplaas sal word." (2)

Hierin sou uitvoering van 'n besluit van die Sinode van 1957 gestalte kry nl. :

"Die Sinode ... (sal sy) aandag ...(wy) ... aan die spoedige oprigting van twee Kerklike inrigtings: een vir sorgbehoewende kinders en een vir bejaardes." (3)

Op hierdie stadium was daar reeds twee tehuse wat vir die huisvesting en versorging van bejaardes voorsiening gemaak het. Die ontstaan

van beide dateer uit die depressiejare van 1929-1933. Eerstens was daar Susanne Grau-Heim, wat in 1931 deur die voorsitter van die Duitse Vrouevereniging gestig is. Hierdie inrigting is as 'n woning begin, met hoofdoel die huisvesting en versorging van werklose mense tydens die depressiejare. Binne 'n paar maande is 10 persone daar gehuisves. Die dienste wat aangebied was, het soos volg ontwikkel :

"Toe die huis te klein geword het, het mev Grau daarin geslaag om 'n administrasiehuis in Bismarckstraat te bekom. Werklose persone is elke middag van 'n warm ete voorsien. Twintig kinders van werklose ouers het ook smiddags 'n warm ete ontvang. Toe ook dié woning te klein geword het, het Administrateur Werth die gebou in Bismarckstraat beskikbaar gestel wat vandag nog 'n gedeelte van die ouetehuis vorm.

Na die depressie het die huis die karakter van 'n ouetehuis gekry en tot 1955 is gemiddeld 20 persone gehuisves." (4)

Geleidelik is hierdie inrigting vergroot en dit lewer tans nog steeds 'n belangrike diens aan die inwoners van SWA.

Tweedens was daar die ouetehuis wat deur die 'Ladies Benevolent Society' in 1931 begin is om -

"... voorsiening te maak vir die huisvesting van die bejaarde behoeftiges en die hulpbehoewendes van Suidwes-Afrika." (5)

Beide hierdie inrigtings het dus nie as ouetehuse ontstaan nie, maar wel om behoeftiges te help. Mettertyd het dit egter tot ouetehuse ontwikkel.

Die 'Ladies Benevolent Society' se inrigting word reeds sedert 1935 deur die Administrasie van SWA gesubsidieer, terwyl dié van die Duitse Vrouevereniging eers sedert 1942 dieselfde vorm van geldelike ondersteuning ontvang het. (6) Wat ook al die rede hiervoor was, is dit belangrik om daarop te let dat daar reeds vanaf 'n vroeë tydperk finansiële hulp van Staatsweë vir hierdie inrigtings gekom het. Die tehuis van die 'Ladies Benevolent Society' is later vernoem tot die Werth-tehuis en het ook ontwikkel tot 'n ouetehuis. Toe hierdie tehuis in 1955 te klein geword het, het die Administrasie van SWA goedkeuring verleen daaraan dat 'n groter en meer moderne ouetehuis opgerig word. Daar is ook versoek dat

organisasies wat daarby belang gehad het met aanbiedings en voorstelle in verband met die beheer van hierdie inrigtings voor 'n dag moes kom.

Dit is betekenisvol om daarop te let dat daar reeds in 1951 oorweging daaraan geskenk is dat hierdie Werth-tehuis deur die ACVV in Windhoek oorgeneem moet word, toe die destydse voorsitter van die ACVV-tak in Windhoek verneem het van die onwenslike toestand waarin dit verkeer. Die sekretaresse van die tak en die organiserende sekretaresse van die ACVV het die situasie bespreek, maar die Windhoek-tak van hierdie liggaam het nie sy weg oopgesien om in te gryp nie. Die sekretaresse van die Windhoek-tak het egter die aangeleentheid per brief onder die aandag van die Administrateur van SWA gebring. (7)

Die opdragte van die Sinode aangaande inrigtingsorg is destyds na die CMR verwys. In sy verslag aan die AAK oor die werksaamhede vir die periode 1 Julie 1957 tot 30 Junie 1958, meld die Armesorgsekretaris, ds PJ Fourie, dat hy persoonlik met die Administrasie van SWA i.v.m. inrigtingsorg, beide vir bejaardes en kinders, onderhandel het. Al hierdie onderhandelinge tussen die CMR en die Administrasie van SWA het daartoe gelei dat die CMR die beheer van die Werth-tehuis vir Bejaardes op 1 April 1959 oorgeneem het. In sy verslag aan die AAK, wat op 5 en 6 Augustus 1959 vergader het, het Fourie as volg gerapporteer oor die betrokke tehuis :

"'n Plijsgetroue komitee deur die CMR benoem, beheer tans die tehuis. Ook hier sal 'n nuwe subsidieskema in werking kom. Sketsplanne vir die nuwe tehuis in Windhoek is reeds gereed en in die komende jaar sal die gebou seker opgaan. Tans is daar onderhandelinge aan die gang om hierdie gebou asook dié wat in Keetmanshoop opgerig gaan word, oor te maak aan die CMR." (8)

Ten tyde van die vierde vergadering van die AAK op 17 en 18 Mei 1960, het die sekretaris in sy verslag oor die Werth-tehuis gemeld dat geen probleme i.v.m. die funksionering van die tehuis ondervind word nie. Daar is reëls opgestel wat die funksies van die komitee van hierdie tehuis en die CMR bepaal het. Toe die tweede Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA gedurende Maart 1961 plaasgevind het, het die verslag van die Armesorgkommissie wat aan hierdie Sinode voorgelê is ewe-eens melding

gemaak van die vooruitgang op die gebied van inrigtingsorg. Gedurende die eerste paar jaar was die gemiddelde aantal inwoners 18 per maand. Die tehuis is ook ruimskoots deur die Administrasie van SWA gesubsidieer en 'n groot finansiële bydrae is van die Munisipaliteit van Windhoek ontvang. Weens die toename in die aantal bejaardes wat huisvesting van hierdie aard benodig het, is daar toe reeds beplan vir 'n nuwe tehuis in Windhoek, asook vir een op Keetmanshoop. Wat die oprigting van 'n ouetehuis op Keetmanshoop betref, moet hier gemeld word dat baie van die aanvoorwerk reeds op hierdie tydstip gedoen was en wel deur die ACVV-tak wat op hierdie dorp werksaam was tot die stigting van die CMR. Toe Fourie die ACVV-lede op 27 Julie 1957 i.v.m. samewerking tussen die ACVV en die CMR toegespreek het, het hy die belofte gemaak dat alle geld wat die ACVV reeds vir 'n ouetehuis ingesamel het, in 'n trust vir hierdie doeleindes gehou sal word en dat die Kerk dit nie vir ander projekte sal gebruik nie. Die vergadering se besluit om te ontbind en spesifieke bedrae aan die CMR oor te betaal, o.a. vir inrigtingsorg, is duidelik genotuleer. (9)

'n Verslag oor die werksaamhede van die Werth-tehuis vir die periode 1 Julie 1959 - 30 Junie 1960 is deur Potgieter opgestel waarin hy melding gemaak het van die ledigheid van die inwoners. Kort hierna het die Ned. Geref. Vrouevereniging met werkgroepe en 'n klub vir bejaardes begin. Op hierdie wyse het vrywilligers met hierdie vorm van hulpdienste begin wat later 'n belangrike rol in die inrigting gespeel het.

Teen die tyd dat die jaarverslag van die Werth-tehuis vir die periode 1 Julie 1960 tot 30 September 1961 verskyn het, het die getal inwoners vanaf 15 na 23 vermeerder. Onder andere het dit beteken dat vanweë groter inkomste, die koste aan die bedryf van die tehuis per kop gereken, verminder het. Dit is deur die CMR verwelkom omdat die Administrasie van SWA vanaf 1 Julie 1960 slegs R5 per maand per inwoner bygedra het en nie meer die ruim subsidie van vroeëre jare uitbetaal het nie. In hierdie jaarverslag is daar ook gemeld dat die bouplanne vir die nuwe tehuis goed vorder en daar is gehoop dat die tenders vóór die einde van 1961 toegeken sou word.

Toe die nuwe ouetehuis in Windhoek amptelik op 7 November 1963 in gebruik geneem is, het dit voorsiening gemaak vir 60 inwoners. Die matrone

en personeel van die Werth-tehuis is by die nuwe inrigting aangestel en reglemente vir die personeel opgestel. Aangesien hierdie inrigting in die gemeente Windhoek-Wes geleë is, is 'n ouderling gekies om na die geestelike behoeftes van die inwoners om te sien. Eredienste, bidure en nagmaaldienste is daar gehou. Die KJV-lede het elke Sondag daar gesing en gesellige aande gereël. Hier kan duidelik gesien word hoe die rol van die vrywilliger in 'n organisasie van hierdie aard na vore kom. In sy verslag aan die SKDB op 30 en 31 Augustus 1967 meld die sekretaris dat die Algemene Sinodale Kommissie aan die versoek van die SKDB dat die tehuis in Windhoek na ds Potgieter vernoem word, voldoen het. Die inrigting sou voortaan as die JT Potgieter-tehuis vir Bejaardes bekend staan.

Intussen het die tehuis vir bejaardes op Keetmanshoop voltooiing genader en op 1 Maart 1965 is Ons Tuiste, soos hierdie inrigting genoem is, amptelik in gebruik geneem en op 24 Junie 1965 ingewy. Bronne verskil oor die aantal inwoners wat toe gehuisves kon word, maar dit wissel tussen 30 en 40.

Gedurende 1967 het 'n verandering in die struktuur van die kerk se barmhartigheidsdienste plaasgevind, soos uitvoerig in **Hoofstuk VI** bespreek word. Hierdie verandering het tot gevolg gehad dat die twee bestaande inrigtings vir bejaardes nie langer onder die gesag van die CMR sou ressorteer nie, maar wel onder die SKDB. Toe 'n verslag oor die werksaamhede van die inrigtings vir die jaar eindigende 30 Junie 1967 aan die SKDB voorgelê is, het die getal inwoners in die JT Potgieter-tehuis tot 61 gegroei, met 26 in die afdeling vir verswaktes. Daar was toe 'n waglys van 23 en uitbreidings aan die bestaande geboue moes oorweeg word. By Ons Tuiste, tehuis vir bejaardes te Keetmanshoop, het daar ook behoefte aan 'n afdeling vir verswaktes ontstaan. Met verloop van tyd is daar verskeie kere by albei hierdie inrigtings aangebou. Onder andere is daar ook woonstelle by JT Potgieter-tehuis aangebou wat deur bejaardes gekoop kon word en waar hulle van dienste soos maaltye, wassery en die skoonmaak van woonstelle gebruik kon maak.

Vanaf 1973 het die SKDB met die Rooms-Katolieke Kerk, die SWA-Administrasie en die Calvynstigting van die Gereformeerde Kerk in Gobabis onderhandel vir die oorname en omskepping van die Rooms-Katolieke hospitaal in Gobabis in 'n ouetehuis. Gedurende 1978 het die Administrateur-Generaal by die Tesourie aan-

beveel dat 'n bedrag van R200 000 aan die SKDB bewillig word vir die omskepping van genoemde hospitaal in 'n ouetehuis, beheerraads- en CMR-kantore te Gobabis. Hierdie bedrag het ook uitbreidings by JT Potgieter-tehuis ingesluit. Op 26/27 April 1980 is hierdie nuwe inrigting van die Ned. Geref. Kerk in SWA as Huis Deon Louw feestelik ingewy. Alhoewel die inrigting direk onder die beheer van die SKDB gestaan het, is dit 'n verdere bewys van die uitbreidings op hierdie terrein van die barmhartigheidsdiens van die Ned. Geref. Kerk in SWA.

B. KINDERSORG

1. Die Suidwes-kinderoord

Soos in die geval van verskeie welsyndienste, en ook in die geval van die inrigtings vir bejaardes in SWA, het die daarstelling van die eerste kindertehuis in SWA sover vasgestel kon word ook sy oorsprong by 'n groep vroue gehad. Hierdie vroue was die Kerklike Vroue Vereniging van Usakos, onder die voorsitterskap van ene mev J Buys. Dit wil ook voorkom asof die ontstaan van die eerste kindertehuis in SWA 'n direkte gevolg van 'n brief was wat mev Buys namens die vereniging aan die Administrateur van SWA gerig het. Die Sekretaris van SWA-Administrasie het onmiddellik opdrag gegee dat die saak aan die Uitvoerende Komitee van sy Administrasie voorgeleë moet word. (10) In hierdie brief verduidelik mev Buys dat haar organisasie hom beywer vir liefdadigheid, kindertehuis en opheffingswerk. Daar is veral gevoel dat daar pogings aangewend moes word om verwaarloosde en behoeftige kinders te versorg. In hierdie verband skryf sy soos volg :

"Die algemene opinie is dat in hierdie voorspoedige jong land geen armoede is nie, maar by nadere ondersoek blyk dit tog dat elke distrik sy paar probleemgevallen het. Verwaarloosde kinders word aangetref, maar hulle kan nie gehelp word nie, weens gebrek aan 'n Kindertehuis of Weesinrigting in Suidwes-Afrika. Die Unie Weeshuise het elk so 'n lang waglys en kan in hulle eie behoeftes nie voorsien nie. Het die tyd nie aangebreek dat ons in Suid-Wes aan 'n eie Weeshuis of Kindertehuis begin dink nie." (11)

Dit is duidelik dat hierdie vroue bewus was van die nood van mense in die samelewing, waarskynlik omdat hulle gereeld met sulke gevalle te doen gekry het. Daar dien hier daarop gelet te word dat ná hierdie datum meermale in offisiële dokumente gemeld is dat daar nie kinderverwaarlosing voorgekom het nie. In 'n skrywe aan die Sekretaris van SWA-Administrasie oor die wenslikheid van die toepassing van die Kinderwet in SWA al dan nie, word die volgende deur die Prokureur-Generaal in 'n brief genoem :

"There does not appear to be any need for the Children's Act to be applied in toto to the Territory. For the very few cases which do occur, our Ordinance 16 of 1927 is almost always sufficient. A Welfare Officer (European) could be tried out in Windhoek as a temporary measure, but a European Welfare Officer for the Platteland, or indeed North or South of Windhoek, would not in practice function at all." (12)

In sy verslag oor welsyndienste in SWA wat op 30 April 1957 ingedien is, meld dr JA Grobler, Hoof : Vakkundige Dienste, Departement Volkswelsyn, die volgende :

"Die landdroste van die ander distrikte rapporteer om die algemeen dat min of geen gemeenskapsprobleme nie in hulle distrikte voorkom. ... Kinderverwaarlosing kom selde voor ... " (13)

Die destydse landdros van Gobabis se opmerking in hierdie verband in sy verslag aan dr Grobler is moontlik die getrouste weergawe van die ware situasie wanneer hy skryf :

"Die gewone maatskaplike euwels kom dus nie so dikwels voor of kom nie onder die aandag van die hof nie. (14)

Sewe jaar vóór hierdie verslag, was die vroue in die Usakos-distrik deeglik vertrou met omstandighede in hul omgewing en was hulle bewus van die behoefte aan 'n kindershuis vir die verwaarloosde en sorgbehoewende kinders in SWA. Hul vertoë tot die Administrateur van SWA het direk daartoe gelei dat die Uitvoerende Komitee van SWA op 4 Oktober 1950 besluit het om meer inligting in verband met hierdie behoefte aan te vra. (15)

Verskeie ondersoekes is i.v.m. verwaarloosde en gestremde kinders onderneem. Hierdie ondersoekes het nie positiewe resultate getoon nie, gedeeltelik as gevolg van die feit dat amptenare, onderwysers en ander betrokkenes nie altyd bereid was om die verantwoordelikheid vir besluite t.o.v. die kinders se huislike omstandighede te neem nie. Desnieteenstaande het die Administrateur in 'n brief aan die Direkteur van Onderwys, gedateer 7 Augustus 1954, sy goedkeuring verleen aan die aankoop van 'n huis op erf 1364 te Eros in Windhoek teen £9 000 vir die doel van 'n kindershuis. Hierdie kindershuis is op 22 Desember 1954 amptelik in gebruik geneem. Bronne verskil oor die getal kinders wat aanvanklik opgeneem is, maar daar word wel gemeld dat die getal geleidelik gegroei het. Binne die eerste twee en 'n half jaar is meermale versoeke tot die betrokke departemente gerig om die inrigting uit te brei ten einde voorsiening vir meer inwoners te maak.

In sy verslag oor maontlike uitbreidings aan die kindershuis, meld die Direkteur van Onderwys soos volg en beveel aan dat :

- "... 2. The number of inmates remained low for a period and thereafter there was a fairly rapid increase to the present figure of 24. Various other children should also be considered for committal, but in view of the shortage of accommodation (as the estimated accommodation of the building is about 15), steps to open inquiries have been delayed ...
- 3. In the light of the above, extensions to the buildings have become very essential and urgent. It is advisable to extend so as to be able to have 50 children ...
- 8. It is recommended that authority be granted ... as soon as possible. (16)

Hierdie aanbeveling is op 10 Junie 1958 deur die Administrateur vir SWA, mnr DT du P Viljoen, goedgekeur.

Die verslag van die Direkteur van Onderwys toon duidelik dat die aantal sorgbehoewende kinders wat onder die aandag van die betrokke organisasies gekom het, vermeerder het. Almal kon nie gekommitteer word nie en daar is verwag dat die syfer sou styg. Die toename kan die gevolg van verskeie faktore wees: eerstens, is die versoek vir 'n kindershuis aan die Adminis-

trateur self gerig. Aandag is dus op hierdie spesifieke probleem gevestig, o.a. ook die aandag van die Onderwys-departement wat deur die Administrateur versoek is om 'n ondersoek in te stel na hierdie kinders. Tweedens, is dit juis in hierdie tydperk - 1954 tot 1957 - toe maatskaplike werk-dienste amptelik begin is. Dit kon derhalwe verwag word dat meer sorgbehoewende kinders onder die aandag van maatskaplike werkers en landdroste sou kom.

Op 26 November 1957 het ds PJ Fourie, Armesorgsekretaris en voorsitter van die CMR, 'n brief aan die Uitvoerende Komitee van SWA gerig waarin versoek is dat die CMR die Kinderhuis by die Administrasie van SWA oorneem. Hierdie skrywe spruit voort uit opdragte van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA van 1957, toe daar besluit is dat inrigtings vir sorgbehoewende kinders en bejaardes deur die Administrasie van SWA na die CMR verwys moes word sodat dit onder toesig van die kerklike barmhartigheidsdienste kon kom. Op grond van 'n verslag wat deur die Direkteur van Onderwys in opdrag van die sekretaris van die SWA Administrasie opgestel is en aan die Uitvoerende Komitee voorgelê is, is hierdie versoek van die CMR geweier, met die belofte egter dat die CMR moontlik in die toekoms verteenwoordig sal word op 'n Adviserende Raad vir hierdie inrigting. (17)

Die CMR het dus nie dadelik in sy doel geslaag om beheer van die bestaande inrigtings vir kinders en bejaardes oor te neem nie. Nogtans was die behoefte aan sodanige inrigtings altyd 'n aangeleentheid waarmee hy te doen gehad het. In die verslag van die AAK aan die Sinode van 1961 is die volgende gemeld :

- " 2. Ander inrigtings benodig: In die veranderende wêreld waarin ons lewe, sal dit seker nodig wees t.o.v. Kindersorg om 'n tehuis vir verwaarloosde kinders daar te stel. Die Staat het 'n besondere doeltreffende gebou te Windhoek, maar dit is alreeds oorvol." (18)

Op 24 Maart 1965 het di JT Potgieter en PA du Toit die CMR verteenwoordig in 'n onderhoud met die onder-sekretaris van SWA, ene mnr Olivier, en die senior beampte van die Departement van Volkswelsyn, mnr J Krige. Tydens hierdie onderhoud het ds Potgieter weer eens versoek dat die CMR die Kinderhuis by die Administrasie van SWA oorneem, of so nie, 'n eie inrigting oprig, soos lank reeds die gedagte was.

Hierop het mnr Olivier gereageer deur te vra of ander kerke nie sou beswaar maak indien die kindershuis 'n inrigting van die Ned. Geref. Kerk word nie. Die CMR se reaksie was dat ander kerke verteenwoordiging op die raad kon kry. Krige het verduidelik dat sy Departement die 'cottage-stelsel' verkies waar daar kleiner groepe van 10 - 12 kinders bymekaar kon bly, en waardeur 'n meer huislike atmosfeer geskep word. Hy het voorgestel dat die Ned. Geref. Kerk en die ander genootskappe beheer oor so 'n kindershuis kon deel. Die vergadering is meegedeel dat 80% van die kinders op daardie stadium kinders van lede van die Ned. Geref. Kerk was. Krige het ook voorgestel dat die kindershuis as deurganghuis en as 'n moontlike kinderkliniek behoue bly. Die Ned. Geref. Kerk kon sy eie nuwe inrigting oprig. Hieroor is saamgestem en ds Potgieter kry die opdrag om 'n memorandum in samewerking met die Departement Volkswelsyn vir voorlegging aan die SKDB op te stel.

Toe die verslag oor die werksaamhede van die CMR in Oktober 1965 aan die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA voorgelê word, is hierdie aangeleentheid weer eens bespreek. Aangesien die kerk nie sy eie Kindershuis in Windhoek gehad het nie, het hy min invloed op die vorming van hierdie kinders kon uitoefen. Die staat gee fisiese versorging en die kerk geestelike sorg. Die ideaal was dat een beheerliggaam vir beide die liggaamlike én die geestelike sorg verantwoordelik moes wees.

Vroeg in 1966 het die CMR weer 'n aanbod aan die SWA-Administrasie gerig om die Kindershuis oor te neem, en op 5 Mei 1966 het die Uitvoerende Komitee van SWA besluit dat die kindershuis teen 'n bedrag van R52 000, plus R5 000 vir meubels en toerusting, aan die kerk verkoop sou word en dat R3 000 aan die kerk geleen sou word om die geboue op te knap. Op 1 Augustus 1966 is 'n ideaal verwesenlik toe die kindershuis van die Administrasie van SWA oorgeneem is.

Soos in die geval van alle nuwe ondernemings en verantwoordelikhede, het die eerste jaar na hierdie oorneming baie groeipyne gegaan. Daar was bv. kroniese personeelprobleme, kinders met afwykende gedrag, finansiële verliese, sterk openbare vooroordeel en kritiek. Gedurende hierdie eerste jaar is die gebou gerestoureer, wat veel bygedra het om 'n meer positiewe beeld daarvan te gee. Die naam van die inrigting is verander na die Suidwes-Kinderoord en die hulp van

vrywilligers het baie daartoe bygedra om die taak van die personeel te vergemaklik. Hierdie inrigting van die Ned. Geref. Kerk het as plek van veiligheid en tehuis vir gekommitteerde kinders gedien en 28 seuns, 24 dogters en 4 babas kon gehuisves word.

Toe die oorspronklike CMR op 30 Augustus 1967 deur die nuwe CMR vervang is, het die SKDB as geregistreerde welsynorganisasie van die Ned. Geref. Kerk in SWA ook die beheer van die Suidwes-Kinderoord oorgeneem en is 'n nuwe era in die bestaan van hierdie inrigting ingelei.

2. Kleuterland-bewaarskool

Die Sinode het in Maart 1957 sy eerste opdragte aan die nuutgekose AAK gegee en is daar spesifiek aan hierdie liggaam opgedra om die wenslikheid van intensiewe gesinsorg- en kindersorgdienste in die groter dorpe te ondersoek. Alhoewel dit nie spesifiek genoem word nie, kan dit aanvaar word dat dit die alternatiewe versorging van kinders buite ouerhuise ook ingesluit het - m.a.w. by bewaarskole en versorgingsoorde.

Ten tyde van die AAK se byeenkoms op 5 en 6 Augustus 1959, is daar o.a. aandag gegee aan kleuter- en bewaarskole. Daar is besluit dat hierdie aangeleentheid deur die CMR hanteer moes word, ofskoon daar reeds by die SWA-Administrasie inligting i.v.m. subsidies aangevra is.

Gedurende Maart 1960 is daar aan die CMK Windhoek gerapporteer dat die Ring van Windhoek versoek het dat 'n kleuterskool in Windhoek opgerig moet word. Die NGVV van Windhoek-sentraal het verlof gevra om self 'n kleuterskool op te rig. Die sekretaris, ds Potgieter, het gemeld dat 'n kombinasie van bewaar- en kleuterskool die mees geskikte vorm sal wees om in die behoeftes van Windhoek te voorsien. Hy is versoek om die NGVV te verwittig dat die CMR self in hierdie verband ondersoek sal instel aangesien daar te veel probleme bestaan wat subsidies betref indien die NGVV self so 'n inrigting sou oprig. Die CMR sal in oorleg met die verskillende gemeentes en NGVVs in hierdie verband optree. Drie maande later, nl. op 30 Junie 1960, is daar op 'n spesiale vergadering van die CMR as volg in die notule opgeteken :

"... Die beoogde kleuter-bewaarskool sal onder die toesig van die CM-Komitee sorteer. Die grond en geboue sal op die naam van die NG Kerk in SWA geregistreer word. Dus sal die Komitee die beslissing oor die geboue en grond voor die CMR moet lê vir goedkeuring en die CMR is verantwoordelik aan die AAK en die Staat. (19)

Tydens die AAK-vergadering op 13 en 14 September 1960 is kennis geneem van die feit dat die SWA-Administrasie om 'n geskikte perseel genader is en op 20 November 1962 het die SKDB besluit om 'n lening van R1 000 aan die CMK Windhoek toe te staan ter stywing van die fonds van die kleuterskool.

Die notule van die CMK van Windhoek op 6 Desember 1961 dui aan dat die oprigting van 'n kleuterskool onmoontlik was en dat slegs 'n bewaarskool oorweeg kan word. Gedurende 1963 is daar met 6 kinders in die eerste versorgingsoord in Triftstraat begin. Toe daar verslag gedoen is oor die werksaamhede van die CMR vir die tydperk 5.11.63 - 30.9.64, is die volgende gerapporteer :

"... Versorgingsoord : Kleuterland: Hierdie inrigting as onderafdeling van die werksaamhede van die CMK voorsien in 'n behoefte en lewer 'n diens. Die aantal kinders van werkende moeders in 'Kleuterland' wissel van 35 - 45. Finansieel kom hulle die mas op, maar kan nog nie op hul lening by die SKDB afbetaal nie.

... Daar word gedurig deur CMK uitgekyk vir 'n ruimer perseel." (20)

Gedurende April 1965 is aan die Munisipaliteit van Windhoek oor hierdie bewaarskol verslag gedoen en is gerapporteer dat sedert Augustus 1964 daar nooit minder as 45 kinders in hierdie inrigting versorg was nie. Daarbenewens het aanvraag bewys dat ongeveer 'n verdere 300 kinders in Windhoek onder die aandag van die CMR gekom het wat versorging van een of ander aard nodig het. As ideaal is gestel dat daar drie afdelings moes wees nl. 'n baba-, kleuter- en voorskoolse afdeling. Laasgenoemde sou die Sub A en B kinders wat smiddae versorg moes word, ook insluit.

In 'n brief gedateer 31 Desember 1965 het die hoofvolkswelsynbeampte die CMR meegedeel dat die Uitvoerende Komitee 'n lening vir die oprigting van 'n versorgingsoord toegestaan het en die CMR is versoek om planne en kosteberekenings in te dien. Hierdie genoemde lening is later op R50 000 bepaal. Verskeie erwe is bekom maar is óf deur die Munisipaliteit van Windhoek óf deur die Direkteur van Werke afgekeur. Uiteindelik is daar oor 'n geskikte erf ooreengekom en is daar voortgegaan met die opstel van planne en die oprigting van geboue wat die Kleuterland-bewaarskool sou huisves.

Toe die SKDB in 1967 beheer oor alle inrigtings van die CMR oorgeneem het, het die Kleuterland-komitee tegnies as 'n hulporganisasie van die SKDB opgetree en die bewaarskool beheer. Op 1 Julie 1970 het die SKDB egieter volle beheer en die bedryf van die Kleuterland-bewaarskool oorgeneem en die hele organisasie soos dit bestaan het nl. die personeel, kinders, bates en fondse is oorgeplaas op die naam van die SKDB. Hierna is die beheerraad van Kleuterland deur die SKDB benoem en goedgekeur. Toe die nuwe geboue amptelik op 7 Desember 1970 in gebruik geneem is, was daar reeds 105 kinders wat vir die volle dag of halfdag versorging geniet het. Binne sewe jaar het die aantal kinders dus met 99 gestyg, wat 'n goeie aanduiding gee van die leemte wat hierdie barmhartigheidsdienste gevul het.

Op Gobabis het die plaaslike Ned. Geref. gemeente die Lutherse Kerk se "Kindergarten" op 1 Julie 1972 oorgeneem. Hieraan het die SKDB sy goedkeuring verleen en sodoende is hierdie inrigting as een van dié van die SKDB aanvaar.

In hierdie hoofstuk is 'n samevatting gegee van die barmhartigheidsdienste wat d.m.v. inrigtingsorg deur die CMR tydens sy eerste tien jaar gelewer is. Met die oornome van inrigtings deur die SKDB in 1967, het die CMR direkte beheer verloor, maar maatskaplike sorg-dienste word nog aan die inwoners gelewer.

In **Hoofstuk VI** word die vervanging van die CMR deur die SKDB en die CMR as hulporganisasie in meer detail bespreek.

VERWYSINGS

- (1) Notule van SKDB : 17.7.1957 - 20.10.1965, p.3
- (2) Notule van SKDB : 17.7.1957 - 20.10.1965, p.3
- (3) Skemas, rapporte en handeling van Eerste Sinode van NG Kerk in SWA : 5 Maart 1957, p.22
- (4) Van Zyl, N : Die Ontstaan en Ontwikkeling van Welsynsdienste in SWA : 1920 - 1975, p.94
- (5) " " p.96
- (6) " " p.96, 97
- (7) ACVV Argiefstukke : A.1953 : Add 1/5/2/1/1
- (8) Notule van SKDB : 17.7.1957 - 20.10.1965, p. 46
- (9) ACVV Argiefstukke : A.1953 : Add 1/5/2/1/1
- (10) Van Zyl, N : Die Ontstaan en Ontwikkeling van Welsynsdienste in SWA : Dokumente nr. 32, p.86
- (11) " " p.84, 85
- (12) " " p.11
- (13) " " p.16
- (14) " " p.16
- (15) " " p.85
- (16) " " Dokumente p.39
- (17) " " " " p.90
- (18) Handeling van die Tweede Vergadering van die HE Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA te Windhoek : Maart 1961, Boek I, p.190
- (19) Ned. Geref. Kerk Argief, Windhoek : "Boxfile" 58/6/1 : Konstitusie, SKDB, CM, Notule, p.1
- (20) Notule van SKDB : 17.7.1957 - 20.10.1965, p.418

DEEL CVERNUEWINGHOOFTUK VIDIE CMR AS HULPORGANISASIE

In die voorafgaande hoofstukke is die totstandkoming van die CMR in SWA en die konsolidasie van dienslewering deur hierdie organisasie gedurende sy eerste bestaansjare uitvoerig bespreek. Daar is melding gemaak van verskeie probleme wat tydens hierdie periode ondervind is. Met verloop van tyd het dit duidelik geword dat die doeltreffendheid van die CMR veel te wense oorgelaat het. 'n Daadwerklike poging moes aangewend word om probleme die hoof te bied en om die organisasie van die CMR meer doeltreffend te maak. Hierdie pogings van die kerkleiers, probleme wat hiermee ondervind is en die uiteindelijke resultaat daarvan word vervolgens bespreek.

A. HULPVERLENING VANAF DIE FEDERALE RAAD VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Die kerkleiers het besef dat hulle 'n deskundige moes raadpleeg wat betref die organisasie van die CMR in SWA. Die hulp van dr R McLachlan, direkteur van die FRDB, is ingeroep en hy is genooi om samesprekings in Windhoek te voer sodat daar oor hierdie aangeleentheid duidelikheid gekry kon word. Sy besoek aan Windhoek is vir 6 - 8 Mei 1963 beplan.

Omdat daar reeds besef is dat die CMR nie sy volle potensiaal bereik het nie en daar gesoek is na moontlike redes en oplossings hiervoor, is daar met 'n oop gemoed in gesprek getree met McLachlan. Ds. Potgieter se kommentaar in sy jaarverslag (**sien aanhaling p. 44**) het as voorbeeld gedien van die begeerte van die leiers om die kerk se barmhartigheidsdiens op die mees doeltreffende wyse te laat funksioneer. McLachlan het verskeie aspekte van die Ned. Geref. Kerk en sy barmhartigheidsdiens bespreek. Hierdie onderskeie aspekte word vervolgens kortliks uiteengesit omdat elkeen 'n belangrike rol gespeel het in die vernuwingsproses wat reeds by die CMR in SWA 'n aanvang geneem het.

1. **Voorstelle t.o.v. die daarstelling van 'n Sinodale Kommissie vir Die Diens van Barmhartigheid in SWA**

McLachlan het vier take geïdentifiseer waaraan die Ned. Geref. Kerk aandag sal moet gee. Elkeen hiervan word vervolgens kortliks aangetoon :

- (a) Omdat McLachlan vertrouwd was met die metodes wat suksesvol deur die SKDB in die Transvaal gebruik is, kon hy dieselfde metodes by die SKDB in SWA aanbeveel. Een hiervan was die uitbreiding van diakonale dienste. Die uitbouing van hierdie dienste is in hoofsaak bevorder deur die diakens in te lig oor hulle verpligtinge in die gemeente. Deur middel van jaarlikse diakonale konferensies op Ringsvlak en een algemene konferensie op Sinodale vlak, is diakens ingelig oor hul verantwoordelikhede t.o.v. hul mede-diakens, gemeente, die CMR en die inrigtings van die kerk. Dit is sterk onder hul aandag gebring dat die kerk se Diens van Barmhartigheid basies op diakonale diens gegrond is.
- (b) McLachlan het gepleit vir die oprigting van inrigtings, veral 'n kinderhuis in SWA. Alhoewel hy erken het dat hy nie vertrouwd was met die werklike toedrag van sake in SWA in hierdie verband nie, het hy gemeld dat 'n probleem kan ontstaan wanneer 'n kind wat reeds in 'n inrigting opgeneem is, oorgeplaas moes word na 'n plaaslike inrigting.
- (c) Klem is gelê op die taak van die kerk t.o.v. die uitbouing van die CM Rade en die lewering van gesinsorgdienste. Aansluitend hierby het hy vir finansiële en morele ondersteuning van die Hugenote Kollege op Wellington gepleit. Persone wat van voorneme was om hulle vir die maatskaplike werkberoep te bekwaam, moet aangemoedig word om vir hulle opleiding na hierdie Kollege te gaan.
- (d) Die vierde groot taak wat hy aan die kerk opgedra het, was die uitbouing van die vrouevereniging. Hy het dit as volg uiteengesit :

"... beplanning vir die benutting van ons vrouekragte in en vir ons kerk. ... ek glo tog dat ons kerk reeds ontelbare skade gely het omdat hy nie betyds sy vrouehulpkrigte op 'n georganiseerde grondslag benut het nie. Die vrou naas die diaken is vir ons kerklike barmhartigheidsdiens van te groot betekenis om veel langer hul kragte en volle samewerking te verbeur." (1)

Aan hierdie pleidooi is gehoor gegee, soos blyk uit die uitbouing van georganiseerde vrouedienste op kerklike gebied soos in **Hoofstuk VIII** uiteengesit.

Wat betref die uitbouing van die CM Rade en gesinsorgdienste, het McLachlan die volgende herorganisasie voorgestel :

- (a) dat die destydse CMR soos dit bestaan het, as organisasie moes verdwyn;
- (b) dat die SKDB die plek van die destydse CMR moes inneem, m.a.w. die SKDB word die welsynorganisasie en die skakel tussen kerk en die staat, en
- (c) dat die CM-Komitees op die verskeie dorpe deur die nuwe CM-Rade vervang word en dat die diakonieë op dorpe die CM-Komitees moes vervang. Meer beheer deur die diakonieë oor die barmhartigheidsdienste sal langs hierdie weg uitgeoefen word.

McLachlan het (b) hierbo in meer detail bespreek omdat hierdie aspek reeds 'n netelige saak geword het. Hy het verduidelik dat indien die kerk sy saak wil stel, hy dit nie by die Departement van Volkswelsyn moet doen nie, maar wel op 'n hoër vlak, naamlik met die sekretaris van die SWA-Administrasie. In hierdie memorandum moet daar duidelik uiteengesit word wat die metodes van die barmhartigheidsdiens is, watter beginsels geld en die noodsaaklikheid van 'n eie Kinderhuis moet beklemtoon word. Die sekretaris moet verder versoek word om hierdie memorandum deur te werk en met sy kommentaar terug te stuur.

Die herorganisasie van die CMR, soos deur McLachlan voorgestel, het later plaasgevind en word derhalwe in hieropvolgende hoofstukke in meer besonderheid bespreek.

2. Samewerking tussen Kerk en Staat

'n Tweede belangrike en terselfdertyd delikate aspek wat McLachlan uitgesonder het, was die strewe na goeie samewerking tussen kerk en staat - 'n basiese vereiste vir suksesvolle groei en ontwikkeling.

Hy het dit beklemtoon dat daar nooit beginsels prysgegee moes word nie - daar kon op 'n eerbare vlak toegegee word sonder om beginsels prys te gee. Waar dit sou kom by die gesag van Departement Volkswelsyn oor maatskaplike werkers, was McLachlan beslis in sy mening dat die kontrole oor maatskaplike werkers uit die Kerk se kantoor moes kom, alhoewel inspeksies deur Departement Volkswelsyn toegelaat moes word. Hy het daarop gewys dat die Departement van Volkswelsyn in 'n gesagsverhouding staan vanweë die feit dat hierdie Departement die salarisse van maatskaplike werkers subsidieer. Die kerk ondervind dat die Departement sy gesag probeer afdwing en dat hy sy resultate in syfers meet. In teenstelling hiermee lê die kerk hom egter toe op barmhartigheidsdiens, wat 'n verskil maak in benadering tot die werk. McLachlan wys daarop dat dit noodsaaklik is dat die kerk 'n goeie verhouding met die staat handhaaf en hiervoor moet die kerk 'n sentrale skakel daarstel nl. die SKDB, wat die amptelike skakel bly terwyl die vakkundiges van die CMR die barmhartigheidsdienste lewer.

'n Faktor wat ten nouste met dié gedagte saamhang, is die verskil in die siening van die vakkundigheid van maatskaplike werkers. Volgens McLachlan lê die vakkundigheid van maatskaplike werkers daarin dat hulle opgelei is om te onderskei tussen maatskaplike probleme, inbegrepe die oorsake, gevolge, hantering en behandeling daarvan. Die kerk lê klem op die voorbereiding van die behoeftige mens tot evangelisasie, die insig van die maatskaplike werker in die probleme wat so 'n persoon ondervind, en sy skakeling in die gemeenskap. Die gemeenskap moet hierop voorberei word. Die staat daarenteen het 'n statutêre verantwoordelikheid. Hy dra gesinsorg- en kindersorgdienste aan welsynsorganisasies oor en bepaal hom by statutêre werk. Volgens McLachlan is die staat "wetlik gebind" tot sekere dienste en verantwoordelikhede. Hy het hom sterk uitgespreek oor die noodsaaklikheid van gesubsidieerde administratiewe hulp vir die maatskaplike werkers ten einde meer tyd aan hulle vakkundige werk te kan bestee. Met hierdie bykans "botsende" uitgangspunte tussen kerk en staat is dit te verstane dat sienswyses sal verskil. Daar is egter geen rede waarom kerk en staat nie kan saamwerk nie en as slotsom noem McLachlan 'n beginsel wat 'n vorige Minister van Volkswelsyn, dr JJ Stals, neergelê het naamlik dat :

"... maatskaplike werk binne kerk en volksverband gedoen moet word." (2)

3. Taak van die Maatskaplike Werker in die Ned. Geref. Kerk se Diens van Barmhartigheid

'n Laaste aspek wat McLachlan uitgesonder het, is die taak van die maatskaplike werker wat in diens van die kerk staan. Hierdie is nie altyd 'n maklike taak nie. Hy kry te doen met diegene wat nie met sy opleidings- en werksmetodes vertrou is nie en hom derhalwe nie wil aanvaar nie. Hy is wetenskaplik, prakties en geestelik vir sy taak toegerus. Hy is daar om die diaken se werk aan te vul en nie om sy deel vir hom te doen nie. McLachlan het ook melding gemaak van die onderskeid tussen die maatskaplike en evangelisasie werker in diens van die kerk. Ook op hierdie gebied moet daar versigtig te werk gegaan word, en beide moet te alle tye met mekaar se terrein rekening hou en altyd die ampte van leraar, ouderling en diaken in ag neem. Hy het die bepaalde wenke aan die hand gedoen t.o.v. barmhartigheidsdienste wat gelewer word nl. dat :

- (a) die maatskaplike werker geestelik en wetenskaplik toegerus moet word en dat hy roepingsbewus moet wees;
- (b) die beroep te alle tye ondergeskik moet wees aan die roeping, die roepingsgesindheid wat die beroep altyd tot eer sal strek, en dat die toepassing van sy wetenskaplike kennis tot eer van God sal wees, en
- (c) die maatskaplike werker moet besef dat hy in diens van sy Meester en sy Kerk staan, dat hy voortdurend daarna sal moet streef om sy kennis uit te brei, dit doeltreffend toe te pas en dat hy altyd sy beroep op sodanige wyse sal handhaaf dat die barmhartigheidsdiens wat hy lewer, tot eer van sy beroep, sy kerk en sy God sal wees.

Ten slotte het McLachlan 'n pleidooi vir vernuwung aan die kerkleiers gerig :

"Die CM-Raad het gekom om te bly as een van die mooiste hulpmiddele wat eie is aan die NG Kerk se barmhartigheidsdiens. Ons moet nooit vir sy foute blind wees nie. Nooit bang wees om reg te stel waar fouteer is nie." (3)

B. VERDERE ONTWIKKELING IN DIE CMR

McLachlan se besoek het geen snelle verandering en ontwikkeling tot gevolg gehad nie maar wel geleidelike veranderings en met verloop van tyd is verskeie beleidsbesluite geneem wat McLachlan in die vooruitsig gestel het.

In sy verslag vir die periode 5 November 1963 tot 30 September 1964 het ds Potgieter, sekretaris van die CMR, melding gemaak van die merkwaardige vooruitgang wat daar gemaak is. Hy het aangetoon dat die werk van die CMR meer stabiliteit bereik het maar dat daar egter nog groot leemtes bestaan o.a. ten opsigte van die belangstelling en samewerking van die publiek. Die nuwe grondwet van die CMR was reeds vanaf 1 Januarie 1964 in werking en inrigtingsorg het sedertdien onder die SKDB gesorteer. Voorts het hy gerapporteer dat die Departement van Volkswelsyn en Pensioene baie gevalle aan die CMR oorgedra het. Die lede van die CM-Komitee in Windhoek het egter gedurig gewissel en die werksaamhede van hierdie komitee was derhalwe gekortwiek vanweë die gebrek aan kontinuïteit.

Gedurende dieselfde tydperk is daar 'n onderhoud met die hoof van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene aangevra sodat die volgende versoeke aan hom gerig kon word :

- (a) dat 'n toesighoudende beampte aangestel word, dat hierdie persoon se salaris deur genoemde departement gesubsidieer sal word en dat
- (b) administratiewe hulp, skryfbehoeftes, die huur en instandhouding van geboue ook deur die departement gesubsidieer word. Al twee hierdie versoeke is direkte uitvloeisels uit McLachlan se besoek.

Hierdie optrede is 'n bewys van die kerkleiers se ernstige begeerte om die CMR op 'n suiwer en stewige fondament te stel sodat die werk kon uitbrei en vooruitgaan.

Ander ontwikkelings wat as gevolg van samesprekings tydens McLachlan se besoek plaasgevind het, ofskoon dit ook reeds vroeër ter sprake was, is die goedkeuring deur die SKDB op 3 November 1964 van die aanstelling van 'n voltydse beheerbeampte (sekretaris) vir die CMR. Die dagbestuur het ene ds DC Esterhuyse vanaf 1 Februarie 1965 in hierdie pos aangestel, waardeur 'n groot behoefte aan 'n sentrale vakkundige beheerbeampte gevul is en die maatskaplike werkers, óók op die platteland, kon reken op praktykleiding en supervisie.

In die verslag van die SKDB oor sy werksaamhede vanaf Maart 1961 tot Junie 1965, is daar gemeld dat die Administrasie van SWA die beoogde verandering van die CMR na 'n hulporganisasie van die SKDB steun. Daar is aanvaardat alle vorms van maatskaplike sorg en gesinsorgdienste deur die CMR behartig sou word. Hierdie verandering word in die afdeling C uiteengesit.

Dit dien voorts gemeld te word dat pogings aangewend is om dienste in inrigtings op 'n meer georganiseerde basis te plaas. Na die ingebruikneming van die nuwe geboue van die Werth-tehuis (**sien Hoofstuk V**), is daar besluit om reglemente op te stel waarin posoms krywings en diensvoorwaardes duidelik uiteengesit is. Die doel hiervan was om meer doeltreffende dienste te lewer. Die SKDB het derhalwe 'n uniforme beleid t.o.v. al die tehuse onder sy beheer opgestel.

In die verslag van die CMR wat voor die HE Sinode van 1965 gedien het, is die dienste van die onderskeie maatskaplike werkers te Windhoek, Walvisbaai, Tsumeb en Keetmanshoop deeglik bespreek. In sommige van hierdie areas was daar reeds werk vir 'n tweede maatskaplike werker. Daar was egter ook probleme ondervind, veral t.o.v. afstande tussen dorpe in een area, gebrek aan samewerking van die kant van kerkrade en veral diakonieë, en 'n groot behoefte aan praktykleiding. Met die aanstelling van Esterhuyse as sekretaris, sou laasgenoemde leemte tot 'n groot mate uit die weg geruim word. Hospitaalbearbeiding en gevangenisorg het ook onder die sekretaris se pligte geressorteer wat, tesame met besoeke aan buite kantore, vanuit die staanspoor reeds 'n groot verantwoordelikheid op sy skouers geplaas het.

Dit was steeds die kerk se uitgangspunt dat dit die uiteindelijke doel van sy barmhartigheidsdienste moet wees dat elke persoon met Christus

gekonfronteer moet word. Die maatskaplike werkers het derhalwe die probleme wat die gesinne ondervind het, gebruik om by hul geestelike behoeftes uit te kom sodat daaraan voldoen kon word. Daar kon egter nie uit die oog verloor word dat die maatskaplike probleme in die moderne lewe en gesin al hoe moeiliker geword het nie, en dus meer intensiewe aandag en kennis van maatskaplike werkers sou vereis.

C. VERVANGING VAN DIE CMR DEUR DIE SKDB

Alhoewel McLachlan reeds in 1963 gepleit het vir herorganisasie in die kerk se barmhartigheidsdienste en daar reeds heelwat vordering in hierdie verband gemaak is, het die grootste mate van herorganisasie eers in 1966 en 1967 plaasgevind. Soos met alle veranderinge en nuwe idees, is daar eers 'n aanpassingstydperk voordat die beoogde veranderinge in werking gestel word. Die tyd het egter ryp geword vir hierdie veranderinge en 'n nuwe era in die kerk se barmhartigheidsdienste is ingelei. Op administratiewe vlak het die dood van ds Potgieter op 29 Mei 1966 bepaald hiertoe bygedra. Hy het hom vir baie jare vir die georganiseerde welsynsdienste in SWA beywer en het die beginjare van 'n ontwikkelings tydperk in die geskiedenis van die CMR beleef. Hy sal onthou word as 'n pionier op die gebied van die CMR in SWA, 'n man wat sy God en volk trou gedien het. Na sy heengaan, maar nog vóór die bevestiging van 'n nuwe sekretaris van die SKDB, is daar in die notule van 'n Ad Hoc-Kommissie van die SKDB op 1 Julie 1966 gemeld dat die SKDB as welsynsorganisasie in SWA moes registreer. Die kerkwet sou as basis dien, met byvoegings soos deur die Ordonnansie op Welsynsorganisasies van 1965 vereis. 'n Grondwet van die SKDB van die Ned. Geref. Kerk in SWA met die oog op registrasie as welsynsorganisasie is opgestel vir goedkeuring en voorlegging aan die daaropvolgende Sinode, en afgestuur aan die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. **(Sien Bylaag IV).**

Met die bevestiging van ds MM Nieuwoudt as Saakgelastigde van die Ned. Geref. Kerk in SWA op 25 September 1966, het 'n nuwe era in die barmhartigheidsdiens van die kerk begin. Daar is dadelik voortgegaan met die registrasie van die SKDB as welsynsorganisasie en daarna het herorganisasie van die kerk se barmhartigheidsdienste aandag geniet.

Die SKDB het op 30 Augustus 1967 vir hierdie doel vergader en die verrigtinge is uitvoerig genotuleer. Beide McLachlan (toe reeds L.V.) en dr HJ Piek, sekretaris, AKDB, het leiding in hierdie verband gegee. Die CMR, soos dit bestaan het, moes verdwyn, en sou in die toekoms die hulporganisasie van die SKDB word. Die SKDB sou in die toekoms met die staat namens die Ned. Geref. Kerk in SWA onderhandel aangesien hierdie liggaam en nie die CMR nie reeds aan die einde van 1966 as welsynorganisasie geregistreer is. Die hoofvolkswelsynbeampte, mnr BC Loots, het toegesien dat daar in al hierdie onderhandelinge en veranderings aan die vereistes van die onderskeie welsynswette voldoen is. Daar was enkele tegniese probleme wat nog uitgestryk moes word nl. die mening van Nieuwoudt dat die Sinode en die Wetgewende Vergadering van SWA toestemming moes gee tot sodanige oornome van die CMR deur die SKDB; die posisie van die sekretaris, aangesien sy pos as 'n gesubsidieerde pos as toesighoudende maatskaplike werker goedgekeur is; en die feit dat almal by daardie spesifieke vergadering nie meer amptelike lede van die SKDB was nie maar wel van die voormalige CMR. Al hierdie faktore is in ag geneem en die sekretaris het onderneem om verslag aan die Ringe en Scriba Synodi te doen. Die memorandum wat Nieuwoudt in hierdie verband opgestel het en waarin die situasie uitvoerig bespreek is, word as **Bylaag V** ingesluit. Hierdie tydperk is ook deur die SKDB aanvaar as 'n oorgangstydperk tot die volgende Sinode.

In die proses soos hierbo uiteengesit, het die CMR as geregistreerde welsynorganisasie en tussenliggaam tussen kerk en staat derhalwe verskyn. Sy grootboekrekening is as deel van die SKDB se grootboekrekening opgeneem. Die nuwe CM-Rade is Ringsgewys as hulporganisasies van die SKDB saamgestel in die plek van die CM-Komitees, en hul eie konsep-huishoudelike reëls is goedgekeur. Voortaan sou alle werksaamhede van die CMR volgens die grondwet van die SKDB en dus ten volle onder beheer van die Ned. Geref. Kerk in SWA ressorteer.

Volgens die Huishoudelike Reëls vir die CMR (sien **Bylaag VI**) as hulporganisasie van die SKDB, was die doelstelling van die CMR om dienste aan behoeftige- en maatskaplik-wanaangepaste volks- en geloofsgenote te lewer. Verder was dit sy taak om maatskaplike behoeftes te identifiseer en dienste te reël en te lewer om in hierdie behoeftes te voorsien in samewerking met die staat, ander welsyns-

organisasies en die vrywilligers. Van alle dienste wat gelewer is, moes volledig verslag gedoen word op vasgestelde tye aan die SKDB. Ander verpligtinge t.o.v. fondse en samestelling van CMR word volledig beskryf in **Bylaag VI**.

Die einde van die eerste tien jaar van die CMR in SWA breek aan deur die verdwyning van die eerste georganiseerde welsynsdienste van die Ned. Geref. Kerk in SWA, en die geboorte van 'n goedgeorganiseerde hulporganisasie wat direk onder beheer van die kerk se aanvaarde barmhartigheidsdiens gestaan het. Alle eer moet aan die mense gegee word wat hierdie droom kon help verwesenlik, met die uitsluitlike doel om hul God te vereer.

Die nuwe era vir die CMR in SWA het begin en die pad vorentoe is met geloof, sekerheid en optimisme betree. Hierdie liggaam moes sy eie identiteit as hulporganisasie van die SKDB ontwikkel. In die volgende hoofstuk word die ontwikkeling van beleid en 'n nuwe identiteit van die CMR as hulporganisasie van die SKDB in detail bespreek.

VERWYSINGS

- (1) Notule van SKDB : 17.7.1957 - 20.10.1965, p. 352
- (2) Notule van SKDB : 17.7.1957 - 20.10.1965, p. 367
- (3) " " " " p.386

HOOFSTUK VII

DIE ONTWIKKELING VAN BELEID EN 'n EIE IDENTITEIT

Nadat die nuwe goedgekeurde grondwet van die SKDB in werking getree het, het die CM-Rade in Suidwes-Afrika 'n nuwe fase van ontwikkeling betree. Die barmhartigheidsdienste van die kerk was voorts 'n suiwer kerklike aangeleentheid. Die verantwoordelikheid vir belangrike besluite t.o.v. beleid, samesprekings met die staat en die administratiewe take, insluitende inrigtingsorg, wat met so 'n groot organisasie gepaard gaan, het nou by die SKDB berus. Die onderskeie CM-Rade kon al hul aandag en kragte by hul primêre taak bepaal, nl. barmhartigheidsdienste. In hierdie hoofstuk word daar hoofsaaklik aan twee aspekte aandag geskenk: 'n oorsig oor die eerste tien bestaansjare van die CMR en die pogings van die nuwe CM-Rade om in die nuwe bedeling 'n eie identiteit en beleid te ontwikkel.

A. BEKNOPTTE OORSIG OOR DIENSTE GEDURENDE DIE EERSTE TIEN JAAR

T.o.v. die nuwe tydperk wat 'n aanvang geneem het toe die CMR 'n hulporganisasie van die SKDB geword het, is dit nodig om allereers 'n oorsig te gee van die dienslewering wat hierdie nuwe era voorafgegaan het. 'n Oorsigtelike verslag is aan die SKDB vir die jaar geëindig 30 Junie 1967 voorgelê, en hieruit kon die vooruitgang van die werksaamhede duidelik afgelei word, beide wat inrigtingsorg en gesinsorgdienste aanbetref.

In die eerste plek is daar verslag gedoen oor die inrigtings vir bejaardes. Na die heengaan van ds Potgieter is daar besluit om die Werth-tehuis vir Bejaardes na hom te vernoem. Die Algemene Sinodale Kommissie het aan sodanige versoek van die SKDB voldoen, en op sy vergadering op 30-31 Augustus 1967 het die SKDB besluit om die tehuis voortaan die 'JT Potgieter-tehuis vir Bejaardes' te noem. Gedurende die eerste jaar na oornome deur die CMR was daar gemiddeld 18 inwoners per maand. Na 7 jaar het hierdie getal gegroei tot 61, met 26 in die afdeling vir verswaktes. Daar is in hierdie verslag gemeld dat die inwoners deurgaans gelukkig gevestig was, dat personeelprobleme verminder het, deels as gevolg van die diensvoorwaardes en -reglemente wat opgestel is, en dat gereelde geestelike en ontspanningsaktiwiteite aangebied is en

waarby grotendeels van vrywilligers gebruik gemaak is. Verdere uitbreidings was noodsaaklik en is reeds op daardie stadium oorweeg. 'n Volledige verslag oor die tehuis vir bejaardes te Keetmanshoop is nie ontvang nie, maar daar is wel melding gemaak dat die gladde verloop daarvan ietwat gestrem word deur voortdurende personeelwisseling. Oor die algemeen was die inwoners gelukkig en ontspanningsaktiwiteite is ook met behulp van vrywilligers uit die gemeenskap aangebied. By hierdie tehuis was daar ook 'n behoefte aan uitbreiding, veral t.o.v. 'n afdeling vir verswaktes. Daar was derhalwe vordering op die gebied van inrigtingsorg vir bejaardes en die hulp van vrywilligers kon benut word - 'n aspek wat as onontbeerlik vir suksesvolle en doeltreffende inrigtingsorg vir bejaardes aanvaar word.

Tweedens het die Suidwes-Kinderoord, die kinderkuis wat die vorige jaar op 1 Augustus deur die CMR van die Administrasie van SWA oorgeneem is, aan die beurt gekom. In die verslag is melding gemaak van die veelvoud probleme wat ondervind is na oornome, veral t.o.v. die begrotingstekort, vooroordeel en hewige kritiek van die gemeenskap, kroniese personeelprobleme en afwykende gedragsvorme by die kinders. Gedurende die eerste jaar ná oornome is die geboue gerestoureer en dit het grootliks daartoe bygedra om 'n meer positiewe beeld na buite te gee. Verder is die hulp van vrywilligers ingeroep, wat enersyds die personeel se taak vergemaklik het en andersyds daartoe bygedra het dat 'n ware beeld van die inrigting aan die gemeenskap oorgedra is. Weer eens moet daar melding gemaak word van die belangrike rol wat die vrywilligers t.o.v. inrigtingsorg gespeel het.

Derdens is daar verslag van die gesinsorgdienste gedoen. Statistiek vir die jaar 1 Julie 1958 tot 30 Junie 1959 is nie volledig aangedui nie, maar dit is tog moontlik om in sommige gevalle vergelykings te tref. Die rede vir die onvolledige statistiek moet waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daar in die beginjare nie van gespesifiseerde statistiekvorms gebruik gemaak is nie, hoofsaaklik omdat daar destyds nie aan bepaalde vereistes van die Departement Volkswelsyn in hierdie verband voldoen moes word nie. Gedurende die eerste bestaansjaar is daar melding gemaak van die feit dat Windhoek se gevallelading met 40 gevalle toegeneem het. Op 30 Junie 1967 was daar reeds 156 gevalle, en 2 476 besoeke is deur twee maatskaplike werkers afgelê in vergelyking met 1 703 in die eerste jaar. Tsumeb se gevallelading het tot 69 gestyg, Walvisbaai s'n was 31 en Keetmanshoop, 'n nuwe pos, het 100 beloop. Die aantal besoeke afgelê

deur die maatskaplike werkers in Walvisbaai het vanaf 226 tot 2025 toegeneem.

Hulpverlening het verskeie vorms aangeneem, ofskoon daar hoofsaaklik van die gevallewerk-metode gebruik gemaak is. Materiële hulpverlening is verskaf, voorkomingsdienste is verleen, asook beraadslaging, raadgewing en leiding. Ontwrigte gesinne, veral dié waarby kinders betrokke is, het baie aandag geniet. Groepwerkdienste is by die JT Potgieter-tehuis vir Bejaardes aangebied, en naaldwerkklassie het elke tweede week in Walvisbaai plaasgevind. Die kinderklub wat vir etlike jare in hierdie hawedorp gefunksioneer het, moes egter gedurende 1966 gestaak word aangesien daar nie genoeg hulp uit die gemeenskap, veral vroue, gevind kon word nie.

Dit kan dus afgelei word dat die maatskaplike werk-dienste wat deur die CMR gedurende die eerste 10 jaar van sy bestaan gelewer is, bestendig uitgebrei het, ten spyte van probleme wat in hierdie eerste jare van ontwikkeling ondervind is.

B. ONTWIKKELING VAN BELEID EN DIENSLEWERING EIE AAN DIE CMR IN SWA

Gedurende die eerste tien jaar het maatskaplike werk-dienste op omvattende wyse uitgebrei. Omdat die nuwe tydperk sy eie wedervaringe en probleme gehad het, het die CMR sy beleid t.o.v. maatskaplike werk-dienste en ander vorms van dienslewering gewysig en aangepas by die heersende omstandighede. Die CMR het dus 'n eie identiteit ontwikkel.

Uit die nuwe beheerbeampte van die CMR se verslag wat op 30 Augustus 1967 by die CMR in Windhoek ingedien is, was dit duidelik dat hy allerlei probleme ondervind het en dat 'n nuwe beleid aandag moes geniet. Esterhuyse was van mening dat die CMR in sy bestaande vorm nie doeltreffend gefunksioneer het nie en dat die grondwet gewysig moes word, wat tewens kort hierna gedoen is. Hy het ook probleme met plattelandse besoeke ondervind omdat hy die buite-kantore nie genoegsaam kon besoek nie. Voorts is daar met die Administrasie van SWA probleme ondervind wat opnames van bejaardes betref omdat daar van die maatskaplike werkers wat reeds met werk oorlaai was, bykomende administratiewe pligte vereis is. Esterhuyse het in sy beplanning vir die toekoms gepleit vir die aanstelling van bykomende

maatskaplike werkers te Usakos en Keetmanshoop en vir deelydse administratiewe hulp te Walvisbaai. Hy het ook versoek dat 'n behoefte-bepaling in die Noorde van Suidwes-Afrika gedoen word en dat die hoofvolkswelsynbeampte in verband hiermee geraadpleeg moes word. Hierbenewens het Esterhuise gemeld dat 'n handleiding vir maatskaplike werkers 'n noodsaaklikheid is. Indiensopleiding was nodig geag ten einde die gehalte van dienslewering te verbeter. Uit sy verslag was dit duidelik dat maatskaplike werk-dienste aanmerklik uitgebrei het maar dat dit afgerond en meer doeltreffend uitgebou moes word.

By die vergadering van die dagbestuur van die SKDB op 24 Oktober 1967 is daar aangekondig dat Esterhuise 'n beroep na elders aanvaar het. Daar is toe besluit om vir 'n senior maatskaplike werker te adverteer, 'n persoon wie se akademiese opleiding en ondervinding sou voldoen aan die vereistes soos deur die Departement Volkswelsyn en Pensioene daargestel. Maatskaplike werk-dienste het toe al dermate uitgebrei dat senior poste nie slegs as noodsaaklik geag is nie maar ook streng vereistes is gestel t.o.v. opleiding en ervaring. Hierdie pos sou dus 'n beheerpos wees wat deur die Departement Volkswelsyn en Pensioene gesubsidieër moes word. Met inagneming van die persoon se kwalifikasies en ondervinding sou daar aan die groot behoefte voldoen word nl. die aanstelling van 'n praktykleier wat aan die ander maatskaplike werkers die nodige leiding en onderskraging sou kon gee. Die kans was skraal dat 'n predikant in hierdie betrekking aangestel kon word omdat hy nie die vereiste maatskaplike werk-ondervinding sou hê nie. In hierdie betrekking is toe ene mev MM Scholtz aangestel vanaf 1 Februarie 1968. Haar pos was 'n suiwer maatskaplike werk-pos, en die bykomende verpligtinge wat Esterhuise gehad het nl. gevangenisorg en hospitaalbearbeiding, het weggeval. Alle aandag kon dus op suiwer maatskaplike werk-dienste bepaal word. Die uitbreiding van die senior maatskaplike werker se werk en verantwoordelikhede is sistematies en doelgerig aangepak en dit het 'n opvallend positiewe invloed op die gehalte van dienslewering gehad.

Toe die Departement Volkswelsyn en Pensioene in verband met die uitbreiding van dienste en die aanstelling van bykomende maatskaplike werkers genader is, het hierdie departement versoek dat Usakos by Walvisbaai en Outjo, Otjiwarongo, Otavi en Grootfontein by Tsumeb

ingesluit word. Verdere uitbreidings het gevolg met die aanstelling van 'n tweede maatskaplike werker in Windhoek in die persoon van mev SG Oosthuizen vanaf Januarie 1969.

Tydens die vergadering van die SKDB op 5 en 6 Oktober 1968 is daar aangekondig dat die memorandum i.v.m. die vervanging van die CMR met die SKDB uiteindelik goedgekeur is, asook die Reglement vir CM-Rade as Hulporganisasies. (sien **Bylaes IV, V en VI**). Daar is egter probleme ondervind t.o.v. die verhouding tussen die CMR en kerkrade omdat hul onderskeie sienings van die werk verskil het. Ten einde hierdie probleme uit te skakel, is daar besluit dat die CMR in die onderskeie Ringe konferensies moes reël vir diakonieë ten einde hierdie aspek van die werk te verduidelik, dat die handleiding vir diakens onder kerkrade en die CM-Rade versprei moes word, en dat spesiale klem op Diens van Barmhartigheid tydens die Sinode in 1969 sou val. Verskeie sprekers moes genader word om SWA in hierdie verband te besoek. Hierdie beklemtoning van die verhouding tussen die CMR, kerkrade en die vakkundiges het die uitbou van 'n eie identiteit vir die CMR bevorder.

In haar verslag vir die tydperk 1 Julie 1967 tot 30 Junie 1968 het die senior maatskaplike werker die volgende oorsig oor die nuwe CMR gegee:

"Die ou CM-Komitees wat vanaf 1960 bestaan het uit verteenwoordigers van die NG Kerk en Administrasie, is op 30 Augustus 1967 vervang deur die CM-Rade waarop slegs verteenwoordigers van die NG Kerk sitting het. Die diens is dus nou suiwer 'n kerklike aangeleentheid, hoewel dit ook aan gesinne van ander kerke en belydenisgroepe aangebied word. Die SKDB is as welsynorganisasie geregistreer en die CM-Rade nie, aangesien laasgenoemde slegs die hulporganisasies van die SKDB is. Terwyl die Administrasie 'n groot deel van die finansiële verpligtinge dra by wyse van subsidies, is die SKDB verantwoordelik vir sommige uitgawes terwyl die CM-Rade die res van die fondse moet vind." (1)

Die sekretaris van die SKDB het hierdie ontwikkeling as volg beskryf:

"MAATSKAPLIKE DIENSTE: TOTAALBEELD: Die Kerk lewer dienste d.m.v. sy vakkundiges oor die hele gebied. Die gesinsorgdienste staan onder beheer van die onderskeie CM-Rade en die Inrigtingsorgdienste onder beheer van die onderskeie Beheerrade.

...Vakkundige dienste: Die vakkundige poste is 6 in getal en staan onder leiding van die Senior Maatskaplike Werkster (Praktykleidster of Supervisor). Hierdie poste bestaan te Windhoek (2), Tsumeb, Walvisbaai en Keetmanshoop." (2)

"Die oorskakeling tot die nuwe bedeling was louter wins deurdat hierdie werk nou 'n suiwer kerklike stempel dra en ons vakkundige personeel by ons SKDB en Ringe tuisgebring is." (3)

Die kerk se primêre doelstelling nl. dat alle barmhartigheidsdienste binne sy organisasie se toesig en beheer moet wees, is derhalwe uiteindelik verwesenlik. Dit was die beleid van die SKDB dat alle vakkundige dienste deur opgeleide personeel van die CMR behartig word, ofskoon deur homself gekontroleer, terwyl daar streng aan die vereistes van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir subsidie-doeleindes voldoen sal word. Volle vakkundige dienste is aan alle inwoners in die inrigtings beskikbaar gestel asook aan die kinders in die kinderoord. Daar is egter altyd van vrywilligers gebruik gemaak om hulle by gemeenskapsdiens te betrek ten einde die taak van die vakkundiges te vergemaklik.

Op die gebied van gesinsorgdienste het die CMR 'n tyd van ongekende groei beleef. Volgens die punte-stelsel wat deur die Departement Volkswelsyn en Pensioene ingestel is, kon daar nog poste geskep word. So is daar bv. by die SWA-Administrasie aansoek gedoen vir goedkeuring van vier poste nl. te Windhoek, Walvisbaai, Otjiwarongo en Gobabis. Terselfdertyd is subsidies aangevra t.o.v. deelydse administratiewe personeel. Na inspeksie wat deur die hoofwelsynbeampte uitgevoer is, het hy 'n tweede pos vir Walvisbaai, 'n derde pos vir Windhoek en 'n pos vir Otjiwarongo aanbeveel. Die subsidiering van 'n deelydse sekretaresse is ook goedgekeur. Op 12 Oktober 1972 is die twee heelydse poste goedgekeur, maar nie die deelydse pos te Otjiwarongo nie. Teen Junie 1973 is daar ook 'n heelydse pos te Mariental gevul en 'n heelydse sekretaresse op Walvisbaai.

Wat die beleid van die samewerking met die verskillende diakonieë betref, is verskeie kursusse vir diakens deur kerkrade aangebied en hierna is sekere gevolgtrekkings gemaak wat aandag moes geniet nl. -

- (a) dat die diakens baie pertinent by die werksaamhede van die barmhartigheidsdienste betrek moes word;

- (b) dat daar ook verteenwoordigers van die diakonieë op die SKDB en RKDB moes wees, en
- (c) dat meer diakens op beheerrade van inrigtings en die CM-Rade moes dien.

Die verstandhouding en samewerking tussen diakonieë en maatskaplike werkers kon sodoende verbeter word en diakens kon 'n beter en meer getroue beeld van die vakkundiges se dienste verkry.

Dit was nie alleen die maatskaplike werk-dienste wat gedurende hierdie eerste tien tot vyftien jaar uitgebrei het nie. In die barmhartigheidsdienste van die kerk en dus die CMR, speel die vrywilliger ewe-eens 'n baie belangrike rol. Daar word derhalwe in **Deel D** spesiale aandag aan die uitbreiding van dienste geskenk en in die volgende hoofstuk meer bepaald op die vrywilliger en sy plek in die welsynopset van die NG Kerk in SWA gekonsentreer.

VERWYSINGS

- (1) Notule van SKDB : 1965 - 1969, p.249
- (2) " " " p.350
- (3) " " " p.235

DEEL D

UITBREIDING VAN DIENSTE

HOOFSTUK VIII

VRYWILLIGE DIENSTE

In die volgende hoofstukke is daar meermale melding gemaak van die bydraes van vrywilligers ten opsigte van die ontwikkeling en vestiging van 'n eie welsynsdienste van die Ned. Geref. Kerk in SWA. Dit is die bedoeling om in hierdie hoofstuk 'n meer geordende samevatting te gee van die rol van hierdie onontbeerlike hulpkrigte - dié lidmate van die Ned. Geref. Kerk in SWA sonder wie se bydrae die CMR beswaarlik sou kon ontwikkel.

A. DEFINISIE EN OMSKRYWING

'n Vrywilliger op die welsynsterrein kan omskryf word as "(n) Persoon wat sonder geldelike vergoeding welsynsdienste verrig of daarmee behulpsaam is."**(1)** Hierdie hulpkrigte is mense uit die gemeenskap wat dienste lewer ten einde die maatskaplike welsyn van individue of groepe te bevorder. Vir hierdie dienste ontvang die vrywilliger nie geldelike of ander vorms van vergoeding deur die welsynsinstantie aan wie hy dienste lewer nie. In die barmhartigheds- en welsynsdienste van die kerk word dit veronderstel dat hierdie vrywillige dienste spruit uit die persoon se liefde vir God en inopdrag van God se geboeie van naasteliefde. **(sien Hoofstuk I).** Die vrywilliger is enige persoon, ongeag sy opleiding, beroep of posisie, wat hierdie liefdesdiens verrig om die nood van sy medemens te verlig.

B. DIE VRYWILLIGER SE ROL IN WELSYNSWERK IN SWA

Daar is, soos in Hoofstuk I aangetoon, weinig feite beskikbaar oor die eerste welsynsdienste wat in SWA gelewer is. Wat wel bekend is, is dat georganiseerde welsynsdienste, soos by feitlik alle welsynsorganisasies, tot stand gekom het as gevolg van die rol wat die vrywilliger gespeel het. So bv. het die Kerklike Vroue Vereniging van Usakos in 1950 verhoë aan die Administrateur van SWA gerig in verband met 'n dringende behoefte aan 'n kinderskool. Daar was ook die Vroue- en Moederbeweging van Windhoek wat in 1952 vir die toepassing van die

Kinderwet van SA (Wet Nr. 31 van 1937) in SWA gepleit het. Feitlik elke kerkgenootskap het 'n groep vrywilligers gehad - hoofsaaklik vroue - wat by welsynswerk en die opheffing van hul medemens betrokke was. Hierdie vrywilligers het voor die koms van georganiseerde welsynswerk, hulle vir sodanige dienste beywer. Die 'Council of Women in SWA' het bv. in 1957 'n brief aan die Sekretaris van die SWA-Administrasie gerig en gevra vir die aanstelling van 'n welsynsbeampte in SWA. Hierdie versoek is gerig as gevolg van kindermishandeling en -verwaarlosing wat onder hierdie Raad se aandag gekom het. Van Zyl beskryf die rol wat hierdie persone en groepe gespeel het in sy uiteensetting van die ontwikkeling van welsynsdienste in SWA :

"...(dit) blyk ook of daar 'n mate van belangloosheid en 'n skeptiese benadering tot die probleem bestaan het. Dit is ook baie duidelik dat welsynsdienste in baie opsigte, miskien nie afgeskeep was nie, maar meer as weeskind behandel is. ... Wat egter soos 'n paal bo water staan, is dat daar baie instansies, kerklik sowel as nie-kerklik, asook individuele persone in die gemeenskap was wat nie met hierdie toedrag van sake genoeg geneem het nie. Dat hierdie instansies en persone 'n opdraende stryd gevoer het om die lewering van welsynsdienste erken te kry is seker ..." (2)

Nadat welsynsdienste gedurende die vyftigerjare georganiseer en ontwikkel het, het die vrywilliger steeds 'n belangrike rol gespeel. Hulp is verleen in die vorm van komitees wat vervoer, fondsinsameling, verskaffing van kos en klerasie aan behoeftiges, ontspanning by inrigtings en ander soortgelyke dienste gereël het. Vrywilligers het deurgaans, soos by ander welsynsorganisasies, 'n onontbeerlike rol gespeel waarsonder die las op die vakkundige en administratiewe personeel beslis baie groter sou gewees het.

C. DIE VRYWILLIGER SE PLEK IN DIE BARMHARTIGHEIDSDIENS VAN DIE NED. Geref. KERK IN SWA

Reeds in 1957 toe die destydse armesorgsekretaris, ds PJ Fourie, oor sy besoek aan die kerkkantoor in Kaapstad verslag gedoen het, is daar gepleit vir 'n kerklike sustersvereniging wat op die gebied van die welsyn van die lidmate van die kerk 'n bydrae kon lewer. Die armesorgsekretaris van die Ned. Geref. Kerk in Kaapstad het hierdie wenk aan die hand gedoen op grond daarvan dat sodanige diens veels te laat in sy kerk ontgin is. (Sien Hoofstuk II par. 3).

Hierdie mening word in 1963 deur dr McLachlan herhaal in sy pleidooi vir 'n beter georganiseerde vroueorganisasie in die barmhartigheidsdienste van die kerk. (sien Hoofstuk VI punt A.1 (d)).

In sy verslag aan die AAK vir die tydperk 1 Julie 1957 tot 30 Junie 1958, meld Fourie dat die Sinodale Kommissie reeds sy goedkeuring vir die stigting van 'n sustersvereniging gegee het op 11 en 12 November 1958. Tydens 'n vergadering van die vroue-lidmate van die Ned. Geref. Kerk in SWA is daartoe oorgegaan om 'n Ned. Geref. Vrouevereniging (NGVV) te stig. Binne die eerste jaar is 14 takke gestig. Die doelstellings van die NGVV is reeds in **Hoofstuk II, par. 11** aangetoon. Hierdie doelstellings kom kortliks daarop neer dat die vrouelidmate hul altyd tot beskikking van die kerk stel op die gebied van maatskaplike welsyn en barmhartigheidsdiens van die kerk. Dit sluit gesinsorg, kindersorg en inrigtingsorg in. Besonderhede oor hierdie aspek is vervat in **Bylaag VII**. Die werksaamhede van die NGVV kom onder beheer van die verskeie komitees nl. komitee vir maatskaplike sorg, groepwerk-komitee en hulp-aan-huismoederskomitee. Twee dames, mev. WB Tolmie en MA Scholtz, het die hoofbestuur van die NGVV op die CM-Raad in Windhoek verteenwoordig.

Gedurende die eerste paar jaar is daar probleme met hierdie nuwe organisasie ondervind, en in die verslag van die AAK aan die Sinode van 1961 is verslag gedoen van die aktiwiteite en probleme van die NGVV. Die belangrikste probleme wat ondervind is, is o.a. dat die doel van hierdie kerklike organisasie verkeerd verstaan en geïnterpreteer is, dat kerkrade dit nie doeltreffend benut het nie en dat alle vroue-lidmate van die kerk nie by hierdie liggaam aangesluit het nie. Ook het die lede van die NGVV gevoel dat hulle nie voldoende op die CMR en beheerraad van die Werth-tehuis verteenwoordig word nie. Daar is gepleit vir die terugkeer na die oorspronklike doelstelling van die organisasie :

"Ons wil voortgaan op die weg wat ons op ons stigtingskongres ingeslaan het, naamlik om 'n hulpdiens te wees vir ons kerk, vir die kerklike ampte van leraar, ouderling en diaken, asook om 'n hulpdiens te wees vir die CMR wat professionele dienste op die gebied van maatskaplike werk en inrigtingsorg lewer. Ons wil liefdesdiens lewer wat sal strek tot eer van God, tot uitbreiding van Sy koninkryk en tot opbouing van die gemeentes van ons Kerk." (3)

Namate die welsyndienste van die kerk uitgebrei het, het die vrywilligers 'n belangriker rol gespeel. Groepbyeenkomste in die vorm van werkklassse, werkgeselskappe en 'n klub vir bejaardes is met behulp van die lede van die NGVV begin en lede van hierdie vereniging is op beheerrade van inrigtings benoem. Vyf takke van die NGVV het in die jaar 1 Julie 1963 tot 30 Junie 1964 reeds finansieël tot die koste van die CMR-dienste bygedra. Gedurende dieselfde tydperk kon die NGVV getuig dat 10 takke die dienste van 'n CMR-werker tot hul beskikking gehad het, en agt van hierdie takke is ook op plaaslike komitees van die CMR verteenwoordig. Toe daar in Oktober 1965 'n verslag aan die Sinode van 1965 in Windhoek gedoen is, is daar klem gelê op die feit dat gesinsorg 'n uiters belangrike deel van die CMR-dienste vorm en dat elke maatskaplike werker 'n plaaslike gesinsorgkomitee benodig om bystand te verleen met vakkundige werksaangeleenthede, veral t.o.v. die werkklassse, asook die insameling, sortering en verspreiding van klerasie en kosvoorrade. Hierdie dienste geskied in samewerking met die betrokke maatskaplike werker, wat meebring dat hy meer tyd en aandag aan sy vakkundige dienste kan wy. In Windhoek alleenlik was sewe gemeentes op hierdie komitee verteenwoordig. Toe die NGVV se jaarverslag aan die SKDB se jaarvergadering in 1968 voorgelê is, is as volg gerapporteer:

"... Dit is die ernstige begeerte van die NGVV om die kerk van diens te wees en wil graag 'n tak in elke gemeente hê. ... het die Hoofbestuur ook besluit om die jaarlikse paaielemente/rente/assuransie van die kinderoord vir hul rekening te neem.

Ringverteenwoordigers moet hul asb. sterk beywer vir die stigting van takke in hul gemeentes ..." (4)

Uit hierdie verslag is dit duidelik dat die vroue-lidmate van die kerk begerig was om 'n bydrae tot die barmhartigheidsdienste te lewer.

Sóos in die geval van die CMR, het dit nodig geword om van tyd tot tyd veranderings in die organisasie aan te bring ten einde funksionering meer doeltreffend te maak. Om die organisasie van die NGVV te wysig sodat dit meer met dié van die kerk op Rings- en Sinodale vlak in lyn kon kom, het die Sinode van 1969 die volgende versoeke van die NGVV-hoofbestuur goedgekeur :

"1. Die Vrouehulpdiens moet as medium vir die organisering van die vrouelidmate van die NG Kerk in SWA aanvaar word.

2. Die HE Sinode vra alle kerkrade om leiding te neem met die onmiddellike implementering daarvan." (5)

Verder het die Sinode die volgende besluit geneem :

"... NGVV WORD VROUEHULPDIENS

... indien die aanstaande N.G.V.V.-Kongres tydens die Sinode-sitting van 1969 besluit om die N.G.V.V.-Hoofbestuur se aanbeveling goed te keur en oor te gaan tot die ontbinding van die N.G.V.V. en daarstelling van 'n Vrouehulpdiens na luid van die aangehegte konstitusie ... hul handelswyse goed te keur." (6)

Die Konsep-reglement vir die Vrouediens van die Ned. Geref. Kerk in SWA word as **Bylaag VIII** aangeheg. Hierin word voorsiening gemaak vir Diens van Barmhartigheidskomitees op gemeentelike-, Rings en Sinodale vlak, wat vanselfsprekend die vrywilliger se bydrae op hierdie gebied insluit.

Die Algemene Sinode van 1974 het bepaalde besluite geneem met betrekking tot sy kerklike verenigings. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die Vrouehulpdiens, soos in 1969, met die Vrouesendingbond saamgesmelt en een vrouevereniging nl. die Vrouediens, gevorm het. Hierdie Vrouediens is op gemeentelike, Rings- en Sinodale vlak georganiseer, op dieselfde patroon derhalwe as die kerk en het weer eens aparte komitees vir die Diens van Barmhartigheid gehad waar aan vrywilligers die geleentheid gegee is om naastediens te lewer. ('n Grondwet vir hierdie nuwe Vrouediens was ten tyde van die ondersoek nie beskikbaar nie, aangesien daar in die betrokke lêer aangeteken is dat dit elders heen gestuur is).

Ten opsigte van inrigtingsorg is daar deurgaans daadwerklik gepoog om vrywilligers uit die plaaslike gemeentes te betrek, veral by die JT Potgieter-tehuis en die Suidwes-Kinderoord. Hierdie pogings was tot 'n groot mate suksesvol en gemeentelêde het begin om gereeld besoek af te lê, inkopies namens bejaardes te doen, briewe namens hulle te skryf, pensioene te

administreer en uitstappies te organiseer. Met die oornam van die kinderhuis van die SWA-Administrasie deur die CMR op 1 Augustus 1966, is meer geleentheid geskep waar die dienste van die vrywilliger nuttig gebruik kon word. Die klem lê veral op die geestelike versorging van die kinders. Behalwe die bywoning van eredienste en Sondagskool in die naaste gemeente, d.i. die Eros-gemeente, reël die KJV-lede om die betrokke inrigting een maal per week te besoek vir die doel van sang en kinderbidure. Verskeie komitees is begin waarby 'n groot aantal vrywilligers betrek is nl. die bou-, leerlingaangeleentheids-, kombuis-, haarsny-, ontspannings-, tuin-, kameruitrusting-, naaldwerk- en vakansieuitplasingskomitees. Elke komitee het 'n bepaalde funksie om te verrig en sy dienste het onontbeerlik vir die doeltreffende bestuur van die inrigting geword. Die komitees vergader gereeld en die betrokke maatskaplike werker van die CMR kan konstant op hierdie komitees staatmaak om te help of om die nodige inligting in verband met die werk te verskaf. Gedurende die eerste jaar na oornam deur die CMR het die Suidwes-Kinderoord 'n negatiewe beeld na buite gehad. Die vrywilligers wat dienste gelewer het, kon gelukkig daartoe bydra dat 'n beter beeld uitgedra word omdat hulle self ondervind en waargeneem het wat daar in hierdie belangrike inrigting vir sorgbehoewende kinders gedoen word. Hul dienste vergemaklik die personeel se taak en in sy verslag aan die SKDB-vergadering op 30 Augustus 1967, het die sekretaris verklaar dat die dienskomitees wat vir die Suidwes-Kinderoord georganiseer is, uitstekende werk doen. Daar kan afgelei word dat hierdie komitees, derhalwe die vrywilligers, 'n onmisbare skakel in die ketting van die lewering van welsynsdienste geword het.

Uit die voorafgaande samevatting van die dienste wat deur die vrywilliger in die barmhartigheidswerk van die Kerk gelewer word, is dit duidelik dat 'n goed-georganiseerde vrywilligersdiens die werk van die maatskaplike werker vergemaklik en dit ook meer doeltreffend maak en terselfdertyd 'n geleentheid tot naastediens bied.

Bo en behalwe die gebruik en uitbreiding van die vrywilligersdiens, het die CMR ook op spesifieke terreine dienste gelewer. Hierdie dienste word in **Hoofstuk IX** uiteengesit.

VERWYSINGS

- (1) Woordeboek vir Maatskaplike Werk van die Departement Volkswelsyn en Pensioene, p.68
- (2) N van Zyl, Die ontstaan en ontwikkeling van welsynsdienste in SWA : 1920 - 1975, p.6
- (3) Handeling van die Tweede Vergadering van die HE Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA gehou te Windhoek op 1 Maart 1961 en daaropvolgende dae, p.193
- (4) SKDB Agenda en Skemas vir die Jaarvergadering van 1967/1968, p.75
- (5) Handeling van die HE Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA : 1969, p.730
- (6) Handeling van die HE Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA : 1969, p.403

HOOFSTUK IX

SPECIALISASIE

Soos verwag kon word, het die uitbreiding van die welsynsdienste gepaard gegaan met veral groter aanvraag na personeel en geld en dit het algaandeweg duidelik geword dat spesiale aandag aan bepaalde probleemareas gegee moes word. Soms het die CMR nie slegs die inisiatief geneem om hierdie behoeftes bekend te stel nie, maar in verskeie gevalle die nodige dienste self gelewer. Soms moes daar van reeds bestaande dienste gebruik gemaak word, al was dit nie plaaslik beskikbaar nie. Verskeie van die probleemareas het gespesialiseerde dienslewering nodig gemaak, die belangrikse vorms waarvan in hierdie hoofstuk aangetoon word.

A. ALKOHOLISME

1. Algemene Agtergrond

Reeds in die eerste jaarverslag van die CMR wat vir die tydperk 1 Julie 1958 - 30 Junie 1959 ingedien is, is daar van drankmisbruik melding gemaak wat algemeen in probleem-situasies m.b.t. die gesinslewe wat deur die maatskaplike werkers hanteer is, voorgekom het. Drankmisbruik hang meesal ten nouste saam met huweliksprobleme, kinderverwaarlosing en -mishandeling en is 'n probleem wat reeds van die aanvangsjare van georganiseerde dienslewering aandag geniet het. Alhoewel daar in Grobler se verslag insake die welsynsdienste in SWA gedurende 1957 (**sien Hoofstuk IV**) meermale melding gemaak is daarvan dat drankmisbruik nie dikwels voorkom nie, is dit wel as 'n probleemarea in Tsumeb en Walvisbaai uitgekken, waarskynlik vanweë die spesifieke aard van hierdie twee gemeenskappe. Tsumeb is in hoofsaak 'n myndorp en Walvisbaai 'n nywerheidsarea met die kenmerkende eienskap van wisseling van bevolking. 'n Ander faktor in hierdie verband wat moontlik 'n rol mag speel, het onder die aandag van die ondersoeker gekom ten tyde van 'n gesprek met die landdros van Gobabis, nl. dat maatskaplike euwels van drankmisbruik en kinderverwaarlosing nie so dikwels onder die aandag van die hof gekom het nie, ofschoon dit wel bestaan het. Namate maatskaplike werk-dienste uitgebrei het, het hierdie probleme sterker na vore gekom.

Gedurende 1965 was daar in Walvisbaai meer as 30 gevalle van alkoholisme onder die aandag van die maatskaplike werker en sewe te Keetmanshoop. Vir Tsumeb is geen getalle aangegee nie ofskoon drankmisbruik as die grootste probleem genoem is.

Dit moet in gedagte gehou word dat daar vir sommige mense 'n stigma aan beide alkoholisme en maatskaplike werk kleef, en dat verskeie persone onder veral die gegoede- en hoër inkomstegroep nooit onder die aandag van 'n professionele persoon kom nie. Een van die probleme wat in die jaarverslag van Keetmanshoop vir die tydperk 5 November 1963 tot 30 September 1964 spesifiek genoem word, is dat daar geen fasiliteite vir alkoholiste beskikbaar was nie. Alle gevalle wat behandeling verlang het, moes na Suid-Afrika gestuur word. Die AAK het vroeg in 1961 tydens sy samesprekings met die CMR melding gemaak van die moontlike verkryging van grond by Hardap Dam, naby Mariental, vir die oprigting van 'n sentrum vir dranksugtiges. Die verteenwoordiger van die SWA-Administrasie het daarop gewys dat die Administrasie reeds hiervoor beplan het. Alhoewel die probleem van drankmisbruik en alkoholisme jaar na jaar as een van die grootste probleme aangewys is waarmee die maatskaplike werkers van die CMR te doen gehad het, is die ideaal van 'n eie inrigting in SWA tans nog nie verwesenlik nie.

Moeite en onkoste moes steeds aangegaan word om alkoholiste na inrigtings in Suid-Afrika te stuur. Gedurende 1962 het die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasie-sentrums in SWA van krag geword. Hierdie Wet het die taak van die maatskaplike werker aansienlik vergemaklik omdat daar vir die eerste keer voorsiening gemaak is vir alkoholiste wat nie in staat was om self te besluit of hulle behandeling nodig gehad het al dan nie. Hierdie persone kon langs hierdie weg deur 'n landdros na 'n rehabilitasie-sentrum, hetsy staats- of private inrigtings, gekommitteer word.

In sy verslag van SKDB-werksaamhede aan die Sinode van 1973 het die sekretaris van 'n ondersoek in 'n kliniek vir die versorging van alkoholiste melding gemaak. By 'n behoeftebepaling is daar vasgestel dat die probleem van alkoholisme dikwels deur die CM-Rade, asook deur die privaatsektor, hospitale, kerke en landdroskantore teëgekem word. Ten spyte van die feit dat slegs 22 uit 45 gemeentes in SWA op die navraag gereageer het, het dit uit hierdie ondersoek geblyk dat daar op daardie

tydstip moontlik 400 blanke alkoholiste was wat by inrigtingsversorging en -behandeling sou baat. 'n Kliniek vir 30 persone sou ongeveer R150 000 kos om op te rig, met bedryfskoste van R100 000 en huishoudelike uitgawes van R45 000 per jaar. Die sekretaris se aanbeveling in hierdie verband was soos volg :

"Die Sinode besin en beslis oor die moontlike oprigting van 'n kliniek vir die behandeling van Alkoholiste in die lig van die verslag van die Sekretaris/SKDB ter vergadering." (1)

Hierdie aanbeveling is deur die Sinode goedgekeur. Samesprekings is met dr G Kuschke van die Staatshospitaal en landdros H Kriel gevoer. Nadat hierdie persone saam 'n simposium van SANRA te Kaapstad bygewoon het, is daar aan die Welsynsraad van SWA gerapporteer dat 'n verslag opgestel gaan word waarin daar vir 'n onafhanklike raad vir die bestryding van alkoholisme in SWA gepleit sal word. Hierdie raad moes op 'n multi-dissiplinêre grondslag gevestig word. Die ideaal sou wees dat mediese dienste deur die Departement Gesondheidsdienste, juridiese dienste deur die Departement Justisie, en maatskaplike en terapeutiese dienste deur CM-Rade en ander welsynsdienste gelewer word. Die staat, kerk en partikuliere welsynsorganisasies sal dus saam kliniese, sielkundige en geestelike dienste lewer, terwyl van die SKDB en dus ook CMR se kant daar op maatskaplike en pastorale vlakke dienste gelewer sal word.

2. Die Christelike Alkoholiste Vereniging en die Christelike Alkoholiste Diens

Die Christelike Alkoholistevereniging (voortaan CAV genoem) is 'n vereniging wat in Suid-Afrika vir gerehabiliteerde alkoholiste, hul gesinne en belangstellendes gestig is. Die rede waarom hierdie Vereniging tot stand gebring is, was die behoefte aan 'n groep waarby hierdie mense kon aansluit en waar hulle geestelik onderskraag en opgebou kon word.

'n CAV-tak vir Windhoek is op 31 Maart 1971 in beginsel goedgekeur en op 23 Junie 1971 is die bestuur saamgestel. Die lede het hul voorsitter gekies en die maatskaplike werker van die CMR, mej MA Koen, is as die sekretaresses aangewys. Die doelstellings van die vereniging is duidelik

uitgespel nl. hulp aan alkoholiste en hul gesinne en spesifiek ondersteuning aan die alkoholiste ten einde sober te bly. Inligting en vakkundige dienste word aangebied om hom by te staan in sy poging om sy probleem die hoof te bied, en om hom geestelik te versterk tot geloof in God. Groepbyeenkomste is vir elke veertien dae gereël waartydens lesings deur professionele persone gegee en aktuele sake bespreek is. Daar is deurgaans klem gelê op die geestelike onderskraging en versterking wat deur die barmhartigheidsdienste van die kerk aangebied word. Teen 1980 is takke ook op Rundu en Walvisbaai gestig.

Aan die sekretaresse is opdrag gegee om ondersoek in te stel na en 'n memorandum op te stel vir die oprigting van 'n inrigting vir alkoholiste. Daar is versoek dat hierdie memorandum 'n behoeftebepaling deur CM-Rade en kerkrade in hul onderskeie areas moes insluit, asook 'n bedryfsberaming t.o.v. personeel en behandeling in sodanige inrigting. 'n Inrigting van hierdie aard in SWA sou beslis die behandeling van alkoholiste en dus die taak van die maatskaplike werker aansienlik vergemaklik. Tot op daardie datum is alle alkoholiste na die Republiek opgestuur vir behandeling, wat tydrowend was en groot onkoste teweeggebring het. Dikwels was daar ook 'n wagtydperk vóór opname en meer as een alkoholiste het weer in hierdie tyd in sy ou gewoontes verval.

Op 8 Junie 1977 is die CAV ontbind en die Christelike Alkoholiste Diens (CAD) in die plek daarvan gestig. Hierdie stigting het onder leiding van die SKDB geskied en ds W van Zyl, 'n pastorale sielkundige, is as Sinodale verteenwoordiger benoem. Die CAD is dus ook onder die beheer van die barmhartigheidsdienste van die kerk gebring. Die dienste wat aan alkoholiste gelewer word, is beheer deur 'n subkommissie siekepastoraat met die verdere subkomitee nl. die gebiedskomitee CAD. 'n Verslag van die laasgenoemde komitee word as **Bylaag IX** aangeheg waarin die komitee se werksaamhede breedvoerig uiteengesit word.

3. Inskakeling by Pastorale Sielkundige

Op 1 November 1976 het ds W van Zyl as pastorale sielkundige in Windhoek diens aanvaar. Hy het onder meer met die alkoholiste gewerk. In die verslag oor CMR-dienste vanaf 1 April 1976 tot 31 Maart 1977 is as volg gemeld oor hierdie aspek :

"Skakeling met Pastorale Sielkundige

Hier kan reeds met groot dankbaarheid erkenning gegee word aan die waardevolle dienste wat deur die Pastorale Sielkundige gelewer word.

Die Pastorale Sielkundige word betrek by die groeipraktijkopleiding van Maatskaplike Werkers en kliënte word verwys vir behandeling by onderskeie kantore.

Met die verdere verkenning van die werksterrein van die Pastorale Sielkundige sal onderlinge samewerking steeds verder uitgebou kan word." (2)

In die gemelde verslag van die CAD (**Bylaag IX**) maak Van Zyl melding van die goeie samewerking tussen die span wat by die behandelingsprogram van die alkoholiste betrokke is nl. leraars, maatskaplike werkers, hospitaalpersoneel en die CAD. Die gespesialiseerde dienste wat deur die CMR gelewer word, vorm dus 'n onmisbare skakel in die behandeling van die alkoholis en sy gesin.

B. HOSPITAALDIENSTE

Hospitaaldienste as sodanig het nie as 'n aparte afdeling van die CMR bestaan nie, maar maatskaplike werk-dienste is wel in die plaaslike hospitale gelewer. Dikwels is gevalle deur geneeshere, predikante, verpleegpersoneel en ander persone wat bewus was van behoeftes by pasiënte by die maatskaplike werker aangemeld. So bv. is dienste aan die ongehude moeder en haar baba, en die alkoholis gelewer, en met verloop van jare is 'n positiewe verhouding met die hospitaalpersoneel opgebou en verwysing van gevalle kon met vrymoedigheid geskied.

Toe Esterhuyse vanaf 1 Februarie 1965 as sekretaris van die CM-Raad aangestel is, is ook hospitaal-bearbeiding en gevangenisorgaan aan hom opgedra. Hierdie dienste het geestelike versorging behels en was nie bedoel as 'n spesiale maatskaplike werk-diens aan pasiënte nie. In sy verslag aan die HE Sinode in Oktober 1965 insake hospitaal-bearbeiding, het Esterhuyse die volgende oor hospitaalwerk en skakeling met die CMR gerapporteer :

"Dit is opvallend dat daar gedurig gevalle in die hospitaal opgespoor word wat maatskaplike probleme het: gevalle soos dranksugtigheid, werkloosheid, kinderverwaarlosing sorgbehoewende oues van dae, sonder heenkome, geestesversteurdheid ens., is teegekome. Ons het aan 16 gevalle wat uit die hospitaalwerk ontdek is, CMR-aandag gegee, die meeste van hulle met goeie gevolg.

As die syfer 16 (oor vier maande opgespoor) met drie vermenigvuldig word, dan bring dit ons by die benaderde syfer van 48 gevalle per jaar, wat reeds die normale gevallevrag vir een werkster is.

Dit sal derhalwe noodsaaklik wees dat die hospitaal-bearbeider van die toekoms ook die gevalle in die hospitaal opspoor en aan die CMR rapporteer."
(3)

Esterhuyse het die hospitaal-bearbeiding vanaf 1 Junie 1966 tot Augustus 1966 behartig. Hierna is die pos nie langer aan dié van sekretaris van die CMR gekoppel nie. Later van tyd het die Sinode 'n pos van hospitaalleraar geskep wat deur ds J Steenkamp gevul is. Geen spesiale voorsiening is gemaak vir maatskaplike werk-dienste in die hospitaal te Windhoek nie maar gevalle kon na die maatskaplike werkers van die CMR verwys word.

Op 1 Januarie 1973 is twee maatskaplike werkers by die Staatshospitaal, Windhoek, aangestel. Hierdie aanstelling het in 'n groot behoefte voorsien, en terselfdertyd die taak van die vakkundiges van die CMR aansienlik vergemaklik.

C. HUWELIKSVOORLIGTING EN -BERAAD

1. Behoeftte aan 'n Huweliksraad in SWA

Reeds vanaf die ontstaansjaar van die CMR in SWA, was huweliksprobleme hoog op die lys van maatskaplike vraagstukke waarmee die maatskaplike werkers te doen gehad het. Geen afsonderlike statistiek t.o.v. huweliksprobleme gedurende die eerste paar jaar van die CMR se bestaan kon opgespoor word nie, maar die voorkoms hiervan moes relatief hoog gewees het omdat 'n studiekommissie bestaande uit di AGS Gous, AM Gous en JM Olivier aangestel is om 'n huweliksvoor-

ligtingsdiens in SWA te oorweeg. 'n Verslag van hierdie studiekommissie is in Oktober 1961 aan die SKDB voorgelê (sien **Bylaag X**). Waarskynlik die belangrikste aanbeveling wat oorweeg moes word, was die stigting van 'n huweliksadviesburo vir SWA. Ten einde hierdie diens ingestel te kry, het die kommissie 'n aantal aanbevelings gemaak, wat vervolgens kortliks hier opgesom word.

- (a) In die eerste plek het die kommissie die behoefte aan huweliksberaad met 'n Christelike grondslag beklemtoon. Daar is aanbeveel dat die SKDB adviesdienste wat hierdie benadering as uitgangspunt gebruik, aan inwoners van SWA beskikbaar stel.
- (b) Daar is aanbeveel dat 'n vakkundige aangestel word wat, indien moontlik, 'n pastorale psigoloog moet wees. Dit sal sy verantwoordelikheid wees om alle dienste t.o.v. huweliksberaad te koördineer.
- (c) Voorts is aanbeveel dat daar van die vakkundige dienste van die CMR gebruik gemaak word vir voorsorg- en nasorgdienste vir die laer inkomstegroepe t.o.v. huweliksvoorligting en -beraad. Van die hulp van die betrokke diakonie, kerkraad en leraar kan ook gebruik gemaak word.
- (d) Vervolgens is aanbeveel dat voorligtingsdienste deur 'n paneel goedgekeurde en opgeleide vrywilligers aangebied kan word. Dit kan volgens die aanvaarde en gestandaardiseerde kursusse van die Nasionale Raad vir Huweliks- en Gesinslewe geskied, en deur middel van literatuur en kursusse kan opvoedingswerk in die gemeenskap gedoen word. Die doel hiermee sal wees om 'n gesonde benadering tot en kennis van die huwelikslewe by die publiek te ontwikkel. Die lede van die paneel sal ook beskikbaar moet wees om afsonderlike onderhoude met kliënte te voer waar sodanige dienste benodig word.
- (e) 'n Verdere aanbeveling was dat die huweliksvoorligter, die gemelde paneel en verteenwoordigers van die SKDB gesamentlik 'n huweliksadviesraad vorm. Benewens voorligtingsdienste en beraad, moet hierdie adviesraad ook navorsing doen op die gebied van huweliksprobleme, met spesifieke aandag aan toestande en faktore eie aan SWA.

- (f) Affiliësie by die Nasionale Raad vir Huweliks- en Gesinslewe in SA is ook sterk aanbeveel.
- (g) Ten slotte is die naam 'Psigo-pastorale Kliniek' vir so 'n huweliksadviesburo aanbeveel en klem is veral gelê op die wenslikheid van 'n geïntegreerde benadering t.o.v. huweliksprobleme.

Uit hierdie aanbevelings van die studiekommissie is dit duidelik dat huweliksvoorligting en -beraad as 'n noodsaaklike deel van die maatskaplike werk-dienste aangebied moes word. Met 'n hoë gevallelading en die aard van huweliksberaad wat tyd en geduld geverg het, het die maatskaplike werkers by die CMR 'n behoefte aan 'so 'n gespesialiseerde diens sterk aangevoel. Ten spyte hiervan het sodanige diens nie gou tot stand gekom nie. Die Nasionale Raad vir Huweliks- en Gesinslewe (FAMSA) en die pastorale sielkundige is eers later hierby betrek. Die rol van FAMSA in SWA word vervolgens kortliks bespreek.

2. Die Rol van FAMSA

Gedurende 1975 het FAMSA 'n tak in Windhoek gestig. 'n Keuringskonferensie is gehou om huweliksberaders te kies. Daar is beplan om intensiewe opleiding aan te bied sodat huweliksberaders diens te lewer, asook om huweliksvoorligting aan jong mense en verloofdes aan te bied.

Toe die FAMSA-kantoor geopen is en gespesialiseerde diens te opsigte van huweliksberaad en -voorligting aangebied is, is die geleentheid daargestel vir samewerking met die CMR. Dit is egter nie presies wat deur die studiekommissie met die huweliksadviesburo beoog is nie. Daar sou altyd 'n verskilpunt wees wat opleiding van vakkundiges en vrywilligers betref. (Tot vandag toe word samesprekings nog tussen FAMSA en die Raad vir Maatskaplike en Geassosieerde Werkers van Suid-Afrika gevoer t.o.v. die registrasie van huweliksraadgewers.) Van belang is die feit dat daar wel daadwerklik deur FAMSA opgetree is om 'n nodige, gespesialiseerde diens te lewer waarby almal, ook CMR-kliënte, kon baat.

D. GESPESIALISEERDE DIENSTE AAN ONGEHUDE MOEDERS

Reeds vanaf die ontstaansjaar van die CMR moes dienste aan ongehude moeders voorrang kry. Weliswaar was daar nie deurgaans 'n groot aantal ongehude moeders wat konstant dienste benodig het nie, maar dit is nogtans 'n probleem waarmee die gemeenskap van dag tot dag te doen kry. CMR- en ander verslae het gereeld aangetoon dat daar in SWA oor die algemeen meer losbandigheid en buite-egtelike-saamwone as in die Republiek voorgekom het, en 'n ander tendens het ontwikkel nl. dat ongehude moeders verkies het om in toenemende mate hul babas te behou. Daar was egter altyd diegene wat versorging nodig gehad het en hul babas vir aanneming beskikbaar gestel het. Tehuise wat hierdie dienste aangebied het, was slegs in Suid-Afrika beskikbaar. Verskeie stemme het opgegaan vir die oprigting van 'n eie inrigting vir ongehude moeders in Windhoek onder toesig van die SKDB met vakkundige dienste wat deur die maatskaplike werkers van die CMR aan inwoners van sodanige inrigting gelewer word.

Op 9 Augustus 1967 is 'n memorandum insake 'n tehuis vir ongehude moeders aan die Dagbestuur van die SKDB voorgelê, en daar is besluit dat dit aan die volgende Sinode vir SWA voorgelê moes word (**sien Bylaag XI**). Faktore wat by die behoeftebepaling 'n rol gespeel het, was o.a. hoe so 'n inrigting in die gemeenskap aanvaar sou word, watter gevalle aandag sou kry, die beleid t.o.v. voor- en nasorg, aantal inwoners vir wie daar voorsiening gemaak moes word, kwaliteit van dienste aan die kliënt, haar familie en aan die vermeende vader, asook samewerking met die leraar, werkgewer en skoolhoofde en ander betrokkenes. Gevolgtrekkings wat gemaak is in hierdie verband, was dat daar wel 'n behoefte aan sodanige inrigting bestaan het en dat Windhoek die mees geskikte plek in SWA daarvoor was, dat kerkrade en vakkundiges op hierdie sensitiewe gebied mekaar moes ondersteun en saamwerk, en dat dit noodsaaklik is dat die vooroordeel van die publiek afgebreek moes word.

Statistiek t.o.v. ongehude moeders wat vir die tydperk 1 Januarie 1968 tot 31 Maart 1969 deur die CMR aan die SKDB ingedien is het die dringendheid van die probleem onderstreep en daar is versoek dat die Sinode sonder versuim aan hierdie aangeleentheid aandag moes gee. In die gemelde tydperk het 40 gevalle in Windhoek en Keet-

manshoop van wie die ouderdomme tussen 16 en 45 gewissel het, aandag ontvang. Slegs sewe van hierdie ongehude moeders het na inrigtings in die Republiek gegaan terwyl die ander gevalle, in samewerking met geneeshere, hospitaalpersoneel en maatskaplike werkers, hul babas vir aanneming beskikbaar gestel het. Daar was 'n groter neiging as in die verlede by ongehude moeders om hul babas te behou.

Tydens die Sinode-sitting van 1 - 15 Oktober 1969 is daar t.o.v. die noodsaaklikheid van 'n tehuis vir ongehude moeders soos volg besluit:

... dat 'n Tehuis vir Ongehude Moeders 'n dringende behoefte in Suidwes geword het, en dra dit aan die SKDB op om ... Te trag om deur middel van 'n subekonomiese lening 'n Inrigting daar te stel ... " (4)

Op sy vergadering van 30 Oktober 1969 het die Dagbestuur van die SKDB egter besluit om die aansoek om 'n lening tot ná die begroting van 1971 terug te hou sodat 'n behoeftebepaling uitgevoer kon word. Alle kerkrade en CM-Rade is versoek om gegewens vir die tydperk 1 April 1969 - 31 Maart 1970 aan die SKDB te voorsien. Slegs 6 uit die 42 gemeentes en 3 CMR-kantore het op hierdie versoek gereageer en 25 gevalle van ongehude moeders is in hierdie tydperk gerapporteer. 'n Doeltreffende perseel wat van die SWA-Administrasie en die Munisipaliteit van Windhoek aangevra is, was nie beskikbaar nie. Die sekretaris van die SKDB het onderneem om die aangeleentheid met die plaaslike stadsbeplanner te bespreek ten einde aanbevelings te maak t.o.v. 'n moontlike perseel.

In sy verslag aan die SKDB op 17 Junie 1971, het die sekretaris gerapporteer dat daar weer eens 'n behoeftebepaling uitgevoer is. Hierdie behoeftebepaling is streng volgens aanmeldings van gevalle by CMR-kantore gedoen en die getal by Windhoek-, Keetmanshoop- en Tsumeb-kantore was 28. Van hierdie 28 gevalle was 7 skooldogters en die grootste meerderheid was Ned. Geref. Kerk-lidmate. Op Walvisbaai is 7 gevalle gedurende hierdie tydperk aangemeld waaronder 3 skooldogters van wie een slegs 12 jaar oud was. Op die jaarvergadering van die SKDB op 15 Junie 1972 is gemeld dat die oprigting van 'n tehuis vir ongehude moeders steeds op die sakelys is en die vergadering het versoek dat statistiek vir alle areas ingeslote dié buite Windhoek beskikbaar gestel word.

Toe die volgende Sinode in Oktober 1973 byeengekom het, het die SKDB soos volg oor die maontlike oprigting van 'n tehuis vir ongehude moeders verslag gedoen :

"Lening: U opdrag om 'n lening by die SWA Administrasie te probeer bekom, kon nie dien nie, enersyds weens 'n gebrek aan 'n verantwoorde behoeftebepaling en andersyds weens 'n dooiepunt in die kapitaal-voorsiening vir maatskaplike inrigtings ná herreëling waardeur maatskaplike werk na die Departement Volkswelsyn oorgegaan het. Bowendien bestaan daar nie subekonomiese lenings vir hierdie soort van inrigtings nie." (5)

Voorts is daar gerapporteer dat die pogings om behoeftebepalings twee jaar na mekaar te doen onsuksesvol en onbeduidend was en daarom nie aanvaarbaar was nie. Die rede hiervoor is dat slegs 15% - 20% van die betrokke gemeentes gereageer het. Die CMR-kantore het 'n gemiddelde syfer van 30 aanmeldings per jaar gerapporteer, met ouderdomme van ongehude moeders wat van 14 - 30 jaar gewissel het. Die perseel wat intussen verkry is, moes aan die Administrasie teruggegee word. Die sekretaris van die SKDB se gevolgtrekking was as volg :

"Dis dus 'n vraag of die getalle 'n inrigting wat vanuit die grond opgebou moet word, regverdig en of daar aan 'n mediese, psigiatriese en kerklike personeel 'n salariskoste van ongeveer R100 000 per jaar verbonde was." (6)

In sy verslag aan die Sinode gedurende Oktober 1973 het die sekretaris van die SKDB aanbeveel dat die twee fondse wat vir hierdie inrigting bestaan het nl. die Inrigtingsfonds en die Trustfonds, in totaal op een fonds omskep word.

Gedurende die volgende vier jaar het die omstandighede dermate verander dat die SKDB die volgende motivering vir sy aanbeveling aan die Sinode-sitting van 1975 oorgedra het :

"Die dringende noodsaaklikheid vir 'n inrigting van hierdie aard skyn 'n verandering te ondergaan a.g.v. 'n veranderde sosiologiese opset waarvolgens die verwagte dogters al hoe minder van sodanige dienste gebruik maak." (7)

Die aanbeveling aan die Sinode van 1979 dat die fonds vir die inrigting vir ongehude moeders opgehef word en dat die geld aan die siekepastoraat oorgedra word, is deur die Sinode goedgekeur. Sedertdien is daar nie verder in hierdie rigting beweeg nie. Ongehude moeders wat hulp soek, ontvang óf plaaslike dienste óf hulle word in inrigtings in die Republiek van Suid-Afrika opgeneem. Op hierdie gebied is die CMR-kantore nog steeds behulpsaam.

E. BEHUISING

Een van die mees tergende maatskaplike probleme waarmee die maatskaplike werker voortdurend te doen kry, veral omdat hy die persoon is wat ruimskoorts met laagbesoldigdes te doen kry, is die kwessie van behuising. Dit is selde 'n losstaande probleem en hang gewoonlik saam met finansiële probleme en 'n onvermoë om 'n bevredigende lewenstandaard te handhaaf. Ook die CMR in SWA het dikwels met die behuisingsprobleme van sy kliënte te make gehad, en het van verskeie metodes gebruik gemaak ten einde hierdie kroniese probleem die hoof te bied. Een metode was om 'n opname van die behoefte te maak en self die behuising te verskaf. Dit het eger 'n aantal jare geneem en teen die tyd dat gemelde behuising beskikbaar was, het hierdie dienslewering direk onder die beheer van die SKDB geressorteer. Die verloop van sake tot die oorname word vervolgens kortliks uiteengesit.

In die jaarverslag van die CMR vir die tydperk 1 Julie 1958 tot 30 Junie 1959 is daar gemeld dat behuising orals 'n groot probleem was, behalwe in Tsumeb, a.g.v. die feit dat hierdie dorp in hoofsaak 'n myndorp is en dat behuising aan alle mynwerkers deur die myn-instansies verskaf word. In die daaropvolgende jaarverslag is spesifiek melding gemaak van die talle mense wat in SWA aankom sonder die nodige bestaansmiddele. Die CMR in samewerking met kerkrade en die NGVV het insoverre moontlik in hierdie behoeftes voorsien deur o.a. tydelike materiële hulpverlening in die vorm van voedsel, en die kliënte ook gehelp om geskikte behuising en

werk te bekom. Dit was 'n algemene tendens in SWA dat persone die land op hierdie manier vanaf Suid-Afrika binnegekom het en van een dorp en CMR-kantoor na die volgende geswerf het, op pad na beter weivelde, gewoonlik óf Walvisbaai óf Tsumeb. Die rede hiervoor was dat daar soms verkeerdelik die indruk in die Republiek geskep is dat werk en geld in hierdie twee dorpe volop was.

Gedurende 1966/1967 het 'n kommissie van die Ned. Geref. Kerk in SWA ondersoek na die behuisingsomstandighede te Windhoek ingestel. Daar is gevind dat die groot behoefte aan behuising veral 'n negatiewe effek gehad het op die werkende jeug, die middelinkomste- en sub-ekonomiese groep. Na aanleiding van hierdie behoeftebepaling, het die SKDB 'n Jeugsentrum te Windhoek opgerig wat op 12 Junie 1973 ingewy is en wat direk onder beheer van die SKDB gestaan het. CMR-werkers kon jongmense hierheen verwys en hul vakkundige dienste aanbied indien nodig.

Dit dien hier gemeld te word dat daar deur die jare heen 'n goeie verhouding tussen die CMR en plaaslike owerhede ontstaan het en maatskaplike werkers kon van plaaslike behuisingsmoontlikhede, soos bv. gesubsidieerde behuising, gebruik maak indien dit beskikbaar was.

F. GEVANGENISBEARBEIDING

Toe DC Esterhuyse vanaf 1 Februarie 1965 as 'n voltydse beheerbeampte (sekretaris) van die CMR aangestel is, was een van sy verantwoordelikhede die bearbeiding van gevangenes. Die werk is slegs as 'n onderafdeling van die breëre CMR-werkstruktuur beskou, maar as 'n belangrike aspek van kerklike maatskaplike werk. Bo en behalwe die kerkdienste wat hy gehou het, het Esterhuyse ook persoonlike kontak met gevangenes gehad. As gevolg van die reëling van die Departement van Gevangeniswese kon hy slegs op Sondagoggende, ná die erediens, onderhoude voer, wat nie net sy tyd met elke persoon baie beperk het nie, maar wat ook beteken het dat persoonlike kontak van hierdie aard dikwels slegs eenmalig was.

Die probleme wat deur die gevangenes ondervind is, was legio, bv. aanpassingsprobleme, frustrasie, bekommernis en skuldgevoelens. Hoewel baie hiervan deur opgeleide maatskaplike werkers hanteer kon word, het Esterhuyse in sy verslae die dringendheid van psigiatriese dienste onder

die aandag van sy seniors gebring. Sy opvolger, mev MM Scholtz, het ook van tyd tot tyd vakkundige dienste aan gevangenes gelewer, maar hierdie gespesialiseerde dienste is nie as 'n amptelike diensveld van die CMR beskou nie. Vanaf 1973 het die Departement Gevangenisse vakkundige en hulpwerkersposte geskep om hierdie dienste te lewer.

Uit die voorafgaande samevatting van vorms van gespesialiseerde dienslewering is dit duidelik dat die CMR 'n belangrike rol gespeel het. In sommige gevalle het hy self hierdie dienste geïnisieer en uitgebrei en in ander het hy 'n positiewe bydrae gelewer totdat die nodige dienste deur die betrokke staatsdepartemente en ander welsynsorganisasies daargestel is. Die ontwikkeling van maatskaplike werk-dienste van die Ned. Geref. Kerk het nog 'n fase beleef en deurstaan. In die volgende hoofstuk word die hele periode van die ontwikkeling van die CMR vanaf sy ontstaan tot 1979 kortliks saamgevat en in oënskou geneem.

VERWYSINGS

- (1) Handeling van die vyfde vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Windhoek : 17 Oktober 1973 en volgende dae, p. 160
- (2) SKDB Agenda en Skema vir die Jaarvergadering van 8/9 Junie 1977, p. 269
- (3) Notule van die SKDB vanaf 17.7.57 - 20.10.65, pp. 498, 499
- (4) Handeling van die vierde vergadering van die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA : 1 - 5 Oktober 1969, p. 402
- (5) Notule en verslae van SKDB : 1969 - 1973, Boek II, p.716
- (6) " " " " " " " " " "
- (7) Handeling van die Sesde vergadering van die Ned. Geref. Kerk in SWA : 16 Oktober 1979, p.169

DEEL E

SLOT

HOOFSTUK X

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

A. SAMEVATTING

In die voorafgaande hoofstukke is die geskiedkundige ontwikkeling van die CMR vir die tydperk 1957 - 1980 uiteengesit. Die CMR in SWA het amptelik in 1957 tot stand gekom, maar dit was nodig om die vroeëre geskiedenis van die barmhartigheidsdienste van die kerk en die ontwikkeling van die CMR in SA in oënskou te neem ten einde die invloed daarvan op die ontwikkeling van die CMR in SWA te bepaal.

Die Ned. Geref. Kerk ag dit steeds sy Christelike roeping om barmhartigheidsdienste aan sy lidmate en ander behoeftiges te lewer. Namate die behoefte aan barmhartigheidsdienste van sodanige aard is dat dit georganiseerde dienste vereis, is daar gepoog om hierdie dienste daar te stel. Indien soortgelyke dienste reeds bestaan het, is pogings aangewend om dit, waar enigsins moontlik, te koördineer sodat oorvleueling uitgeskakel kan word. Die CMR in SWA het derhalwe ontstaan a.g.v. 'n behoefte aan georganiseerde welsynsdienste in dié land, en dienste van die ACVV, ander kerklike vroueverenigings en die Departement van Volkswelsyn is oorgeneem of gekoördineer. Op Sinodale vlak moes die Ned. Geref. Kerk in SWA eers as 'n selfstandige Sinode georganiseer en gekonstitueer word alvorens die organisasie van barmhartigheidsdienste kon plaasvind.

Die totstandkoming van die CMR in SWA het nie sonder die verwagte groeipyne en probleme plaasgevind nie. Bestaande dienste moes by ander organisasies oorgeneem word, die hantering waarvan vaardigheid geverg het en met groot omsigtigheid geskied het. Die ondersteuning van ander organisasies het 'n belangrike rol gespeel gedurende die eerste jaar van groei. Sodanige ondersteuning van bv. soortgelyke CMR- of armesorgkantore in SA was onontbeerlik tydens hierdie ontwikkelingsfase. Met verloop van tyd was uitbreidings van dienste noodsaaklik en probleme was onvermydelik.

Een van die probleme wat tydens die eerste bestaansjare van die CMR die meeste aandag geniet het, was samewerking tussen kerk en staat.

Hierdie was 'n delikate probleem wat besonder versigtig hanteer moes word. Enersyds moes die kerk sy eie gesagsposisie bepaal en handhaaf. Andersyds was hy afhanklik van die staat vir finansiële hulp en hy moes derhalwe aan sekere vereistes voldoen. Nog 'n aspek wat gedurende die aanvangsjare van die CMR besondere aandag geniet het, was noodsaaklike wysigings t.o.v. sy grondwet. Ook op hierdie gebied is baie tyd spandeer ten einde te voldoen aan die verwagtings en vereistes van die kerk, FAR en die staat. Dit was nodig om 'n grondwet daar te stel wat nie alleen aan wetlike vereistes voldoen het nie, maar wat prakties en uitvoerbaar was om sodoende die mees doeltreffende dienste aan die kliëntsisteem te lewer.

Inrigtingsorg het 'n belangrike rol gespeel in die barmhartigheidsdienste wat deur die CMR gelewer is. Twee aspekte het veral aandag geniet nl. bejaardesorg en kindersorg. Binne twee jaar na sy ontstaan het die CMR 'n inrigting vir die versorging van bejaardes by die Administrasie van SWA oorgeneem, en sewe jaar later ook 'n kindersorg. Beide oornames het met grootskaalse onderhandelinge gepaardgegaan. In beide gevalle het die kerk nie op hom laat wag wat betref uitbreidings aan bestaande geboue en die oprigting van nuwe geboue nie. In 'n groot behoefte is hierin voorsien, ook wat betref die oprigting van tehuse vir bejaardes op ander dorpe.

Gedurende die eerste tien jaar van sy bestaan het die CMR 'n groot mate van groei getoon op die gebied van sy georganiseerde barmhartigheidsdienste. Ten spyte hiervan het die kerkleiers besef dat die doeltreffendheid van die CMR nie na wense was nie. Die Direkteur van die FRDB is genooi om samesprekings in Windhoek te voer en aandag is gegee aan verskeie aspekte wat volgens sy ondervinding van die kerk in SA, noodsaaklike veranderings en herorganisasie vereis het. Hierdie aspekte het die volgende ingesluit: die vorming van 'n nuwe CMR as hulporganisasie van die SKDB, verandering in benadering tot die verhouding tussen kerk en staat, en die taak van die maatskaplike werker in die barmhartigheidsdiens van die kerk.

Toe die SKDB die erkende en geregistreerde welsynsorganisasie van die Ned. Geref. Kerk in SWA geword en sodoende die CMR vervang het, is heelwat van die probleme wat vroeër ondervind is uitgeskakel. Die nuwe CMR vir SWA is daargestel en het voortaan as hulporganisasie van die SKDB gefunksioneer.

Hierna het die CMR 'n nuwe identiteit en beleid ontwikkel en is dienste verder uitgebrei om op die nuwe grondslag doeltreffend te funksioneer. Gedurende die nuwe tydperk van ontwikkeling is spesiale aandag aan bepaalde probleemareas gegee. In hierdie verband is gespesialiseerde dienste vereis wat soms deur die CMR self gelewer is, óf deur organisasies wat daarvoor in die lewe geroep is, dikwels op inisiatief van die CMR.

In die bespreking van die ontwikkeling en vestiging van 'n eie welsynsdiens van die Ned. Geref. Kerk in SWA, is daar meermale melding gemaak van die bydraes van vrywilligers. In baie opsigte het hulle dienste juis daartoe gelei dat 'n georganiseerde diens t.o.v. 'n bepaalde probleemarea tot stand gekom het. Vrywillige dienste vorm 'n onmisbare deel van alle barmhartigheidsdienste wat gelewer word, en sonder die vrywilliger sou die CMR in SWA veel minder doeltreffend gewees het.

B. GEVOLGTREKKINGS

Wanneer die geskiedkundige ontwikkeling van die CMR gedurende sy eerste twee-en-twintig jaar in oënskou geneem word, kan die volgende as die belangrikste gevolgtrekkings uitgesonder word :

1. Die opdragte en aanbevelings van die eerste Sinode is met welslae uitgevoer met betrekking tot die verkiesing van 'n AAK in SWA, die aanstelling van 'n armesorgsekretaris en die daarstelling van 'n armesorgkantoor. Hierna kon ondersoek ingestel word na die wenslikheid van barmhartigheidsdienste in die groter dorpe in SWA en die eerste maatskaplike werkers aangestel word.
2. Barmhartigheidsdienste is in terme van gesinsorgdienste, inrigting-sorg en die koördinerings van dienste d.m.v. die onderskeie CMR-kantore op omvattende wyse uitgebrei. Alle pogings is aangewend om hierdie dienste so doeltreffend as moontlik te maak.
3. Probleme soos bv. 'n ondoeltreffende grondwet, die verhouding tussen die kerk en owerheid en finansiële probleme is tydens die lang pad van ontwikkeling en uitbreiding ondervind. Hierdie probleme is met geloof en vasberadenheid hanteer en is suksesvol

die hoof gebied ten einde doeltreffende barmhartigheidsdienste te lewer.

4. Die ideale van die eerste pioniers van barmhartigheidsdienste in SWA met die stigting van 'n CMR in SWA, is op beide kerklike en nie-kerklike gebied verweselik met die bereiking van hul doelstellings. (Sien **Bylaag III Artikel 6, Bylaag IV Artikel 4 en Bylaag VI Artikel 3**). 'n Goed-georganiseerde barmhartigheidsdiens kon daargestel word wat die mens in sy nood kon bystaan.
5. In die voorafgaande hoofstukke van hierdie studie is die geskiedkundige ontwikkeling van die CMR in SWA vir 'n bepaalde tydperk nl. 1957 - 1980 uiteengesit. Omdat die geskiedenis nie willekeurig op 'n bepaalde tydstip beëindig kan word nie, kan dit vir die toekomsbeplanning van die CMR in SWA raadsaam wees om uit die verlede te leer.
 - (a) Eerstens word daar verwys na 'n stelling van dr HF Verwoerd in 1934 soos aangehaal in 'n toespraak van ene mev Scholtz:

"Liefdadigheid was vroeër 'n taak van 'n paar selfstandige filantropes; sosiale werk is nou die taak van die demokrasie. Nuwe tye bring nuwe probleme en eis nuwe masjinerie." (1)

Veral die laaste sin impliseer dat veranderde omstandighede nie noodwendig op die reeds beproefde manier benader moet word nie. Daar moet aangepas word en die nuwe probleme en vraagstukke wat ontstaan, moet op so 'n wyse hanteer word dat dit vir daardie bepaalde tydperk doeltreffend sal wees. Hierby speel geloof 'n belangrike rol - geloof om dinamies te kan wees, vorentoe te beweeg en die nuwe geleenthede te gebruik wat as oplossings vir probleme moet dien. In die vroeë bestaansjare van die CMR, het hy telkemale nuwe probleme die hoof gebied met alle middele tot sy beskikking. Geloof het 'n belangrike deel van die oplossing van hierdie probleme gevorm. Daarom kan die CMR die toekoms met geloof en vasberadenheid tegemoet gaan ten einde die probleme van die tagtigerjare die hoof te bied.

- (b) Tweedens word op die bespreking van die konsep-grondreëls gelet soos aangehaal in **Hoofstuk III, pp 35/36**. Hierin word die verskil tussen kerklike- en Christelike maatskaplike werk uiteengesit. Na aanleiding van die Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan, word aanvaar dat die kerk nie net 'n taak t.o.v. sy hulpbehoewende lidmate het nie maar ook 'n veel wyer taak teenoor alle hulpbehoewendes, wat ookal die aard van hul behoeftes is. Verder word die CMR as 'n vennoot van die staat beskryf om 'n "eenheidsfront te bied teen maatskaplike misstande" (2) en die CMR lewer barmhartigheidsdienste aan "alle seksies van die bevolking." (3) Uit die geskiedenis van die Gereformeerde kerke in SWA, is dit duidelik dat die organisering van die kerke tot 'n groot mate op die patroon van die politieke en staatkundige ontwikkeling van die land geskied het en dat daar aparte kerke vir die onderskeie bevolkingsgroepe tot stand gekom het. In SWA is daar reeds etlike jare nie meer aparte woonareas vir slegs blankes nie. Indien die Sinode van SWA 'n besluit sou neem om lidmaatskap van die Ned. Geref. Kerk in SWA vir alle rassegroepe oop te stel, sou die CMR gekonfronteer word met 'n beginsel-besluit om aan alle groepe dienste te lewer.

Met die politieke veranderinge wat in SWA plaasgevind het en die vooruitgang t.o.v. normalisering van volkere-verhoudings, is dit nie onmoontlik dat die kerk ook op hierdie gebied in sy organisasie veranderinge sal aanbring nie. Dit kan veral die geval wees indien die kerk as geheel 'n verenigde front teen 'n moontlike sosialistiese regering sal moet vorm. Die probleem van voldoende opgeleide personeel neem ook toe. In sulke omstandighede sal 'n verenigde kerk wat barmhartigheidsdienste aan "alle seksies van die bevolking" lewer, (sien **verwysing nr. (3)**), moontlik die oplossing wees - die nuwe tye met nuwe probleme en nuwe masjinerie. In hierdie verband kan daar ook weer na 'n aanhaling wat byna 20 jaar gelede deur ds. Potgieter gemaak is, verwys word :

"Konservatisme is dood. Ons moet altyd progressief vorder na die beginsel van Christelike barmhartigheid en nie na links of regs afwyk nie en dan kan ons ook op die seën van die Here vertrou." (4)

Hierdie stelling is in die beginjare van die CMR gemaak, terwyl veranderinge op verskeie terreine plaasgevind het en daar probleme was wat aandag geverg het. Die CMR was destyds bereid om vorentoe te kyk en aan te pas en daarom het die barmhartigheidswerk voortgegaan. Die seën van die Here het op die werk gerus.

- (c) Dersens kan daar terrugekyk word na die groot barmhartigheidsoopdrag van Christus aan Sy kerk wat in **Lukas 10, verse 25 - 37** in die Gelykenis van die Barmhartige Samaritaan saamgevat is. Christus het dit duidelik gestel dat hierdie liefdesdiens aan enige behoefte persoon gelewer moet word. Die liefde van God onderskei nooit nie - dit is vir almal beskikbaar en dit is hierdie liefde wat die gelowige ook in sy lewe moet toon en uitlewe. Dan kan hy op die seën van die Here vertrou.

In die uitvoering van sy Skriftuurlike opdrag tot naaste- en liefdesdiens, sal die kerk ook die nuwe era in kerklike- en staatslewe met geloof en vertroue moet tegemoetgaan: geloof en vertroue in God, die bron van liefde, geloof en vertroue dat sy lidmate hom sal ondersteun in sy pogings om sy verpligtinge t.o.v. alle lidmate op die gebied van barmhartigheidsdien na te kom.

VERWYSINGS

- (1) Toespraak van mev MM Scholtz aan Kongres van NGVV op 2 en 3 Oktober 1969 te Windhoek. "Box File 55," Bylaag IX
- (2) Handeling van die tweede HE Sinode 1961, p.423
- (3) " " " " Boek II p. 423
- (4) Notule van SKDB : 1963 - 1965, pp. 340/341

B R O N N E L Y SA. BOEKE

1. Die Bybel : Nuwe Vertaling, Bybelgenootskap van SA 1983
2. Lambrecht, HC : Vrouevolksdiens, HAUM 1960
Theron, E
3. Ned. Geref. Kerk : Die Kerkboek van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Ordes en Formuliere), NG Kerk-Uitgewers, 1983
4. Nieuwoudt, MM : Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika, Die Ned. Geref. Kerk in SWA, Windhoek, 1979

B. AMPTELIKE VERSLAG

Die Armeblanke-Vraagstuk in Suid-Afrika : Verslag van die Carnegie-Kommissie : Deel IV : Pro-Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1932

C. NIE-AMPTELIKE VERSLAG

1. Van Zyl N : Die Ontstaan en Ontwikkeling van Welsynsdienste in Suidwes-Afrika vanaf 1920 - 1975 : Ongepubliseerde kompilasie vir Departementele gebruik

D. WOORDEBOEK

1. Departement Volkswelsyn en Pensioene : Woordeboek vir Maatskaplike Werk : Die Staatsdrukker, Pretoria, 1971

E. ARGIVALE BRONNE

1. Argief van die Ned. Geref. Kerk in SWA, Windhoek, SWA :
 - (a) Notules van SKDB
17.07.1957 - 20.10.1965
Sinode 1965 - Sinode 1969
Sinode 1969 - Sinode 1973 (Deel I)
Sinode 1969 - Sinode 1973 (Deel II)

E. ARGIVALE BRONNE
(vervolg)

- (b) Handelinge van die Tweede Vergadering van die HE Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Windhoek : 1 - 15 Oktober 1969

Handelinge van die Vyfde Vergadering van die HE Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Windhoek op Woensdag, 17 Oktober 1973 en volgende dae

Handelinge van die Sesde Vergadering van die HE Sinode van die Ned. Geref. Kerk gehou te Windhoek op 16 Oktober 1979

- (c) Acta Synodi 1961
- (d) Skemas, rapporte en handelinge van Eerste Sinode van NG Kerk in SWA
- (e) SKDB Agenda en Skemas vir die Jaarvergadering van:
1967/1968
1970
17 Junie 1971
13 Junie 1972
6 Junie 1978
9 Junie 1980
18 Junie 1981

- (f) Lêer (Boxfile) 55

- (g) Alle korrespondensie, artikels en aantekening m.b.t. Diens van Barmhartigheid van die Ned. Geref. Kerk in SWA

2. Staatsargief, Kaapstad :

- (a) ACVV-Argiefstukke : A1953
Add 1/5/2/1/1

F. PERSOONLIKE BRONNE

Dr MM Nieuwoudt

Persoonlike mededelings deur dr MM Nieuwoudt, Sekretaris, Algemene Kommissie vir Diens van Barmhartigheid van Ned. Geref. Kerk in SA

BYLAAG IDIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK VAN NATALGRONDREËLS VAN DIE ARMESORGRAAD VAN DURBANI. NAAM

Die naam van die raad is: DIE ARMESORGRAAD VAN DIE NED. GEREF. GEMEENTES TE DURBAN, hieronder genoem die Armesorgraad.

II. BEHEER

Die Armesorgraad is 'n onderkomitee van die Ringsarmesorgkommissie aan wie jaarliks, en so dikwels daartoe versoek, verslag van sy werksaamhede voorgelê word vir voorlegging aan die Sinodale Armesorgkommissie.

III. SAMESTELLING

Die Armesorg word saamgestel uit :

1. Alle diensdoende bevestigde predikante van die Ned. Geref. gemeentes in die stad wat by hom ge-affilieer is.
2. Twee afgevaardigde primarii diakens van elke ge-affilieerde kerkraad.
3. Twee afgevaardigde primarii susters uit elke ge-affilieerde gemeente, benoem deur die kerkraad, wat die diakonessehulpdiens verteenwoordig. Waar daar 'n tak van die NCVV is, benoem die kerkraad, op voordrag van die NCVV, twee lede van die NCVV as afgevaardigdes.
4. Die Armesorgsekretaris as amptelike verteenwoordiger van die Sinodale Armesorgkommissie.
5. Die lede van die Ringsarmesorgkommissie van die Ring van Durban.
6. Die maatskaplike werkers/sters met adviserende stem.
7. Gekoöpteerde lidmate, nie meer as twee, kragtens hulle besondere kennis van maatskaplike sorg.
8. Twee lede benoem deur Sy Edele die Minister van Volkswelsyn.

IV. DOEL

Die doel van die Armesorgraad sal wees om die maatskaplike sorg van die Kerk in Durban te koördineer en te ontwikkel. Hiertoë sal hy aan die volgende sake aandag wy :

1. Die verteenwoordiging/...

BYLAAG I
Bladsy 2

1. Die verteenwoordiging van die Kerk by die Staat, die plaaslike stadsraad, die algemene publiek en alle plaaslike liefdadigheidsliggame.
2. Die opskerping van die gewete van die kerklike publiek, t.o.v. maatskaplike vraagstukke.
3. Die behartiging van sosiale probleme in sy omgewing, gesinsorg en maatskaplike rehabilitasie.
4. Die insameling en beheer van fondse, onder toesig van die Sinodale Armesorgkommissie.
5. Die bestudering van sosiale vraagstukke.
6. Die gebruikmaking van maatskaplike werkers/sters wat met toestemming van die Sinodale Armesorgkommissie op advies van die Ringsarmesorgkommissie, deur die Armesorgraad aangestel word.
7. Hulpverlening aan sy betrokke kerkrade teneinde hulle diakonale en barmhartigheidswerk doeltreffender te verrig.

V. FONDSE

Die Armesorgraad verkry sy fondse deur :

1. Insamelings;
2. Subsidies;
3. Skenkings en legate;
4. Affiliasiegelde;
5. Huurgeld van geboue wat hy mag besit.

VI. AMPSDRAERS

1. Die Uitvoerende Bestuur sal bestaan uit die lede van die Ringsarmesorgkommissie, plus
2. Die Armesorgsekretaris van die NG Kerk van Natal;
3. Een gekoöpteerde lid vanweë sy/haar besondere kennis van maatskaplike sorg.
4. Die Uitvoerende Bestuur sal so saamgestel word dat hy uit nie minder as sewe en nie meer as nege lede sal bestaan nie.
5. Die Voorsitter en die Onder/voorsitter van die Ringsarmesorgkommissie dien onderskeidelik as Voorsitter en Onder/voorsitter van die Uitvoerende Bestuur. Die Senior werker/ster wat die Bestuursvergadering in adviserende hoedanigheid bywoon, tree op as notulerende sekretaris/esse.

VII. / ...

VII. HUISHOUDELIKE REËLS

Die Armesorgraad stel sy eie huishoudelike reëls op mits hulle in geen opsig strydig is met die grondreëls nie.

VIII. KWORUM

Minstens helfte van die lede maak 'n kworum uit.

IX. WYSIGING VAN GRONDREËLS

1. Wysiging van hierdie grondreëls kan alleen op 'n gewone vergadering geskied.
2. Kennisgewing van enige wysiging moet skriftelik geskied op die gewone vergadering voor die vergadering waarop daardie wysiging voorgestel sal word.
3. Die voorgestelde wysiging word alleen van krag wanneer :
 - (a) Twee-derdes van die aanwesige lede daarvoor stem;
 - (b) Die Sinodale Armesorgkommissie die wysiging bekragtig.

X. ONTBINDING

1. 'n Besluit tot ontbinding van die Armesorgraad kan alleen deur die Ringsarmesorgkommissie in raadpleging met die betrokke kerkrade geneem word.
 2. By die eventuele ontbinding sal alle bates van die Armesorgkommissie oorhandig word aan die Sinodale Armesorgkommissie van die Ned. Geref. Kerk van Natal.
-

BYLAAG IIOOREENKOMS TUSSEN DIE ACVV EN DIE KERK
SOOS BEKRAGTIG DEUR DIE SINODE IN 1953

"En nou waar die ACVV tot 'n ooreenkoms met die kommissie gekom het, stel die ACVV binne die perke van sy konstitusie sy dienste tot beskikking van die NG Kerk met die oortuiging dat hy langs hierdie weg in die behoefte van die Kerk sal kan hulp voorsien en vir die Kerk die funksies te vervul wat 'n eie kerklike vereniging sou vervul het, ondermeer op die volgende grondslag waartoe ooreengekom is :

1. NAAM

Die naam van die ACVV bly onveranderd.

2. LIDMAATSKAP

Lidmaatskap word nie beperk tot lidmate van die NG Kerk nie maar bestuurslede sal sover moontlik lidmate van die Kerk wees.

3. GRONDSLAG EN DOEL

Die ACVV staan op Christelik-protestante grondslag, behartig alle vorme van Christelike barmhartigheid volgens die eise van Gods Woord en lê hom daarop toe om deurmiddel van sy lede en werksters kerklike gehegtheid aan te moedig.

4. SKAKELS TUSSEN KERKRADE EN PLAASLIKE TAKKE VAN DIE ACVV

Die Bestuur van die ACVV tree op in oorleg met die Kerkraad veral i.v.m. die volgende sake :

- (i) Die Kerkraad sal die reg hê om die Hoofbestuur met die oog op stigting van takke te nader. En die Hoofbestuur sal die reg hê om in oorleg met Kerkrade takke te stig.
- (ii) Plaaslike takke sal 'n jaarverslag met geldelike state by Kerkrade indien.
- (iii) Waar 'n Kerkraad dit verlang sal hy verteenwoordigers kan benoem om saam met die onderkomitees van die ACVV te werk. Byname in die geval van Gesinsorgkomitees. Aan die ACVV kan ook verteenwoordiging op Armesorgkommissies van Kerkrade gegee word.
- (iv) Kerkrade sal die reg hê om die werksaamhede wat hy as dringend beskou, onder die aandag van die ACVV te bring en anders om.
- (v) By die aanstelling van maatskaplike werksters sal daar onderlinge erkenning wees tussen Kerkrade en ACVV besture.

BYLAAG II

Bladsy 2

5. 'n ADVISERENDE SKAKELRAAD TUSSEN DIE KERK EN DIE HOOFBESTUUR VAN DIE ACVV

Daar sal 'n adviserende skakelraad gevorm word bestaande uit 5 verteenwoordigers van die Hoofbestuur en 5 verteenwoordigers van die Algemene Armesorgkommissie onder voorsitterskap van die Moderator Synodi.

Die Raad vergader ten minste tweemaal per jaar om sake van gemeenskaplike belang te bespreek, en indien nodig gesamentlike aksieprogramme op te stel.

6. ANDER SKAKELS

(a) Die ACVV sal deur die AAK 'n verslag en geldelike staat by die Sinodale Kommissie en Sinode indien.

(b) Die ACVV sal gepubliseerde verslae met die bogenoemde kommissies wissel.

7. ONDERLINGE SAMEWERKING t.o.v. FONDSE-INSAMELING

Die Kerk en die ACVV sal mekaar alle redelike steun gee wanneer gelde vir bestaande en nuwe welsynswerk ingesamel moet word.

BYLAAG IIIKONSEP GRONDREËLSC M RADE

LEUSE: "Vir Christus en die Naaste".

Art. 1 (a) NAAM: Die naam van die Raad is: Die Christelike Maatskaplike Raad van die NG Kerk in SWA.

Art. 1 (b) VOERTAAL: Afrikaans sal die offisiële voertaal wees.

Art. 2 STIGTING: Die Raad word deur die AAK in die lewe geroep as 'n onderkomitee met die oog op die bevordering van die Diens van Barmhartigheid in die gebied.

Art. 3 TOESIG EN BEHEER: Die Raad staan onder beheer en toesig van die AAK namens die Sinode van die NG Kerk in SWA.

Art. 4 SAMESTELLING

1. Die Raad word as volg saamgestel :
 - (a) Die lid (of lede) deur die Sinode op die AAK benoem vir die Ring (of Ringe) in die gebied;
 - (b) Een lid elk van die Ringsarmesorgkommissie (of kommissies) in die gebied;
 - (c) Een lid elk (verkieslik 'n diaken) benoem deur die Kerkraad (of Kerkrade) wat daartoe deur die AAK of sy Uitvoerende bestuur versoek word;
 - (d) Twee dames deur die NGVV in die gebied wat daartoe deur die AAK of Uitvoerende Bestuur versoek word of, indien daar geen NGVV bestaan nie, dan word twee dames deur die Kerkraad(e) benoem soos in (c);
 - (e) Een lid, met adviserende stem, deur die Adminstrateur benoem;
 - (f) Die Armesorgsekretaris is ampshalwe lid van elke Raad;
 - (g) Hoogstens twee lede gekoopteer deur die Raad met goedkeuring van die AAK.
2. Die lede bly in diens vir 'n tydperk van drie jaar en kan heraan gestel word.
3. Indien 'n lid bedank, word die vakature deur die Raad self aangevul vir die onverstreke dienstermyn.

BYLAAG III

Bladsy 2

4. Die Raad sal bestaan uit nie minder as vyf lede nie en nie meer as twaalf lede nie.

Art. 5 DOEL: Die doelstelling van die Raad is om :

- (a) 'n Georganiseerde en deskundige diens daar te stel ten behoeve van die Diens van Barmhartigheid en die Kerklike Maatskaplike sorg;
- (b) die Kerkrade in die gebied tot 'n eenheidsfront te verenig in die stryd teen maatskaplike wantoestande;
- (c) 'n Beplande maatskaplike opheffingsdiens beskikbaar te stel ten behoeve van die lidmate van ons kerk in die besonder en in belang van die hele gemeenskap in die algemeen;
- (d) die Taak van die Diakonieë en Ringsarmesorgkommissies aan te vul en ten opsigte van die probleme en eise wat veral die stedelike gebiede en nywerheidsdorpe stel, alle moontlike bystand te verleen.

Art. 6 FUNKSIES: Die Raad onderneem die volgende werksaamhede :

- (a) Hy bestudeer en ondersoek vraagstukke op maatskaplike gebied;
- (b) Hy lewer maatskaplike dienste op enige gebied soos nodig beoordeel mag word.
- (c) Hy beywer hom in besonder in belang van Gesinsorg en Kindersorg, beter behuising en werktoestande, en neem alle stappe wat behoorlik sal wees tot die sosio-ekonomiese en geestelike opbouing van alle sorgbehoewendes op Christelik-Nasionale grondslag;
- (d) Hy is mede-behulpsaam met die gesonde maatskaplike en sedelike ontwikkeling van die jeug in sy gebied;
- (e) Hy dien as skakel tussen plattelandse gemeentes en die stedelike gebied ten behoeve van nuwe intrekkers;
- (f) Hy is Kerkrade binne sy gebied behulpsaam, wanneer daartoe versoek, met hulle Diens van Barmhartigheid en maatskaplike probleme;
- (g) Hy voer namens die Kerk onderhandelinge met die gemeenskap en ander openbare liggame en soek hulle samewerking in die gemeenskaplike belang;
- (h) Hy stel sub-komitees aan waar nodig, om namens hom op te tree en neem hulle verslae en bevindings in ontvangs vir behandeling en goedkeuring;

BYLAAG III

Bladsy 3

- (i) Hy stel opgeleide Maatskaplike Werksters aan in sy gebied en stel hulle ook tot diens van die Kerkrade;
- (j) Hy samel fondse in om sy werksaamhede te kan verrig;
- (k) Hy verrig sy taak met biddende opsien tot God, tot die uitbreiding van Sy Koninkryk, die heil van siele en die opbou van die volkslewe.

Art. 7 MIDDELS: Die Raad bedien hom van die volgende middels om sy doel te bereik :

- (a) Die inrigting van 'n kantoor en die aanstelling van 'n voltydse of deeltydse sekretaris of sekretaresse;
- (b) Die indiensneming van opgeleide Maatskaplike Werksters en werkers;
- (c) Die praktiese medewerking van Kerkrade, skole, plaaslike owerhede en van leidende persone in die verskillende beroepe en professies.

Art. 8 FONDSE: Die Raad verkry sy fondse deur :

- (a) Vrywillige bydraes;
- (b) Kerkkollektes;
- (c) Funksies;
- (d) Straatkollektes;
- (e) Bydraes van die AAK;
- (f) Subsidie van die Administrasie;
- (g) Ander metodes soos die Raad mag besluit.

Art. 9 VERGADERINGS: Die Raad hou waar noodsaaklik en moontlik maandeliks 'n vergadering maar in elke geval nie minder as drie keer in die jaar nie.

Art. 10 BOEKJAAR: Die boekjaar van die Raad strek van tot

Art. 11 HUISHOUDELIKE BEPALINGS: Die Raad stel sy eie huishoudelike bepalings op wat in geen opsig met die grondreëls mag bots nie, en wat op enige gewone vergadering van die Raad gewysig mag word, nadat op die vorige vergadering van sodanige wysiging kennis gegee is.

Art. 12 VERSLAG

- (a) Die Raad lê jaarliks 'n algemene verslag van sy werksaamhede, 'n jaarstaat van sy ontvangste en uitgawes en begroting van inkomste en uitgawes vir die volgende jaar aan die AAK voor.

(b) /

BYLAAG III

Bladsy 4

(b) Die Raad lê op elke gewone vergadering van die Ring of Ringe 'n algemene verslag van sy werksaamhede voor.

- Art. 13** AMPSDRAERS: Op die eerste gewone vergadering van elke boekjaar kies die Raad met meerderheid van stemme 'n voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris en tesourier. Desverkiezend kan die poste van sekretaris en tesourier in een persoon verenig wees.
- Art. 14** KWORUM: Een meer as die helfte van die lede van die Raad sal 'n kworum wees.
- Art. 15** EIENDOMME: Alle eiendomme in diens van die Raad sal geregistreer word op naam van die Sinode van die NG Kerk in SWA in trust vir die AAK.
- Art.16** ONTBINDING: By ontbinding van die Raad sal alle eiendomme en besittings wat in diens van die Raad was, deur die AAK na goeddunke van die Diens van Barmhartigheid en Kerklike maatskaplike sorg aangewend word.
- Art. 17** WYSIGING VAN GRONDREËLS: Wysiging van hierdie grondreëls mag alleen aangebring word wanneer twee-derdes van die lede van die Raad daarvoor stem en wanneer die AAK sodanige wysiging goedkeur.
-

NOTAS i/s CMR KONSEP-KONSTITUSIE**Art. 4** SAMESTELLING

Hierdie samestelling maak voorsiening dat daar nege lede op die Raad moet dien. Waar daar meer as een gemeente binne die gebied val wat aan die CMR toegesê word (soos bv. in Windhoek en Keetmanshoop) sal dit selfs opgeskuif kan word na twaalf lede. Vir Windhoek bv. sal 'n groot ledetal nie onmoontlik wees nie en miskien selfs nodig.

DOG - maak hierdie konstitusie ten opsigte van "Samestelling" dit ook moontlik dat so 'n Raad uit die minimum lede (5) mag bestaan omdat :

Punt (a) gee vir ons een lid.

Punt (b) sal, wat ons huidige beleid betref, dieselfde persoon wees as in "a", sodat hierdie lid wegval. Die Ringe benoem die AAK lid asook die Ringsarmesorglid.

Punt (c): Die AAK behou hom hiervolgens die reg voor om 'n lid aan te vra of nie, na gelang van omstandighede. By ons buite gemeentes sal so 'n persoon seker altyd binne bereik van die vergadering kan wees. In Windhoek kan dit nie onprakties wees dat selfs vier diakens sal dien op die CMR nie. Dit skep geen probleme van reiskostes ens. nie omdat elke gemeente behalwe miskien Windhoek (waar daar vier gemeentes is en dus gesamentlik 'n CMR sal hê) die setel sal wees van so 'n CMR.

Punt (d) bly onveranderd.

Punt (e) " "

Punt (f) bly onveranderd met uitbreiding van regte. Die sekretaris sal dus sittingsreg hê op alle CMR van die land.

Punt (g): Hierdie punt is opsioneel d.w.s. daar hoef geen lid benoem te word nie. As dit prakties moontlik en nodig is kan twee lede wel benoem word soos bv. Ds. Scholtz op die oomblik op die CMR dien.

Dus: Só gesien kan die Raad uit vier stemgeregtigde lede bestaan plus die lid van die Administrasie wat maar net adviserende stem het.

N.B. U sal ook opmerk dat dié samestelling die kontinuïteit probeer handhaaf van :

Gemeente - Ring - CMR - AAK - NGVV - ens.

Dit kan die werk net ten goede kom.

Art. 5 DOELSTELLING

Punt 5(d): Ons gaan van die standpunt uit dat die werk van die CMR wesentlik by die Diakonie tuishoort en daarom die taak van die RAK is. Daarom word dit so gesien soos in "d" gestel.

Art. 6 FUNKSIES

Punt (c): Hier noem ons nie Inrigtingsorg nie. Ons sou graag wou sien dat Inrigting-sorg 'n direkte onderneming van die AAK self sal wees. Met die oog op ons huidige ondernemings sal dit prakties wenslik wees. Die AAK kan natuurlik self vir die Inrigtings, onderkomitees benoem. Ons sou graag wou sien dat die Sekretaris egter - altans vir die begin stadium van hierdie werk in SWA - self voorsitter sal wees van al ons bv. Oue-Te-Huise.

Ons wil nie Inrigtingsorg aan die CMR opdra nie omdat :

- (i) Dit ons insiens meer met Gesinsorg en Kindersorg ens. te doen het.
- (ii) Ons die CMR nie moet oorlaai met werk en verantwoordelikheid nie.
- (iii) Ons moet oppas dat die AAK nie soveel magte aan hierdie onderkomitee (CM Rade) delegeer dat die klem van die AAK na die CMR oorval nie soos bv. Punte 2(b), (c) en (d) van die huidige Windhoekse konstitusie die indruk skep nie.
- (iv) Ek glo dat dit voordeliger sal wees met die oog op finansies (fondse) dat die AAK dit behartig. Dit gee meer direkte aanknoping by die Sinode en Ringe en Gemeentes as die CMR.

Punte (f) en (g): Hy help hier om optrede en onderhandelinge op meer algemene verteenwoordiging te bring en neem die beswaar van Kerkisties te wees enigsins weg.

Ons meen dat die res van die artikels geen toeligting nodig maak nie.

N.B.: Ek wil dit net noem dat hierdie Konstitusie dus geen Hoofbestuur van die CM Rade verlang nie. Die AAK is die Hoofbestuur van elke CM Raad in die land. Die kantoor van die AA Sekretaris is die Hoofkantoor en hy is die sekretaris. Alle verslae ens. moet deur elke Raad volgens konstitusie opgestel en aan hom (sekretaris) gestuur word.

N.B. Sien asb. heel laaste blad agterop vir skema.

BYLAAG IV

**KONSTITUSIE VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE DIENS
VAN BARMHARTIGHEID VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE
KERK IN S W A
(Geregistreeerde Welsynorganisasie W.O. 8 - SWA)**

(Opgestel in ooreenstemming met artt. 273 en 274 van die Wette en Bepalings vir die Bestuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika)

ART. 1 **NAAM:** Die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika (hierna genoem die SKDB).

ART. 2 **WOORDOMSKRYWING:**

SINODE: Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA.

ASK: Die Algemene Sinodale Kommissie van die Ned. Geref. Kerk in SWA wat gesaghebbend en besturend opereer in die plek van die Ned. Geref. Sinode in SWA tydens die reses.

SKDB: Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid van die Ned. Geref. Kerk in SWA.

BESTUURSKOMITEE: SKDB.

HULPORGANISASIE: 'n Organisasie wat met die goedkeuring van en onder die beheer van die SKDB volgens 'n eie afsonderlike konstitusie funksioneer.

KOMITEE: 'n Persoon of groep persone wat deur die SKDB aangewys is om onder laasgenoemde se beheer voorgeskrewe take of funksies te verrig.

VOORGESKREWE: Deur die SKDB voorgeskrewe.

GELOOFS- EN VOLKSGENOTE: Alle lidmate van die Ned. Geref. Kerk en alle ander blanke persone, afgesien van taalgroep waarby hulle sorteer.

ART. 3 **GEBIED:** Die gebied wat deur die SKDB bedien word is die gebied wat bekend staan as Suidwes-Afrika en die gebied van Walvisbaai.

ART. 4 **DOELSTELLINGS:** Om, daartoe gedring deur die liefde van Christus en in gehoorsaamheid aan die voorskrifte van Gods Woord, die geestelike, maatskaplike en ekonomiese welsyn van blanke geloofs- en volksgenote wat behoefte of gestrem of in die gesin of samelewing wanaangepas is, te bevorder en om maatreëls te tref om behoefte en maatskaplike wanaanpassing te voorkom en te bestry.

ART. 5 / ...

BYLAAG IV
Bladsy 2

ART. 4 **SAMESTELLING VAN DIE BESTUURSKOMITEE (SKDB)**

- (a) Die SKDB bestaan uit minstens 7 lede deur die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA elke jaar benoem.
- (b) Vakature op die SKDB word deur die Algemene Sinodale Kommissie tydens die Sinodale reses na raadpleging met die SKDB aangevul.

ART. 6 **VOORSITTER, ONDERVOORSITTER EN VERGADERINGS VAN DIE SKDB EN SY UITVOERENDE KOMITEE**

- (a) Nadat die Sinode die SKDB saamgestel het en 'n sameroeper benoem het, kies die SKDB self sy voorsitter en ondervoorsitter op die eersvolgende vergadering. Wanneer 'n vakature ontstaan met betrekking tot die voorsitterskap of vise-voorsitterskap, doen die SKDB self die nodige aanvulling by wyse van nominasie en verkiesing.
- (b) By die Junie of Julie vergadering van elke jaar kies die SKDB twee lede om saam met die voorsitter of ondervoorsitter 'n Uitvoerende Komitee (Dagbestuur) te vorm wat, onderworpe aan die voorwaardes deur die SKDB bepaal (en sy bekragtiging), namens die SKDB kan optree.
- (c) Wanneer 'n vakature op die Uitvoerende Komitee ontstaan, kies die SKDB 'n ander lid om die vakature te vul vir die onverstreke deel van die oorspronklike lid se dienstermyn.
- (d) Vier lede vorm 'n kworum by die vergaderings van die SKDB en twee lede van die Uitvoerende Komitee vorm 'n kworum by vergaderings van die Uitvoerende Komitee.
- (e) 'n Gewone vergadering van die SKDB word minstens eenmaal per jaar gehou maar buitengewone vergaderings kan gehou word wanneer die Voorsitter dit nodig ag of wanneer drie lede van die SKDB die voorsitter versoek om so 'n vergadering te belê.

ART. 7 **MAGTE EN PLIGTE VAN DIE BESTUURSKOMITEE (SKDB)**

- (a) Die SKDB verrig sulke werksaamhede as wat die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA aan hom opdra en tref sulke maatreëls as wat hy nodig mag vind om sy doelstellings uit te voer.
- (b) Die SKDB het die reg om sulke hulporganisasies en komitees in te stel as wat hy nodig mag vind om sy werksaamhede te bevorder en uit te brei.

(c) / ...

BYLAAG IV
Bladsy 3

- (c) Die Bestuurskomitee kan huishoudelike reëls opstel wat vir die doeltreffende verrigting van sy pligte en werksaamhede en die uitoefening van sy bevoegdhede nodig geag word, met dien verstande dat dit nie in stryd met hierdie grondwet of ook in stryd met die Wette en Bepalings vir die bestuur van die Ned. Geref. Kerk in SWA is nie.
- (d) Die Bestuurskomitee benoem twee lede wat belas sal wees met die ondertekening van tjeks van tyd tot tyd.

ART. 8 BEHEER EN BESTUUR VAN HULPORGANISASIES EN KOMITEES

- (a) Ten opsigte van elke hulporganisasie word 'n konstitusie opgestel wat onderhewig is aan die goedkeuring van SKDB.
- (b) Alle wysigings wat aan konstitusies van hulporganisasies aangebring word, is onderhewig aan die goedkeuring van die SKDB.
- (c) Hulporganisasies: Doen verslag oor sulke aangeleenthede, op sulke tye en volgens die wyse wat die SKDB mag bepaal.
- (d) Hulporganisasies verrig hulle werksaamhede volgens voorskrif en onder leiding van die SKDB en is onderhewig aan inspeksie deur die Sekretaris van die SKDB of 'n komitee deur die SKDB aangewys.
- (e) 'n Komitee verrig sulke werksaamhede volgens sulke voorskrifte as wat die SKDB aan hom mag opdra en funksioneer onder die beheer van die SKDB aan wie hy te alle tye verantwoordelik is.
- (f) Die SKDB sien toe dat behoorlike rekening van alle uitgawes en inkomste van geld wat ontvang of bestee is, deur hulporganisasies en komitees gehou word en lg. moet op versoek van die SKDB verslae oor alle aangeleenthede aan hom voorlê.
- (g) Die SKDB sien toe dat die boeke van hulporganisasies en komitees jaarliks deur 'n geëksperteerde rekenmeester nagesien word op 'n tyd soos die SKDB bepaal.

ART. 9 LIDMAATSKAP: Lidmaatskap van die SKDB is beperk tot blanke lidmate van die Ned. Geref. Kerk in SWA wat deur die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in SWA of die Algemene Sinodale Kommissie as lede van die SKDB benoem is (vgl. art. 5(b)) en sulke ander persone wat deur die SKDB gekoöpteer mag word om met sy werksaamhede 'n hulporganisasie of komitee behulpsaam te wees.

ART. 10 / ...

BYLAAG IV

Bladsy 4

ART. 10 **WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE:** Wysiging van die Konstitusie geskied met 'n gewone meerderheidstem op 'n vergadering van die SKDB mits alle lede van die SKDB vooraf van die beoogde wysiging in kennis gestel was en mits dit nie in stryd is met die Wette en Bepalinge vir die bestuur van die Ned. Geref. Kerk in SWA.

ART. 11 **ONTBINDING EN BESKIKKING OOR BATES:** Die bates van die SKDB wat op die naam van "Die Saakgelastigde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika en die Voorsitter van die dan fungerende Kommissie van Toesig en Kontrole van die Kerk" geregistreer is, bly by ontbinding die eiendom van die Ned. Geref. Kerk in SWA.

BYLAAG V

**MEMORANDUM RE VERVANGING VAN CMR IN SWA
DEUR DIE SKDB/NG KERK IN SWA
aan die
INTERIMKOMMISSIE VAN DIE NG KERK IN SWA
op 7 September 1967**

H.E. Heer & Brs.,

Op die vergadering van die SKDB gehou op Woensdag, 30 Augustus 1967 e.v.d. is aan my opgedra om u in te lig oor 'n veranderde situasie wat in die verhouding tussen Kerk en Staat op die akker van die Diens van Barmhartigheid tot stand gekom het.

Kortliks was sy verloop soos volg :

I. STIGTING VAN DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD IN SUIDWES-AFRIKA

Sonder om na diepere tendense vir die stigting van die CMR te gaan soek blyk uit die Acta Synodi 1961, F.13, Verslag van Gekose Komitee insake konsepgrondwet, CMR in SWA (Boek II pp. 421-422); en "bylae van F.13, Konsep-grondreëls, Christelike Maatskaplike Raad in Suidwes-Afrika" (Boek II, pp. 423 - 430); soos deur die Sinode aanvaar (Boek I, F.13, pp. 76, 77) op Maandag, 13 Maart 1961.

- (1) Die CMR "is 'n stigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suidwes-Afrika om in samewerking met die Staat barmhartigheidsdienste aan alle seksies van die bevolking te lewer". Om die CMR in SWA tot hierdie taak in staat te stel, maak die Kerk 'n bydrae en gee die Staat subsidies".
- (2) Art. 13 - "Ontbindings": By ontbinding van die Raad sal alle eiendomme en besittings wat in diens van die Raad was deur die AAK na goeddunke in diens van barmhartigheid aangewend word."
- (3) Die CMR in SWA is die enigste kanaal van onderhandeling met die Administrasie insake werksaamhede wat onder hierdie Raad resorteer.

Opsomming: Die CMR is dus deur die Sinode gestig as enigste organisasie vir sy barmhartigheidsdienste. So is hierdie liggaam dan ook geregistreer as welsynsorganisasie.

II. FUNGERING VAN DIE CMR EN SKDB

Volgens hul onderskeie konstitusies was die CMR die welsynsliggaam wat die werksters in diens neem en die vakkundige dienste lewer (Art. 8).

Die SKDB/...

BYLAAG V

Bladsy 2

Die SKDB was nie 'n geregistreerde welsynsorganisasie nie, maar het gedien om die kerklike werk te kanaliseer, die kerklike beleid te formuleer en voorts was dit die kanaal waardeur die kerklike bydraes gevind en aan die CMR oorgedra is om die vakkundige dienste te lewer.

Bogenoemde toestand het probleme geskep. Nie alleen was daar lidmate en kerkrade wat die maatskaplike werkster en die CMR bloot as humane welsynsorganisasie en die skriftuurlike barmhartigheidsdiens gesien het nie en hul dus daarvan gedistansieer het, maar dit het die Kerk sy natuurlike reg ontnem om direk met die Staat te onderhandel. Prakties het dit probleme geskep deur benoemings op die CMKs of die CMR en by die registrasie van eiendomme moes die Kerk die "CMR eiendomme" betaal en het hy moeilikheid ondervind met verbandlenings omdat dit nie sy eiendomme was nie;

(of ... Registrasie van JT Potgieter-Tehuis vir Bejaardes en Registrasie van verbandlening. Om lg. deur te voer moes ons die eiendom herregistreer @ R747..!!!)

III **VERDWYNING VAN DIE CMR EN REGISTRASIE VAN DIE SKDB AS WELSYNORGANISASIE**

Op hoë vlak - op beide kerklike en staatsakker is al hoe meer met bedenkinge na die status quo in SWA gekyk. Die voormalige Sekretaris/AKDB (tans L.V.) het adviseer in die rigting van die verdwyning van die CMR en oornam deur die SKDB.

Die SKDB het aan die einde van 1966 sy reglement in 'n konstitusie wat by die welsynsordonnansie van SWA aansluit, verwerk en is as 'n welsynsorganisasie (met sy nommer W.O. 8 - SWA) geregistreer. Die onmiddellike aanleidende faktor hiertoe was die insameling vir die Suidwester-Kersfonds, na luid van die Sinodale besluit 1965. Deur sy geregistreerde welsynsorganisasie het die Kerk nou onmiddellik 'n aanspraak by die landsadministrasie geniet (bv. Getuienis voor Behuisingskommissie re Jeugsensentrum; Onderhandelinge vir Versorgingsoord; optredes in Kinderoord, ens.) en die CMR het al hoe meer as oorbodig begin voorkom.

Die SKDB het op 15 Februarie 1967 (Punt 14) besluit dat die Sekretaris/SKDB voorbereidende stappe moet doen sodat die volgende Sinode 'n beslissing in hierdie verband kan gee. Dr HJ Piek (Sekretaris/AKDB) en dr R McLachlin (voormalige Sekretaris/AKDB en tans L.V.) is genader om leiding. Hul het dit ten strengste adviseer en die advies gegee om op die spoor van die SKDB/CM Rade soos dit tans in die Republiek werk, hier te lande te ontwikkel. Dit beteken dat die SKDB as Geregistreerde Welsynsorganisasie op sinodale vlak optree en die Christelik-maatskaplike Rade op klassikale vlak as hulporganisasie gestig word. Met hierdie advies en ook 'n konstitusie van die CM Raad van Pretoria-Ringe as leidraad het die Sekretaris/SKDB en mnr BC Loots die aangehegte konstitusie vir CM Rade in harmonie met beide die Welsynsordonnansie en die Konstitusie/SKDB opgetrek.

So is ook / ...

BYLAAG V
Bladsy 3

So is ook verdere reëlings getref vir 'n oorgangstydperk, nl. finansiële tydperk van die CMR met goedkeuring van Volkswelsyn verander is tot dié van die Kerk en nie meer in lyn is met die van die Staat nie. Ook is die CMR se eie boekhouding opgehef en het dit 'n grootboekrekening in die Kerkboeke verkry (ASK-goedkeuring 14 April 1967), en sal die eise om Staatsubsidies gedurende September i.p.v. gedurende Januarie ingedien word.

Aandag is ook gegee aan die posisie van ds D Esterhuise en die werksters, die eiendomme, subsidies, ens., sodat dit onbelemmerd fungeer soos in die verlede.

Toe hierdie ontwikkeling op die SKDB-vergadering van 30 Augustus 1967 (Notule, Punt 13) gerapporteer is, het die Sekretaris/SKDB dit as sy mening uitgespreek dat alles nou 'n bepaalde rigting loop maar dat s.i. twee besluite nog geneem moet word om die CMR met die SKDB te vervang, nl.

- (a) 'n Sinodale besluit in dier voege,
- (b) 'n Besluit van die Wetgewende Vergadering.

Intussen sal die SKDB optree en sal inspeksies kragtens sy konstitusie geskied, maar die CMR sal tegnies bly voortbestaan tot die bogenoemde besluite geneem kan word. Op sy vraag aan die Hoof/Volkswelsyn of hy nog enige besware of probleme kan sien wat kan opduik, was sy antwoord dat die CMR in die oë van die Staat reeds opgehou het om te bestaan: Ingevolge die Ordonnansie op die Registrasie van Welsynsorganisasies binne 'n jaar vanaf Vrydag, 25 Junie 1965, herregistreer. Die CMR het nie herregistreer nie - slegs die SKDB het geregistreer en word nou deur die Administrasie aanvaar en erken as die enigste kanaal waardeur die Kerk-Staat tans werk.

Op grond hiervan is die laaste implikasies suiwer na luid van die SKDB-konstitusie uitgevoer.

Dit beteken dus :

- (a) dat van sinodale kant "die CMR die enigste kanaal van onderhandeling met die Administrasie (is)" en
- (b) dat van Administrasie kant die SKDB die enigste geregistreeerde welsynsorganisasie is wat erken word en waardeur die Staat verkies om direk met die Kerk te onderhandel,
- (c) dat alle eiendomme op naam van die Kerk geregistreeer is en nie op naam van die CMR nie, omdat die registrasie van verbandlenings wat die Kerk moes aangaan vir die Inrigtings nie op eiendomme wat op naam van CMR geregistreeer is, kon geskied nie.

Die SKDB het dus geen ander uitweg gehad om aangehegte "konsep-huishoudelike reëls vir CM Rade en hulporganisasies van die SKDB" te aanvaar as die geldelike huishoudelike reëls en nie eers te laat wag tot die volgende Sinode nie.

IV. HUIDIGE TOESTAND EN VERSOEKE

U word dus versoek om die CMR soos in 1961 gestig, te herroep en die aangehegte huishoudelike reëls te aanvaar. Dit bring mee :

A. REËLING

- (1) Die CMR as tussenliggaam (geregistreerde welsynsorganisasie) tussen Kerk en Staat het verdwyn en slegs die SKDB as geregistreerde welsynsorganisasie word erken.
- (2) Die CMR-grootboekrekening verdwyn uit die Kerk-boeke en word deel van die SKDB se grootboekrekening.
- (3) Die "konsep-huishoudelike reëls" van die CM Rade as hulporganisasie word goedgekeur en word onmiddellik van krag, soos hieronder ge-emendeer.
- (4) Die huidige CMR verdwyn en elke CMK word Ringsgewys saamgestel as 'n CMR - 'n hulporganisasie van die SKDB.
- (5) Alle werksaamhede geskied voortaan volgens die konstitusie/SKDB.
- (6) Alle vroeëre CMR-werksaamhede is tans ten volle onder beheer van die NG Kerk in SWA.
- (7) Hierdie vergadering is dus slegs 'n vergadering van die SKDB. Die aanwesige lede van die vroeëre CMR word egter vergun om adviserend deel te hê aan die res van die agenda wat onder die ou bedeling die veld van die CMR sou wees.

Die Sekretaris/SKDB sal hierdie veranderde situasie aan die Scriba Synodi en ASK rapporteer en tydens die a.s. Ringsittings dit aan die Ringe verduidelik.

Emendinge aan "Konsep-huishoudelike Reëls vir die Christelike-maatskaplike Rade ..."

Artt. 1 - 8 word goedgekeur, met dien verstande dat t.o.v. Art. 4(h) vrystelling van die ordonnansie-bepaling gevra sal word sodat slegs die saakgelastigde van die NG Kerk in SWA die tjeks sal onderteken.

Art. 9 Aan die einde word bygevoeg: "..... wanneer beskikbaar. Twee lede, behalwe die Sekretaris/SKDB, vorm 'n kworum."

Art.10 - 14 Goedgekeur.

B. PERSONEEL, KANTORE, ens.

Kragtens Art. 11 van die Huishoudelike reëls word die huidige werknemers nou kerklike werknemers met Staatsubsidie.

C. POSISIE - DS DC ESTERHUYSE

Oor die posisie van ds DC Esterhuyse verwys ek u na my "Aantekeninge oor die Aanstelling van ds DC Esterhuyse - Sekretaris CMR" - (Bylae tot Aanhangsel F, Punte 3(d) en (e) van die ASK-skema van 14 April 1967).

Kortliks: Ds Esterhuyse is nie deur die Sinode of bevoegde Sinodale Kommissie net sinodale sanksie volgens 'n bepaalde reglement beroep nie. Hy is deur die SKDB en CMR aangestel as "maatskaplik opgeleide persoon", met toesighoudende amp oor die maatskaplike werksters, gevangenisbearbeiding en Inrigtingsorg. Deeltyds sou hy ook hospitaalbearbeiding doen. Vir e.g. drie afdelings van sy werk sal die Administrasie drie-kwart van sy salaris probeer verhaal word.

Die Sinode 1965 het van die aanstelling van die Sekretaris van Christelike Maatskaplike Dienste kennisgeneem en daarvoor begroot, dog aangevoer dat ds Esterhuyse self aansoek om behoud van sy status moet doen. Sy Akte van Demisse vorm deel van die korrespondensie-lêer van CMR en is nie deur die Sinode in ontvangs geneem nie. M.i. is sy status nog steeds in die gedrang.

Tans het ek sy pos goedgekeur gekry vir subsidie-doeleindes met terugwerkende krag tot 1 Julie 1966. Die Administrasie aanvaar hom egter as "Toesighoudende Maatskaplike Werker", m.a.w. as personeellid van CMR, Art. 11. Mondeling is aan my deur die Hoof/Volkswelsyn meegedeel dat daar nie beswaar is dat hy in sy "spaartyd" predikant is nie.

Die Interim/Sinode sal van hierdie posisie moet kennis neem en beslis oor sy kerkregtelike posisie en ampsomskrywing sodat hy sy kerkregtelike status en posisie kan behou sonder dat die subsidiëring van sy pos verloor word.

Seën toegebied

(geteken) MM NIEUWOUDT
SEKRETARIS SKDB

BYLAAG VIHUISHOUDELIKE REËLS

vir die

CHRISTELIKE-MAATSKAPLIKE RADE

AS HULPORGANISASIES VAN DIE SINODALE KOMMISSIE

vir die

DIENS VAN BARMHARTIGHEID

van die

NED. Geref. Kerk in SWA

(Geregistreerde welsynsorganisasie W.O.8 - SWA)

(Opgestel luidens Artt. 2, 7 en 8 van die Konstitusie van die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid en goedgekeur op die SKDB-vergadering van 30 Augustus 1967 en die Interimvergadering van 8 September 1967)

1. INSTELLING VAN CHRISTELIK-MAATSKAPLIKE RADE

Christelik-Maatskaplike Rade (hierna genoem CMR) word deur die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (hierna genoem die SKDB) as hulporganisasie van die SKDB ingestel om binne die grense van bepaalde ringe waar so 'n behoefte bestaan die werksaamhede wat ingevolge Artikel 3 van hierdie konstitusie, opgedra word, te verrig.

2. DOELSTELLING

Die doel van die CMR is om na luid van Art. 4 van die konstitusie van die SKDB dienste aan behoeftige en maatskaplik-wanaangepaste geloofs- en volksgenote te lewer.

3. WERKSAAMHEDE

Dit is die taak van die CMR om :

- (a) maatskaplike behoeftes binne die gebied waarin hy funksioneer te identifiseer en die aard en omvang daarvan te bepaal;
- (b) maatreëls te tref om in die geïdentifiseerde maatskaplike behoeftes te voorsien, en waar nodig maatskaplike aksie te inisieer of daaraan deel te neem;
- (c) gesins- en kindersorgdienste asook dienste in belang van besondere maatskaplike behoeftes soos sorg vir die alkoholis, die bejaarde, die gevangene, ens. te reël en te lewer;
- (d) met welsynsorganisasies met soortgelyke of verwante doelstellings, afdelings van die Administrasie, staatsdepartemente en ander instansies op plaaslike vlak saam te werk;

(e) / ...

BYLAAG VI

Bladsy 2

- (e) jaarliks gedurende Augustus 'n verslag m.b.t. sy werksaamhede aan die SKDB voor te lê;
- (f) jaarliks 'n verslag oor sy werksaamhede aan die betrokke ring(e) in te lewer;
- (g) sodanige ander werksaamhede te verrig as wat die SKDB van tyd tot tyd mag opdra.

4. VERPLIGTINGE

Die CMR moet -

- (a) notule hou van vergaderings, waarin die name van lede wat die vergaderings bywoon, aangeteken word;
- (b) toesien dat die insameling van fondse vir sy doelstellings geskied onder dekking van 'n volmag van die SKDB ten einde aan die vereistes van die Ordonnansie op Welsynsorganisasies te voldoen;
- (c) al die geld wat hy ontvang in 'n bankrekening stort wat op die naam van die CMR gehou word;
- (d) rekeningboeke hou wat 'n noukeurige weergawe bevat van sy finansiële bedrywighede;
- (e) al die besonderhede wat nodig is om die dokumente in (a) en (d) vermeld, behoorlik te begryp, bewaar;
- (f) sorg dat alle rekeninge, boeke, registers en notules van vergaderings te eniger tyd ter insae lê vir inspeksie van 'n persoon deur die SKDB gemagtig of van 'n inspekteur daartoe gemagtig kragtens die Ordonnansie op Welsynsorganisasies;
- (g) jaarliks gedurende Augustus 'n geouditeerde balansstaat en staat van inkomste en uitgawe, asook 'n begroting van sy uitgawes vir die volgende finansiële jaar, verstrek;
- (h) sorg dat alle tjeks deur minstens twee persone deur hom aangewys, geteken word;
- (i) sorg dat geen bydraes ingesamel word vir 'n doel anders as dié in Artikel 2 omskryf nie en dat geen geld of eiendom waaroor hy beheer uitoefen vir 'n ander doel aangewend word nie;
- (j) sorg dat alle rekeningboeke en stawende dokumente minstens vyf jaar lank gehou word, tensy die stukke ingevolge 'n versoek van die SKDB of 'n wetsbepaling vir 'n langer tydperk bewaar moet word.

5. SAMESTELLING

Elke afsonderlike CM Raad word soos volg saamgestel :

- (a) Die SKDB benoem 3 lede;
- (b) Die Ring(e) benoem 4 lede (met 2 secundi) waarvan die helfte lede van die NGVV moet wees. Waar die area van één CMR meer dan één Ringsgebied beslaan, bepaal die SKDB welke getal van bogenoemde 4 lede deur elk van die Ringe benoem sal word.

L.W. Die lede in (a) en (b) genoem, moet binne die Ringsverband(e) waarin die betrokke CMR optree, woonagtig wees.

- (c) Die Sekretaris/SKDB is, wanneer beskikbaar, volle lid van die betrokke CMR;
- (d) Die Administrasie van SWA kan één lid in raadgewende hoedanigheid aanwys;
- (e) Die betrokke CM Raad het die reg om één persoon met volle stem te koöpteer.

L.W. Die swaartepunt van die CMR se samestelling sal wees waar die werkster woonagtig is. Wanneer sy ander sentra binne haar werksgebied besoek, sal die Ringe toesien dat die samestelling van die CM Raad sodanig is dat hul aldaar 'n Dagbestuur kan vorm - al sou so 'n buite-area se lede ook slegs 2 in getal wees.

6. DIENSTYD

Die CM Rade dien vir een jaar van gewone Ringsitting tot gewone Ringsitting. Die Sekretaris/SKDB moet jaarliks toesien dat die CM Rade hersaamgestel word. In geval 'n betrokke Ring om een of ander rede nie vergader nie, moet die Ringskommissie optree. Vakatures word deur die betrokke liggaam aangevul.

7. VERGADERINGE

Die CMR vergader so dikwels as wat nodig mag wees, maar ten minste een keer elke ses maande. Vir hierdie vergaderinge vorm meer as die helfte van die lede in Art. 5(a) en (b) van hierdie konstitusie genoem, 'n kworum.

- 8. DIE VOORSITTER van die CMR word deur die SKDB benoem. Die CMR kies self 'n ondervoorsitter.

B Y L A A G VI
Bladsy 4

9. DAGBESTUUR

'n Dagbestuur wat in spoedeisende sake optree word deur die CMR aangewys en sal bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter en nog een lid van die bestuur en die Sekretaris van die SKDB indien beskikbaar. Twee lede, uitgesonderd die Sekretaris/SKDB, vorm 'n kworum. (Sien Art. 5).

10. KOMITEES

Die CMR het die reg om permanente en tydelike komitees in die lewe te roep en saam te stel - bv. finansiële komitee, aannemingskomitee, ens.

11. PERSONEEL

Met die goedkeuring van die SKDB open die CMR 'n kantoor of kantore, stel administratiewe amptenare aan en maak gebruik van Christelike maatskaplike werkers/sters, dit wil sê wat deur die SKDB tot sy beskikking gestel word. Die personeel behartig ook die sekretariële werk van die CMR.

12. DIENSVORWAARDES VAN PERSONEEL

Diensvoorwaardes aangaande verlof, werksure, beëindiging van diens, deelname aan groepsversekering en die opstelling van 'n diensooreenkoms word deur die SKDB onderneem.

13. JAAR

Die CMR se finansiële jaar strek van 1 Julie tot 30 Junie.

14. WYSIGING VAN HUISHOUDELIKE REËLS

Wysiginge aan huishoudelike reëls kan deur die CMR aanbeveel word, maar kan slegs met die goedkeuring van die SKDB aangebring word.

MM NIEUWOUDT
SEKRETARIS, SKDB

BYLAAG VII

(BYLAE TOT BYLAE III)

KONSTITUSIE

van die

VROUEVERENIGING VAN DIE NG KERK IN SWA**I. NAAM:**

Die Vrouevereniging van die NG Kerk in SWA.

II. LEUSE: LIEFDE DIEN.**III. GRONDSLAG**

Die Grondslag van die Vereniging is die Woord van God en soos ook uitgedruk in die Belydenisskrifte van die NG Kerk in SWA.

IV. DOELSTELLINGS

1. Te ywer vir die eerbiediging van die Woord van God en vir die uitbreiding van Sy Koninkryk in die diens van barmhartigheid.
2. Die Christelike naasteliefde en diensvaardigheid te beoefen.
3. Die plaaslike gemeente te dien as hulpdienste vir die kerklike ampte van leraar, ouderling en diaken en alles te doen tot bevordering van die geestelike, maatskaplike en stoflike belange van die gemeente.
4.
 - (a) Te ywer vir die maatskaplike welsyn van die plaaslike gemeente van die Kerk in die algemeen deur gesinsorg, kindersorg, huweliksvoorligting en inrigtingsorg.
 - (b) Daadwerklik belang te stel in die werwing, opleiding en indiensneming van kerklike maatskaplike werkers.
 - (c) Daadwerklik te ywer in die dienste van barmhartigheid wat nie onder (a) en (b) voorkom nie.
5. Aandag te skenk aan siekes, bejaardes, behoeftiges, beproefdes en ook om nuwe intrekkers op te soek en in te skakel in die gemeentelike lewe.
6. Fondse in te samel met die oog op die verwesening van die doelstellings.

V. BESTUUR EN ORGANISASIE**1. Bestuur**

- (a) Die Vereniging word bestuur deur takbesture, die hoofbestuur en die kongres in opgaande rang.

(b)/...

BYLAAG VII
Bladsy 2

- (b) Waar takke 'n gemeenskaplike taak het binne dieselfde gebied, kan 'n skakelraad gevorm word.
- (c) Enige lid op groep het die reg van appél na die volgende hoër liggaam, nl. takbestuur, hoofbestuur en kongres.

2. Lede

- (a) Die Vereniging bestaan uit vrouelidmate van die NG Kerk.
- (b) Lede sluit vrywillig aan en teken 'n ledekaartjie as bewys van aanvaarding van die konstitusie, of gemeentes waarin die Kerkraad dit verkies, kry die vergunning om alle vrouelidmate van die gemeente te beskou as lede van die Vereniging.
- (c) Vrouelidmate van ander Protestantse Kerke kan met goedkeuring van tweederdes van die lede van 'n tak, meegaande lede van sodanige tak word.

3. Takke

- (a) Plaaslike takke van die Vereniging word gestig alleenlik nadat die goedkeuring en samewerking van die Kerkraad verkry is.
- (b) Dit is wenslik dat geen tak uit minder as tien lede bestaan nie.
- (c) In 'n gemeente sal nie meer as een tak bestaan nie. Waar gemeentelike omstandighede dit vereis, mag meer as een gemeente saam een tak van die Vrouevereniging stig.
- (d) Die takbestuur sal bestaan uit 'n voorsitster, onder-voorsitster, sekretaresse en tesouriere (of sekretaresse-tesouriere) en minstens drie ander lede wat jaarliks gekies word.
- (e) Die kiesing van bestuurslede geskied per briefie.
- (f) Dit is baie wenslik dat geen bestuurslid in dieselfde hoedanigheid vir langer as drie agtereenvolgende jare dien nie.
- (g) Tussentydse vakatures in 'n takbestuur word deur 'n ledevergadering tydelik aangevul tot die volgende bestuursverkiesing.
- (h) Waar meningsverskil ontstaan oor die toepassing van erkende reëls, of waar skriftelike bepalings ontbreek, sal 'n vergadering met nie minder as 'n twee-derdes meerderheid 'n beslissing vel.

BYLAAG VII
Bladsy 3

- (i) 'n Tak deel sy werk sover moontlik in komitees in, met 'n bestuurslid as leidster en 'n gewone lid as sekretaresse en penningmeesteres (indien nodig).
- (j) Elke komitee is gebonde om aan die bestuur van tyd tot tyd verslag te lewer van sy werk.
- (k) Elke tak lewer jaarliks aan die Kerkraad verslag van sy werk en van sy program van die volgende jaar.
- (l) Elke tak hou behoorlik rekord van sy handeling en laat sy geldelike state deur 'n geoktrooieerde rekenmeester nasien.
- (m) Halfjaarliks hou elke tak 'n geldsakevergadering.
- (n) Takke sal aan die einde van die boekjaar, wat dieselfde sal wees as dié van die Kerk, deur hulle gebiedsvertegenwoordigster verslag doen van hul geldsake en werksaamhede van die Hoofbestuur.

VI. HOOFBESTUUR

1. (a) Die hoofbestuur bestaan uit 'n voorsitster, ondervoorsitster, sekretaresse en tesouriere (of sekretaresse-tesouriere) en een verteenwoordigster uit elke Ringsgebied. Die Algemene Armesorgsekretaris sal ampshalwe op die hoofbestuur dien.
- (b) Eersgenoemde drie of vier lede vorm 'n dagbestuur.
- (c) Waar meer as een van die dagbestuur uit dieselfde Ringsgebied kom, kan een dien as gebiedsvertegenwoordigster.
2. Die Kongres kies per briefie die drie of vier ampsdraers en die afgevaardigdes van elke gebied kies in komitee hul verteenwoordigster, wat dan deur die Kongres as verkose verklaar word.
3. Hoofbestuurslede mag nie langer as vier jaar in dieselfde hoedanigheid op die Hoofbestuur dien nie.
4. 'n Tussentydse vakature in die Hoofbestuur word deur die Hoofbestuur aangevul. Ringsgebiedsvertegenwoordigsters word weer deur die Ringsgebiede aangewys.
5. Die Hoofbestuur vergader minstens eenmaal per jaar.
6. Tussen kongresse berus die beheer van die vereniging by die Hoofbestuur.

BYLAAG VII

Bladsy 4

7. Die Hoofbestuur lê alle sake rakende sy breë beleid vir goedkeuring voor aan die Sinodale Kommissie. Vir kennisname lê die Hoofbestuur jaarliks 'n verslag voor aan die Algemene Armesorgkommissie en aan die Sinodale Evangelisasiekommissie.
8. Die Hoofbestuur lewer aan die kongres verslag van die werk en geldsake van die Vereniging vir goedkeuring.
9. Die verteenwoordigster van elke Ringsgebied stel jaarliks 'n verslag op van die werk onder haar sorg, vir voorlegging aan die Hoofbestuur.
10. Die Hoofbestuur sal die Vereniging by die owerheid laat registreer as welsynsorganisasie.

VII. KONGRES

1. Die Kongres is die hoogste gesag in die Vereniging. Die Kongres sal sover moontlik elke twee jaar sitting hê.
2. Die Kongres bestaan uit die Hoofbestuur en twee behoorlik verkose afgevaardigdes van elke tak.
3. Die Hoofbestuur se dienstermyn verstryk met die sluiting van die Kongres en hy hou daarna 'n gesamentlike vergadering met die nuwe hoofbestuur vir oordrag van die werk.
4. By die aanvang van die Kongres word die Hoofbestuur se reëlins vir die Kongres aangekondig, waarna die Kongres die reg sal hê om met 'n meerderheid van minstens twee-derdes daarin wysiginge aan te bring.
5. Alle kongresbesluite rakende beleidsake word aan die Armesorgkommissie voorgelê, wat dit aan die Sinodale Kommissie (of Sinodes) voorlê vir bekragtiging.
6. Enige lid van die Kongres mag versoek dat 'n dringende saak van openbare belang op die agenda geplaas mag word. Die Kongres sal besluit oor die onmiddellike behandeling of die verwysing daarvan na die Hoofbestuur.
7. 'n Buitengewone kongres kan deur die Hoofbestuur belê word op eie verantwoordelikheid of op versoek van minstens twee-derdes van die takke.
8. Beskrywingspunte vir die Kongres moet ten minste ses weke voor die datum van die Kongres in die hande van die Sekretaresse van die Hoofbestuur wees, en sy sal sorg dat elke tak 'n afskrif kry 'n redelike tyd voor die aanvang van die Kongres.

VIII. / ..

VIII. FONDSE EN EIENDOMME

1. Die Vereniging beheer self sy fondse.
2. Die Vereniging se eiendomme staan op naam van die plaaslike Kerkraad of op naam van die NG Kerk in SWA getransporeer, in trust vir die Vereniging.
3. Die Hoofbestuur van die Vereniging het die reg om eiendomme te koop, te verkoop of op enige wettige manier te verkry of af te staan, met verloop van die betrokke instansie van die Kerk.

IX. FEDERALE VERBAND

Die Vereniging onderneem om in te skakel indien 'n federale verband tussen die kerklike vrouevereniging van ons Kerk en die vier provinsies en SWA tot stand kom.

X. WYSIGING VAN KONSTITUSIE

1. Voorstelle vir wysiging, toevoeging of weglating in die Konstitusie moet minstens ag weke voor die Kongresdatum in die hande van die Hoofbestuur wees, wat dit dan onverwylt na die takke sal stuur vir oorweging.
2. Sodanige wysiging word van krag indien twee-derdes van die kongreslede dit ondersteun.

XI. ONDERSTEUNING

1. Die Vereniging kan alleen ontbind word deur 'n kongres spesiaal vir die doel byeengeroep en na raadpleging met die Algemene Armesorgkommissie. Op sodanige kongres moet minstens nege-tiendes van die bestaande takke teenwoordig wees, en die besluit tot ontbinding moet deur minstens drie-vierdes van die aanwesige lede gesteun word.
 2. In geval van ontbinding gaan alle fondse en ander eiendomme terug na die Kerk, wat dit sal aanwend vir die doel naaste aan die oorspronklike doel waarvoor dit byeengebring is en opgeëis is.
 3. 'n Tak mag nie ontbind sonder toestemming van twee-derdes van sy lede nie.
 4. 'n Tak mag alleen ontbind met verloop van die plaaslike Kerkraad en met kennisgewing aan die Hoofbestuur.
 5. Met ontbinding gaan alle fondse en ander eiendomme wat aan die tak behoort oor in die hande van die plaaslike Kerkraad.
-

BYLAAG VIIIKONSEP-REGLEMENT

vir die

VROUEDIENS

van die

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SWA

1. **NAAM:** VROUEDIENS VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDWES-AFRIKA.
2. **GRONDSLAG:**
Die Woord van God en soos uitgedruk in die Belydenisskrifte van die Ned. Geref. Kerk.
3. **DOEL**
Om alle belydende vrouelidmate te aktiveer om diensbaar te wees op alle terreine van die kerklike lewe.
4. **KERKLIKE VERBAND**
Die Vrouediens word georganiseer volgens Art. 55 van die Kerkorde en staan derhalwe onder toesig van en met verantwoording aan Kerkraad, Ring en Sinode.
5. **LEUSE**
Die liefde van Christus dring ons (2 Kor. 5:14).
6. **GEMEENTE-VROUEDIENS**
 - 6.1 **ORGANISASIE**
 - 6.1.1 Terwille van groter krag en doeltreffender funksionering van die vrouekragte in die gemeente, word van elke Kerkraad verwag om die leiding te neem in die sameroeping van al die vrouelidmate en die organisering van die Vrouediens.
 - 6.1.2 Die vergadering wys 'n voorsitster, 'n onder-voorsitster, 'n sekretaresse en tesouriere of sekretaresse/tesouriere aan. Tesame met die voorsitsters van komitees en die verteenwoordiger van die Kerkraad, vorm hulle die Bestuur van die plaaslike Vrouediens.
 - 6.1.3 Die Bestuur word jaarliks verkies met inagneming van die gesonde beginsels van afwisseling en kontinuïteit. Tussentydse vakatures word deur die Bestuur self aangevul.
 - 6.2 **TAAK**
 - 6.2.1 Organiseer en aktiveer die vrouelidmate sover moontlik ooreenkomstig die kerkraadsyke in die gemeente.

6.2.2/...

BYLAAG VIII

Bladsy 2

- 6.2.2 Benoem 'n Sending- en 'n Diens van Barmhartigheidskomitee en verder nog soveel komitees as wat nodig geag word.
- 6.2.3 Dien die Kerkraad met nominasies (dubbeltalle) vir die verkiesing van primaria en secunda-lede op die Sending-, Diens van Barmhartigheid- en enige ander moontlike ooreenstemmende kommissies van die Kerkraad.
- 6.2.4 Roep gereeld, en verkieslik maandeliks, algemene vergaderings van die vrouelidmate saam.
- 6.2.5 Reël wanneer nodig gesamentlike vergaderings tussen kommissies van die Kerkraad en ooreenstemmende komitees van die Vrouediens.
- 6.2.6 Komitees lewer sover moontlik kwartaalliks verslag van hul werksaamhede by 'n algemene vergadering van die vrouelidmate.

Die Bestuur lewer jaarliks op die voorgeskrewe vorm verslag aan die Kerkraad.

7. RINGS-VROUEDIENS**7.1 ORGANISASIE**

- 7.1.1 Die Ringskriba neem die leiding in die sameroeping en organisering van die eerste vergadering van die Vrouediens op Ringsvlak.
- 7.1.2 Die Vrouediens word op Ringsvlak soos volg saamgestel: Een Primaria en Secunda afgevaardig deur elke gemeentelike Vrouediens in die Ringsressort, asook die verteenwoordiger deur die Ring aangewys.
- 7.1.3 Die vergadering kies sy eie voorsitster, onder-voorsitster en sekretaresse.

Tesame met die Ringsverteenwoordiger verrig hulle die gewone pligte van 'n Bestuur.

Die Bestuur word jaarliks verkies met inagneming van die gesonde beginsel van wisseling en kontinuïteit.

- 7.1.4 Elke Gemeentelike Vrouediens dra self die koste van haar afvaardiging.

7.2 TAAK

- 7.2.1 Gee leiding aan gemeentes in verband met die organisering en aktivering van die Vrouediens in die Ringsressort. Hierdie leiding moet altyd in ooreenstemming wees met die beleid soos neergelê deur die Sinodale Bestuur.
- 7.2.2 Benoem 'n Sending- en 'n Diens van Barmhartigheidskomitee en verder soveel komitees as wat nodig geag word.

BYLAAG VIII

Bladsy 3

7.2.3 Dien die Ring met nominasies (dubbeltalle) vir die verkiesing van primaria en secunda-lede op die Sending-, Diens van Barmhartigheid- en enige ander moontlike ooreenstemmende kommissies van die kommissies van die Ring.

7.2.4 Roep Ringskonferensies vir die Vrouediens saam.

7.2.5 Doen jaarliks op die voorgeskrewe vorm aan die Ring verslag.

8. SINODALE-VROUEDIENS

8.1 ORGANISASIE

8.1.1 Die Scriba Synodi neem die leiding in die sameroeping en organiserings van die eerste vergadering van die Sinodale-Vrouediens.

8.1.2 Die Sinodale-Vrouediens word soos volg saamgestel: Twee Primariae en secundaë afgevaardig deur elke Ringsbestuur.

8.1.3 Die vergadering verkies sy voorsitster, onder-voorsitster en sekretaresse. Tesame met die verteenwoordigers van die Sinode verrig hulle die gewone pligte van 'n Bestuur.

Die Sinodale Bestuur word elke 4 jaar verkies met inagneming van die gesonde beginsel van wisseling en kontinuïteit.

8.1.4 Die Sinodale Bestuur vergader jaarliks.

8.2 TAAK

8.2.1 Gee leiding aan die Rings- en Gemeente-Vrouediens. Hierdie leiding moet altyd in ooreenstemming wees met die beleid soos neergelê deur die Sinode en Algemene Sinode.

8.2.2 Benoem 'n Sending- en 'n Diens van Barmhartigheidskomitee en verder soveel komitees as wat nodig geag word.

8.2.3 Dien die Sinode met nominasies (dubbeltalle) vir die verkiesing van primaria en secunda-lede op die Sending-, Diens van Barmhartigheid- en ander moontlike ooreenstemmende kommissies van die Sinode.

8.2.4 Roep Sinodale-konferensies gereeld saam, sover moontlik met elke gewone vergadering van die Sinode.

8.2.5 Sorg vir die daarstelling van die nodige vorms.

8.2.6 Lewer voor elke gewone vergadering van die Sinode verslag van alle werksaamhede van die Vrouediens aan die Scriba Synodi. In die Sinodale reses word jaarliks aan die Scriba Synodi verslag gedoen ooreenkomstig Bepaling 75.3 van die Kerkorde en Bepalinge van die Sinode.

BYLAAG VIII

Bladsy 4

9. ALGEMENE SINODALE ORGANISASIE

Sodra ooreenstemmende Algemene Sinodale Vrouedienskomitees gekonstitueer word vir elke afdeling wat op Sinodale vlak funksioneer, sal die Vrouediens hierby inskakel ooreenkomstig die besluite van die Algemene Sinode.

10. FINANSIES

10.1 Elke Vrouediens beheer en hanteer sy eie fondse op Gemeentelike, Rings- en Sinodale vlak onderskeidelik met verantwoording aan die betrokke Kerkvergadering.

10.2 Boekhouding geskied verkieslik in afsonderlike rekeninge in die finansiële registers van die betrokke Kerkvergadering.

10.3 Jaarliks word aparte geouditeerde state van die Vrouediens-rekeninge aan die betrokke Bestuursliggam voorsien.

10.4 Die Vrouediens se administratiewe uitgawes op Rings- en Sinodale vlak word deur sy Sinodale rekening gedra behalwe dié in punt 7.1.4 hierbo genoem.

10.5 Die Sinodale Bestuur bepaal die bydrae wat elke Gemeente Vrouediens jaarliks in die Sinodale rekening moet stort.

11. BESLEGTING VAN GESKILLE

Enige geskil binne die Vrouediens word deur die bevoegde Kerkvergadering op Kerkraads-, Rings- en Sinodale vlak besleg.

12. VERHOUDING TOT DIE KSK

Die Kindersendingkrans funksioneer onder beskerming van die Sendingkomitees van die Vrouediens.

13. STAKING VAN AKTIWITEITE

As Sinodaal-erkende diens van die Kerk, kan geen Kerkraad oorgaan tot die beëindiging van die Gemeente Vrouediens, tensy verlof daartoe deur die Ring, na oorlegpleging met die betrokke gemeente, verleen is nie. In so 'n geval moet 'n volledige verslag deur die Ring aan die Sinodale Kommissie gelewer word.

14. WYSIGING VAN DIE REGLEMENT

Slegs die Sinode kan, nadat oorleg met die Sinodale Bestuur van die Vrouediens gepleeg is, hierdie reglement wysig.

BYLAAG IX
(BYLAE 20)

**VERSLAG VAN DIE CHRISTELIKE ALKOHOLISTEDIENS
GEBIEDSKOMITEE AAN DIE SKDB
VIR DIE JAAR 1 APRIL 1979 - 31 MAART 1980**

1. VERSLAGTYDPERK

1 APRIL 1979 tot 31 MAART 1980

2. CHRISTELIKE ALKOHOLISTEDIENS GEBIEDSKOMITEE

2.1 SAMESTELLING OP 31 MAART 1980

Ds W van Zyl - Voorsitter (verteenwoordiger van SKDB)
Mev JL Tromp - Sekretaresse
Mnr JJ Opperman
Mnr Buks Ferreira
Mnr S Schaaf
Ds PA du Toit
Ds G Theron

2.2 VAKATURE

Die vakature wat ontstaan het met die vertrek van ds G Theron is nie gevul nie.

2.3 Die bogenoemde persoon is deur die Gebiedskonferensie van 1979 benoem ooreenkomstig Reglement, pt. 11-2 en aan die SKDB voorgelê vir bekragtiging.

2.4 DAGBESTUUR

Die Windhoekse lede het as Dagbestuur opgetree.

3. VERGADERINGS

Die Gebiedskomitee het eenmaal vergader op 11 JUNIE 1979 en die Dagbestuur tweemaal.

4. NOTULES

Die notules van vergaderings is deur die sekretaresse gehou, afgerol en gesirkuleer en op die volgende vergadering goedgekeur.

5. PERSONEEL

Administratiewe diens word deur die komiteeledes en kerkkantoor- en CMR personeel gelewer en ook langs hierdie weg word opregte dank daarvoor betuig.

BYLAAG IX

Bladsy 2

6. WERKSGBIED : SUIDWES**6.1 INLIGTINGSDIENS**

Inligting in verband met alkoholisme, alkoholiste-sorg en die CAD kon ruimskoots uitgedra word.

6.1.1 Gemeentelike konferensies is op Oshakati, Otjiwarongo-Suid, Aranos en Stampriet gehou.

6.1.2 Rings-Diakonale konferensies op Tsumeb en Windhoek.

6.1.3 Die Vrouediens van Keetmanshoop-Noord het 'n konferensie gereël en Vrouedienste van Windhoek-Noord en Suiderhof is toegesprek.

6.1.4 **Paneelbesprekings** is met behulp van lede van Windhoek se Christelike Alkoholistediens gehou en wel in Windhoek-Wes en Windhoek-Noord, Mariental en Pionerspark.

6.1.5 **Dank:** By ál hierdie werksaamhede is gebruik gemaak van die bereidwillige en onmisbare dienste van Christelike Alkoholistedienslede van Windhoek, waarvoor hulle hartlike waardering ontvang.

6.2 MOTIVERINGSWERK

6.2.1 Sedert die Gebiedskonferensie 1979 val die klem meer op motiveringswerk. Hulpsoekers word nie meer so geredelik na die Hospitaal vir behandeling verwys nie in 'n poging om die klem na eie positiewe aktiwiteit te verskuif.

6.2.2 Die professionele lede van die CAD was grootskaals en kontak met mense in nood en nie-vakkundige lede het ook hulle aandag hierop begin toespits.

6.2.3 **Leraars:** Verskeie broers leraars was aktief betrokke en het lidmate of ander persone gemotiveer om vir behandeling te kom. Hierdie spanwerk was vrugbaar.

6.3 BEHANDELINGSONDERSTEUNING

6.3.1 Die Windhoekse Christelike Alkoholistediens het geredelik aandag gegee aan die pasiënte in die Windhoekse Staatshospitaal.

6.3.2 Die pasiënte woon ook weekliks die Windhoekse Diens se byeenkoms by.

Hierdie wedersydse kontakte is uiters noodsaaklik vir die positiewe insig en motivering van die pasiënte.

6.4 NASORGWERK

6.4.1 **Diensgroepe:** Volgens verslag was die Windhoekse Diens aktief met nasorg en ons is bewus dat Rundu Diens ook reeds bygedra het om mense se pogings om sober te word te bestendig.

6.4.2/...

BYLAAG IX
Bladsy 3

- 6.4.2 **Leraars:** Belangstellende leraars is getrou in opvolgingswerk en waardevolle verhoudings tussen leraar en sober persoon het ontwikkel.
- 6.4.3 **Skoling:** Die 1979-konferensie het die behoefte gevoel aan skoling van terapeutiese groepleiers en leiding ten opsigte van komitee funksies. Weens drukte van werksaamhede kan hieraan nog nie aandag gegee word nie.

7. ORGANISASIE

- 7.1 Die tweede Gebiedskonferensie van die CAD is op 6 Mei 1979 op Okahandja gehou en is bygewoon deur + 35 persone, onder wie 'n paar leraars was wie se belangstelling en medewerking kosbaar is en was.

Die byeenkoms was insiggewend en bemoedigend.

- 7.2 Die 1980-Konferensie word beplan vir 3 Mei DV.

7.3 NASIONALE KONFERENSIE

- 7.3.1 Die eerste Nasionale Konferensie van die CAD is op 13 - 15 Maart 1980 by Ramot, Parow gehou en is volgens Reglement deur vier Suidwes-afgevaardigdes bygewoon.

- 7.3.2 Die hoofdis was voorbereidingswerk aan 'n nuwe Handleiding vir die Diens, en daarstelling van nuwe leesstof. Met die oog hierop is die AKDB versoek dat 'n volgende konferensie vir 1981 gehou word. In die reses sal twee Gebiedskomitees, met koöpsie uit ander gebiede, aan konsepte werk.

- 7.3.3 **Finansies:** Deelname op hierdie vlak stel 'n hoë eis aan reiskoste aan die Gebiedsfonds. Ons voel egter dat Suidwes op die konferensies sowel as gekoöpteerde medewerkers 'n bydrae het om te lewer.

7.4 PLAASLIKE CHRISTELIKE ALKOHOLISTEDIENS

- 7.4.1 **Bestaande:** Dienste bestaan in die Windhoek Ringsressort en te Rundu en lewer waardevolle diens. Werksaamhede op Gebiedsvlak sou sonder die Windhoekers net nie kan vorder nie. Op Rundu was die nuwe Leraar, ds Pienaar, reeds op hoogte van die CAD en hy kon die werk daar weer op die been bring.

- 7.4.2 **Behoeftes:** In Walvisbaai, Tsumeb, Keetmanshoop, Mariental en Grootfontein is werk vir Dienste. In Mariental word in die rigting van CAD-stigting gewerk.

- 7.4.3 Ongetwyfeld bestaan behoefte aan Alkoholistesorg in elke gemeenskap in Suidwes. In 'n latere paragraaf volg besinning daaroor.

8. SAMEWERKING

Dit verdien hier vermeld te word dat die samewerking van leraars, maatskaplike werkers, en CAD rondom die behandelingsprogram van die Staatshospitaal, Windhoek, aangenaam is.

BYLAAG IX

Bladsy 4

9. BESINNING OOR DIE ALKOHOLISTESORG VAN ONS KERK

9.1 **DIE TERM** alkoholistesorg is nuut en waarskynlik nog "nie-amptelik" in ons kerk, maar dit is daarom nodig om te besin oor wat ons wil.

9.2 ALKOHOLISTESORG TOT OP DATUM

9.2.1 Die kerk se groot onderneming tot op datum was **Inrigtingsorg**, deur sy drie Rehabilitasie-sentra, 'n werksaamheid op Sinodale vlak.

9.2.2 BUIE DIE INRIGTINGS: PASTORAAL EN VAKKUNDIG

Baie is en word deur leraars, kerkraadslede, vakkundiges en lidmate in persoonlike en vakkundige hoedanigheid gedoen, met geseënde gevolge.

9.2.3 **Georganiseerd: CAV en CAD:** Buite die inrigtings was dit nog net die CAV wat as 'n nie-kerklike vereniging met die kerk wou saamwerk en tans die CAD wat alkoholiste-sorg georganiseerd bied.

9.3 DIE CAD: PRAKTIESE SITUASIE

9.3.1 **Op Sinodale Vlak:** Prakties is die CAD weereens 'n onderneming op Sinodale vlak deurdat 'n Gebiedskomitee namens die SKDB beheer uitoefen oor plaaslike dienste. Kerkraads- of Ringsverteenwoordiging is passiewe beheer. Die CAD funksioneer nie as 'n hulpdienst van die kerkraad nie.

9.3.2 **Praktiese Behoefte/Onwaarskynlikheid:** Terwyl daar in elke gemeente behoefte bestaan aan alkoholistesorg is dit onwaarskynlik dat 'n Christelike Alkoholistediens in elke gemeente in Suidwes tot stand sal kom, soos die Christelike Alkoholistediens volgens Reglement gevorm moet word. Die kerk sal dus nie die werk ten volle deur die Christelike Alkoholistediens kan doen nie.

9.4 ALKOHOLISTESORG/BARMHARTIGHEIDSDIENS/KERKWERK

Bogenoemde praktiese situasie dwing ons waarskynlik om die beginsel van die saak raak te sien.

9.4.1 Die kerk wil alkoholistesorg as barmhartigheidsdiens doen. Dit is die primêre doelstelling.

9.4.2 Kerklike werk gaan van die kerkraad Ring en Sinode uit.

9.4.3 'n Alkoholistesorg sal in die kerk eers werklik "tuiskom" wanneer die kerkraad en Ring dit onderneem.

9.4.4 **Prakties** sal hierdie benadering in Suidwes en elders ook werk:

9.4.4.1 in die kleinste gemeente kan die kerkraad alkoholistesorg op die sakelys van die barmhartigheidsdienskommissie hê, en

9.4.4.2 die enkele beskikbare sober alkoholis(te) kan geaktiveer word deur hulle by die kommissie te betrek;

9.4.4.3/...

BYLAAG IX
Bladsy 5

- 9.4.4.3 in groter gemeentes kan 'n alkoholistesorgkommissie van die kerkraad gevorm word, met die beskikbare sober alkoholiste betrokke;
- 9.4.4.4 in groter gemeentes of sentra kan 'n Christelike Alkoholistediens georganiseer word as verlengstreek van die werksaamheid van die kerkrade se Alkoholistesorgkommissies.

9.4 AANBEVELING

Ons wil in beskeidenheid aanbeveel :

- 9.4.1 dat die SKDB bogenoemde besinning oorweeg en aanvaar as beleid; en
- 9.4.2 dat die SKDB dit as beleid deurgee aan kerkrade en Ringe;
- 9.4.3 dat hierdie Gebiedskomitee opdrag ontvang om as subkommissie vir Alkoholistesorg te funksioneer;
- 9.4.4 en dat begin word met onderhandeling met die AKDB om ook op daardie vlak meer te besin oor hierdie uitgangspunt en benadering.

S L O T

Die SKDB word bedank vir u simpatie bejeëning van hierdie kerk, en word ryke seën toegewens op u vergadering en werksaamhede.

DS W VAN WYL
VOORSITTER

(MEV) JL TROMP
SEKRETARESSE

namens CAD GEBIEDSKOMITEE

BYLAAG X

V E R S L A G

STUDIEKOMMISSIE

insake

HUWELIKSVORLIGTING

in

SUIDWES-AFRIKA

WINDHOEK
23 September 1961

BYLAAG X**INHOUDSOPGAW E**

1. **METODE GEVOLG**
2. **STUKKE ONTVANG:**
 - (a) Van Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Geinslewe
 - (b) Wes-Kaaplandse Huweliksraad
 - (c) Christelike Maatskaplike Raad van Kaapse Skiereiland
 - (d) Christelike Maatskaplike Raad, Pretoria
 - (e) Universiteit van Suid-Afrika
- A. **INLEIDING**
- B. **FEITLIKE TOESTAND TEN OPSIGTE VAN HUWELIKS-
VOORLIGTING IN SUID-AFRIKA VANDAG**
- I. **DIE NASIONALE RAAD VIR HUWELIKSVOORLIGTING EN
GESINSLEWE**
 - (a) Samestelling
 - (b) Algemene Sekretaris
 - (c) Grondbeginsels en Doelstellings
 - (d) Metodes van werk
 - (e) Resultate
 - (f) Voorbeelde van Uitgebreide aksie deur Nasionale Raad

BYLAAG D
BYLAAG E
BYLAAG F
BYLAAG G
BYLAAG H
BYLAAG I
BYLAAG J

 - (g) Opsomming en Gevolgtrekkings

BYLAAG X
INHOUDSOPGAWE - Bladsy 2

II. GEAFFILIEËRDE LIGGAME BY DIE SA NASIONALE RAAD

Die Wes-Kaaplandse Huweliksraad

- (a) Doelstellings
- (b) Werksaamhede
- (c) Opsomming

II. HUWELIKSVORLIGTING DEUR CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RADE

- (a) Uiteensetting
- (b) Opsomming en gevolgtrekkings

IV. AANBEVELINGS MET DIE OOG OP STIGTING VAN 'n HUWELIKS-ADVIESBURO VIR SWA

BYLAAG X

VERSLAG
STUDIEKOMMISSIE
insake
HUWELIKSVOORLIGTING

(Voorgelê aan die Sinodale Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid in
Sitting in Windhoek : Oktober 1961)

Weleerwaarde Heer en Broeders

U Kommissie het die eer om soos volg te rapporteer insake die opdrag wat u
ons gegee het :

1. **METODE GEVOLG:** U Kommissie het 'n uitgebreide korrespondensie
gevoer met instansies wat direk gemoeid is met huweliksvoorligting en
ons kan rapporteer van gewillige reaksie. Ook is persoonlike onderhoude
gevoer met verskeie persone en instansies, onder andere die Sekretaris
vir die SA Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe.

2. **STUKKE ONTVANG**
 - (a) Van Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en gesinslewe: Van die
Sekretaris van hierdie raad is besonder waardevolle stukke
ontvang, sommige waarvan as Bylaes tot hierdie verslag aangeheg
word.
 - (b) Van Wes-Kaaplandse Huweliksraad: (Geaffilieër met die SA
Nasionale Raad): Jaarverslag en konstitusie en korrespondensie is
ontvang.
 - (c) Van CMR van Kaapse Skiereiland: Korrespondensie en
uiteensetting deur die Sekretaris is ontvang.
 - (d) Van CMR Pretoria: Korrespondensie en uiteensetting deur
Pastorale Psigoloog is ontvang.
 - (e) Van Universiteit van Suid-Afrika: Korrespondensie insake kursus
in Huweliksvoorligting is ontvang.
 - (f) Van NG Gemeente, Windhoek: Gemeenteblad is ontvang.

A. INLEIDING

Na ondersoek het dit geblyk dat huweliksvoorligting op georganiseerde en
wetenskaplike grondslag slegs gedurende die afgelope dekade in SA posgevat
het. In oorsese lande en veral in Engeland, bestaan dit reeds op gevestigde
grondslag. Die wêreldbekende Dr David Mace, tans die leidende persoonlikheid

op hierdie gebied, wat onlangs ook ons land besoek het, is die voorsitter van 'n internasionale liggaam vir huweliksvoorligting, waarop feitlik alle lande verteenwoordig is. Onder die druk van huidige spanninge, wat onder andere ook op die huwelikslewe 'n onmiskenbare uitwerking het, word vandag allerweë erken dat huweliksraadgewing 'n onontbeerlike vereiste geword het.

B. FEITLIKE TOESTAND TEN OPSIGTE VAN HUWELIKSVOORLIGTING IN SA VANDAG

Sover vasgestel kan word is die volgende liggame met huweliksvoorligting tans besig :

I. DIE SA NASIONALE RAAD VIR HUWELIKSVOORLIGTING EN GESINSLEWE

Die stelsel van Nasionale Rade is welbekend in ons land vandag.

- (a) Samestelling: Uit die Jaarverslae wat hierby aangeheg is (sien Bylae A en B) kan gesien word hoedat hierdie Raad saamgestel is vanaf die Hoofbeskermheer tot die samestellende en verteenwoordigende lede en liggame op die Raad.
- (b) Algemene Sekretaris: Die persoon waaromheen die hele werksaamheid draai, is die Algemene Sekretaris, wat 'n professionele persoon is, geskoold in sielkundige tegnieke en huweliksraadgewing (counselling). (Sien Bylae C).
- (c) Grondbeginsels en Doelstellings
 1. 'n Suksesvolle huwelik is fundamenteel vir 'n gesonde gesinslewe wat op sy beurt weer lewensbelangrik is vir die welsyn van die maatskappy.
 2. Die huwelik word as 'n lewenslange verbintenis beskou.
 3. Geestelike, emosionele en fisiese harmonie kan in die huwelik bereik word deur opregte bereidwilligheid, onselfsugtige liefde, en selfbeheersing.
 4. Die fundamentele vereiste vir 'n stabiele persoonlike en maatskaplike lewe is dat geslagsomgang slegs binne die struktuur van die huwelik toegelaat moet word.
 5. Kinders is die natuurlike verwesenliking van 'n gelukkige huwelik en hulle verryk en verdiep die verhouding tussen die man en die vrou. Groter gesinne behoort daarom aangemoedig te word.

Die Raad beoog:

1. Om deur 'n nasionale stelsel van werwing, keuring en opleiding, die dienste van persone wat alreeds op een of ander manier met

BYLAAG X

Bladsy 3

huweliks- of gesinsprobleme te doen kry, saam te snoer vir opvoeding- en versoeningsdienste.

2. Om daardie mense wat op die punt staan om te skei of wat huweliks- en gesinsprobleme ondervind, van advies en raad te bedien ten einde versoening en aanpassing te bewerkstellig.
3. Om die publiek van Suid-Afrika in te lig en op te voed tot 'n gesonde huweliks- en gesinslewe, deur welke media ookal moontlik.
4. Om die stigting van plaaslike buros vir huweliks- en gesinsorg aan te moedig en te ondersteun en om die bestaande verenigings by te staan met die uitbreiding en verbetering van hulle dienste.
5. Om alle pogings en aktiwiteite van plaaslike verenigings sowel as verwante organisasies aktief in die veld van huweliks- en gesinsorg te koördineer en saam te snoer onder een nasionale liggaam met die doel om :
 - (a) alle sake betreffende die huwelik en die gesin op 'n nasionale grondslag te benader;
 - (b) om 'n beleid te formuleer en om maatreëls in te stel, statutêr of andersins, wat die versterking van die gesinsbande kan bevorder;
 - (c) om navorsing te steun of self te onderneem op die gebied van die huwelik en die gesin.

D. METODES VAN WERK

Die werk word op twee maniere gedoen :

... konsultasiediens aan lede van die publiek wat probleme in hulle huwelik en huislike lewe ondervind. Die raadgewing word in die meeste gevalle deur gekeurde en opgeleide vakkundiges waargeneem wat self praktiseer as mediese dokters, predikante, opvoedkundiges, prokureurs, maatskaplike werksters of sielkundiges. Alle raadgewing geskied op 'n konsultatiewe basis, heeltemal vrywillig en gratis. Ons probeer nie om raadgewing af te dwing of om oplossings voor te skrywe nie. Die wese van ons werk lê daarin dat ons mense probeer help om hulleself en hulle lewensmaat beter te begryp en om hulle vertroue te wen sodat hulle deur hulle moeilikhede geloods kan word tot daardie oplossing wat hulleself ook die aanneemlikste vind. Dit beteken nie dat ons sonder doelwitte of sonder morele oortuigings werk nie. Ons glo in liefde en getrouheid soos uiteengesit in ons grondstellings. Ons probeer om gesinne te verenig en te versoen en glo vas dat dit van die grootste belang is vir die welsyn van die kinders. Ons koester net die hoogste ideale vir elke gesin en poog om deur begryplikheid, warmte, ondersteuning en egte belangstelling elke gesin daartoe aan te spoor.

Opvoedkundig /...

BYLAAG X
Bladsy 4

Opvoedkundig: Voorkoming is altyd beter as genesing. Dit is uiters noodsaaklik dat die jonger geslag voorberei word om meer verstandige huwelike te sluit en hulle terselfdertyd voor te berei vir die verantwoordelikheid van 'n gesin. Ons stel boeke, pamflette, lesings, kursusse en groepbesprekings tot die beskikking van elke jong paartjie wat belangstel en probeer om die belangrikste fasette van 'n gelukkige gesinslewe dek soos bv. godsdiens, finansies, kinders, skoonouers, ontspanning, geslagslewe, e.d.m. Hierdie opvoedkundige dienste word in die reël deur reeds bestaande liggame soos bv. Kerke, jeugverenigings, skole, klubs, ens., gereël. Ons het ook 'n groter en omvattender opvoedkundige program wat meer daarop gerig is om die algemene publiek in te lig en op te voed tot groter verantwoordelikheid en toewyding aan hulle gesinne. Gesinsweke, uitstallings, radioprogramme en kompetisies word vir die doel gereël.

E. RESULTATE

Wie sal ooit die finale resultate en waarde van so 'n subjektiewe diens kan bereken waarin met so weinig konkrete dinge gewerk word? Tog is daar al etlike pogings hier te lande en oorsee aangewend om die waarde van raadgewende dienste te bepaal.

Daar is gevind dat sukses grotendeels bepaal word deur die erns en gretigheid van die paartjie om nog die huwelik te red, die duurte en omvang van die probleem en laastens die vaardigheid en ondervinding van die raadgewer. Bepaalde navorsing het getoon dat in ongeveer een-derde van die gevalle moeilikhede totaal opgeklaar en die verhoudings aanmerklik verbeter het. By een-derde was die uitslag onseker en by die oorblywendfe derde is die huwelik tog uiteindelik opgebreek, nieteenstaande al die pogings tot versoening. Meer dan enigiets anders egter is bewys dat die paartjies wat reeds vroeg gedurende hulle huwelik met probleme raadgewing gesoek het, die beste gevorder het.

F. VOORBEELDE VAN UITGEBREIDE AKSIE DEUR NASIONALE RAAD

Die volgende stukke wat as bylaes aangeheg word, gee 'n indruk van die uitgebreide skaal waarop te werk gegaan word en die wetenskaplike wyse waarop die werk benader word :

- Bylae D:** Konstitusie van die SA Nasionale Raad vir Huweliksvorligting en gesinslewe
- Bylae E:** Blueprint for Strengthening Marriage and Family Life in SA.
- Bylae F:** Kursus vir verloofde pare : "Preparation for Marriage"
- Bylae G:** Voorbeeld van intensiewe kursus wat deur huweliksraadgewers gevolg moet word: "Marriage Counselling Training Course"
- Bylae H:** "Films on Family Life"

BYLAAG X

Bladsy 5

Bylae I: "Preparations Necessary for setting up a Marriage Guidance Society"

Bylae J: "How to set up a Marriage Guidance Society"

G. OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

Soos blyk uit voorgaande is die SA Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe 'n organisasie wat op algemene Christelike grondslag staan, en wat op wetenskaplike wyse deur raadgewing voorbehoedende sowel as herstellingsdienste lewer op huweliksterrein. Uit die lys van samestellende lede van die Raad blyk dit dat die Raad 'n landswye ondersteuning van kerke en welsynsorganisasies geniet.

Die Christelike raadgewing geskied hoofsaaklik deur 'n paneel van vrywilliger raadgewers wat volgens gestandaardiseerde metodes opgelei is en wat hul dienste gratis aanbied. Elke tak het so 'n paneel en alle werksaamhede word gekoördineer deur die Algemene Sekretaris wat 'n besoldigde vakkundige is.

II. GEAFFILIEËRDE LIGGAME BY DIE SA NASIONALE RAAD VIR HUWELIKSVOORLIGTING EN GESINSLEWE

As voorbeeld van sodanige geaffilieëerde liggaam dien die :

1. **Wes-Kaaplandse Huweliksraad:** Hierdie Raad is deels onder die vleuels van die ACVV en funksioneer kortliks soos volg :
 1. Die tikster van die ACVV Hoofkantoor is ook die telefoonbeampte en klerk vir die Wes-Kaaplandse Huweliksbyuro. Mense wat hulp verlang kom óf persoonlik na die kantoor óf bel op. Ons tikster maak dan 'n afspraak met 'n raadgewer.
 2. Gewone kantoorure word gehandhaaf maar kliënte word slegs gespreek nadat 'n afspraak vooraf gereël is. Hierdie prosedure is nodig omdat ons raadgewers hulle dienste gratis gee en slegs op afspraak na die kantoor kom om kliënte te spreek.
 3. 'n Spesiale kantoor as onderhoud-kantoor is ingerig.
 4. Die raadgewers is mense wat na aanleiding van koerantberigte te kenne gegee het dat hulle daarin belangstel om die werk te doen. Hulle kry 'n spesiale opleiding wat gebaseer is op stukke wat deur die SA Nasionale Raad vir Gesinslewe gestandaardiseer is.
 5. Daar is geen predikante wat as raadgewers optree nie. Dit is die vrye keuse van 'n kliënt of hy met sy predikant wil gaan gesels.

III. HUWELIKSVORLIGTING DEUR CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD

- (a) **Uiteensetting:** Hierdie diens word soos volg verrig:

Deur die daarstelling van vakkundige beamptes as professionele raadgewers (Wes-Kaapland en Pretoria) bygestaan deur maatskaplike werksters en wat deurwerk na die diakonie en leraar. Die kenmerkende eienskap van hierdie diens in die Kaapse Skiereiland is dat huweliksvorligting en raadgewing deel is van 'n omvattende gesinsorgdiens.

Die Sekretaris van die Christelike Maatskaplike Raad van die Skiereiland motiveer hierdie werksmetode soos volg :

"Na my mening behoort en kan trouens huweliksvorligting nie losgemaak word van 'n gesinsorgdiens soos dit onder meer gelewer word deur ons maatskaplike werksters en werkers in diens van die CM. Rade in Kaapland nie. Ek sou dus dink dat die eerste raad wat 'n mens sou gee aan die persone in Suidwes-Afrika wat belangstelling het vir die saak daarop behoort neer te kom dat die instelling van CM Rade met geskoolde maatskaplike werksters in hul diens onontbeerlik is. Hierdie maatskaplike werksters gee natuurlik aandag aan 'n hele boel aangeleenthede wat nie almal noodwendig betrokke is by huweliksverhoudinge nie, maar tog die gesinslewe intens raak. Ek dink byvoorbeeld aan verskyninge soos armoede, werkskuheid en werkloosheid, woningnood, drankmisbruik, kinderverwaarlosing, gedragsafwyking by kinders, ens. Hierdie aangeleenthede verteenwoordig gesinsnood, en hang nie altyd saam met huwelikswaanaanpassing nie. Dit gebeur egter wel dat hulle saam met huwelikswaanaanpassing in die huisgesin voorkom en dit spreek feitlik vanself dat om in sulke gevalle net met die huweliksverhouding te werk, nie voldoende is nie.

Wat ek hiermee wil benadruk, is dat 'n gesinsorgdiens, wat onder meer huweliksvorligting sal insluit, in die eerste plaas daargestel moet word, en daarna kan daar dan miskien spesiale aandag aan die spesifieke huweliksprobleme aandag geskenk word.

Ons maatskaplike werksters is natuurlik deur hulle skoling tot op sekere hoogte in staat om sonder verdere deskundige hulp die genoemde probleme te behartig. Sommige van die probleme moet egter die aandag van 'n sielkundige ontvang, wat dieper geskoold is in die sielkunde as wat ons maatskaplike werksters, met hul driejarige kursus, is. Waar dit dan nodig word om 'n sielkundige wat deskundige advies kan verskaf aan te stel, moet sy diens ook aansluiting vind by die funksies van die maatskaplike werk-personeel wat gesinsorgdienste in breëre sin lewer, anders kan so 'n persoon beswaarlik voorbly met die hoeveelheid werk wat hom te beurt sal val.

BYLAAG X

Bladsy 8

"Oor die verhouding tussen die maatskaplike werkers en werksters van 'n gesinsorganisasie en 'n sielkundige raadgewer, het ek onlangs die volgende uiteensetting opgestel wat ek hier aanhaal, omdat, soos ek dit sien, dit die saak taamlik bondig saamvat :

'Ons werk by die CMR van die Kaapse Skiereiland geskied deur 'n veldpersoneel van 15 maatskaplike werkers, met drie verdere vakpersoneellede aan ons hoofkantoor verbonde wat toesig uitoefen oor die werk van die veldpersoneel en vir die administrasie verantwoordelik is. Die veldpersoneel is almal so geplaas dat hul dienste aan spesifieke gemeentes beskikbaar is, en daar word so heg as wat kan saamgewerk met kerkrade en pastorieë, sodat veral die diakonale amp aangevul en gestimuleer word. Die groot gros van die probleemgevalle waarmee ons werk kom dan ook deur gemeentelike kanale onder ons aandag, en benewens suiwer maatskaplike rehabilitasie is dit ook ons doel om die mense met wie ons werk na die gemeentelike verband terug te lei as dit enigsins nodig is.'

Die probleme is natuurlik legio, met stoflike nood en liggaamlike ongesteldhede aan die een ent van die linie, en heel komplekse geestelike probleme aan die ander ent. Essensieël probeer ons om ons diens as 'n gesinsorgdiens in te rig en prakties gesien is die neteligste vraagstukke dié wat hul teen die agtergrond van die gesinsamestel met sy verhoudinge afgespeel: Huweliksonenigheid, gedragsvraagstukke by kinders en adolessente, werkskuheid, drankmisbruik en dranksug, en so meer. Dit is veral ten opsigte van dié soort probleme wat ek so pas genoem het dat die dienste van die Sielkundige Raadgewer te berde kom.

Die gedagte is nou nie dat die Raadgewer self met al die probleme van hierdie aard oor die hele Skiereiland moet kamp in persoonlike hoedanigheid nie - daarvoor is die Skiereiland bra groot. Die belangrikste taak van die Raadgewer is om die maatskaplike werkster voor te lig oor die wyse waarop hulle sulke probleme moet benader, verstaan en behandel. Die werksters is natuurlik almal geskoold met betrekking tot die behandelingstegnieke en hulle is ook psigologies georiënteerd. Maar laasgenoemde kom nie volledig tot sy reg in die opleidingkursusse wat in hierdie stadium aangebied word nie, en dit moet gevolglik aangevul word. Ek sien dit as taak van 'n voltydse Adviseur - dit het tog nog toe nie gebeur nie - om periodiek vir die werksters praatjies of voorlesings te hou om hulle psigologiese kennis te hulp aanvul, maar eintlik sal die leiding wat aan die werksters gegee word oorwegend daarin bestaan dat hul hul moeilike gevalle met die Raadgewer bespreek en leiding ontvang met betrekking tot hul verdere optrede, wat natuurlik sal inbegryp dat hul met diagnostiese vraagstukke ook hulp sal ontvang.

BYLAAG X

Bladsy 9

"Met die heel moeilikste gevalle sal die Raadgewer self moet kennis maak, maar alleen nadat die aanvoorwerk deur die werkster gedoen is en die Raadgewer self besluit dat hy moet inspring, en dan word die nasorg weer aan die werkster opgedra. Die Raadgewer neem dus sy plek ook in in die vlugkromme van die geval soos dit deur die behandelingsproses beweeg vanaf die stadium dat dit uit gemeentelike verwysingsbron in ons hande gestel word, totdat dit weer teruggevoer is na absorbering in die gemeentelike verband.

Ek vind dit nodig om hierdie aangeleentheid so breedvoerig te verduidelik as wat ek so pas probeer doen het, want tensy die Raadgewer se take op hierdie wyse ineenvleg met die algehele opset van ons maatskaplike diens, word sy posisie maklik onhoudbaar as gevolg van oorlading, en gaan sy wesentlike funksie vir die Raad ewe maklik verlore.

Daar kom dan nog een verdere taak vir die Raadgewer by, wat gedeel word met myself en ander lede van die personeel, nl. voorligting op breër terrein en wel deur middel van toesprake en voorlesings by gemeentelike gesinsweke en dergelike byeenkomste. Ons maak van elke moontlike geleentheid gebruik om op hierdie wyse ons mense te probeer beweeg om in te sien dat die gesinslewe 'n saak is wat elke kind en ouer met erns moet aansien, en ook om hulle bewus te maak van die geleenthede wat ons bied vir persoonlike en konfidensiële bespreking van probleme waarmee hul te kampe mag hê en waarby hul hulp nodig het."

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

Volgens hierbogenoemde uiteensetting wil die CM Rade 'n uitgebreide diens lewer as slegs huweliksadvies deur 'n vakkundige. Die hele organisasie van maatskaplike werksters en maatskaplike dienste word ingespan om huweliksontbinding te bekamp. Huweliksprobleme tussen egpare word slegs gesien as 'n onderdeel van 'n omvattender proses, nl. die proses van gesinsontbinding. Die vakkundige hanteer slegs die moeilikste tegniese raadgewing, en alle voorsorg en nasorgwerk word aan die maatskaplike werksters oorgelaat.

Dit word ter bedenking aan die SKDVB dat hierdie stelsel uiteraard slegs die laer inkomstegroepe sal bereik en bedien. Die gesinne uit die professionele lae sal uit die aard van die saak nie 'n maatskaplike werkster raadpleeg of in hulle vertrouwe neem nie. Indien huweliksadvies gesoek word, sal die raadpleging en onderhoudvoering op die vlak van psigiatrie of gelykstaande nivo's geskied. Die Christelike Maatskaplike Raad van beide Pretoria en die Skiereiland het opgeleide psigoloë in diens wat sulke gespesialiseerde dienste kan lewer.

IV. AANBEVELINGS MET DIE OOG OP DIE STIGTING VAN 'n HUWELIKSADVIESBURO VIR SWA

U Kommissie wil die volgende aanbevelings doen :

BYLAAG X

Bladsy 10

1. Gesien die groot behoefte aan positief-Christelike leiding ten opsigte van die huwelikslewe, die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid daartoe sal oorgaan om adviesdienste daar te stel op gereformeerde grondslag.
2. Dat die eerste stap in hierdie rigting sal wees die aanstelling van 'n vakkundige, liefes 'n pastorale psigoloog, om wie se persoon en werk alle dienste gesentraliseer kan word.
3. Vir hantering van die voorsorg en nasorgwerk van probleemgevalle van die laerinkomstegroep, kan die dienste van die Christelike Maatskaplike Werkster ingeroep word. Verdere hantering kan opgedra word aan die diakonie, kerkraad en leraars in wie se gemeente gevalle voorkom.
4. Orr. voorbehoudende en inligtingsdienste daar te stel, sal dit wenslik wees om 'n paneel van vrywillige raadgewers te werf en te keur en op te lei volgens die gestandaardiseerde kursusse van die Nasionale Raad vir Voorligting en Gesinslewe. Hierdie paneel trag deur inligting langs verskillende kanale, byvoorbeeld literatuur, lesings, ens., om die algemene publiek op te voed tot 'n gesonde benadering van die huwelikslewe. Die paneel, bestaande uit 'n geneesheer, regsgeleerde, predikant(e) ens., is ook afsonderlik beskikbaar vir onderhoude van die kant van kliënte wat spesifieke huweliksinligting verlang.
5. Die huweliksvoorligter, saam met genoemde paneel, vorm 'n huweliksadviesraad saam met verteenwoordigers van die Sinodale Kommissie vir Diens van Barmhartigheid. Dit sal nie wenslik wees om hierdie gespesialiseerde diens op te dra aan die Christelike Maatskaplike Raad of die Christelike Maatskaplike Komitee nie. Die taak van hierdie Raad sal wees, behalwe wat reeds in 4. genoem is, om navorsing te doen, onder andere na huweliksprobleme wat spesifiek betrekking het op toestande in SWA en om te affilieër by die Nasionale Raad vir Huweliksvoorligting en Gesinslewe. So 'n affiliasie bied besliste voordele en verbreek kontakte en insig.
6. Dit sal wenslik wees dat die hele benadering sowel geestelik as wetenskaplik sal wees. Die grootste taak moet wees om persone terug te lei na Christus en om alle probleme te laat oplos aan die voet van die kruis. Aanvullend hiermee sal gebruik gemaak word van die nuttste materiaal op die Rorschach-toets en Bernreuter-skale. Die sielkundige dienste hoef ook nie beperk te wees tot spesifiekehuweliksprobleme nie, maar kan die hele veld dek van persoonlike sowel as verhoudingsprobleme. 'n Gepaste benaming vir so 'n sentrum sal wees: 'PSIGO-PASTORALE KLINIEK'.

Hiermee meen u Kommissie dat voldoen is aan sy opdrag en wens u 'n vrugbare bespreking van die saak toe.

Die uwe in Christus

AGS GCUS

AM GOUS

JM OLIVIER

BYLAAG XI

M E M O R A N D U M

re

TEHUIS/ONGEHUDE MOEDERS

DEUR DIE SKDB VOORGELÊ AAN DIE
EERSVOLGENDE SINODE VAN DIE NG KERK IN SWA

1. **OPDRAG:** Nadat by die Sekretaris/SKDB navrae oor die moontlikheid van die oprigting van 'n Tehuis/Ongehude Moeders in SWA gedoen is, is dit na die ASK verwys wat op 14 April 1967 soos volg besluit het:

"(Dit) Word verwys na die volgende Sinode via die SKDB wat opdrag kry om alles te ondersoek."

2. **UITVOERING:** Die Sekretaris/SKDB het 'n breedvoerige navraag by die Sekretaris/AKDB gedoen en baie hulp van hom verkry - veral hulp wat geïllustreer is met praktiese verwysings na die nuwe Berg-en-Dal-inrigting. Voorts het ek 'n sirkulêre brief aan alle NG Kerkrade en CM Rade in SWA gestuur met navraag re 'n behoeftebepaling. Van die Registrateur Geboortes, Huwelike en Sterfgevallen kon ons nie syfers verkry nie. Kortliks word op hierdie gewens soos volg gerapporteer.

3. **BEHOEFTE EN BEHOEFTEBEPALING**

- A. Op hierdie vlak is die woord "behoeftebepaling" baie arbitrêr. Daar is verskeie faktore wat dit bepaal of daar 'n "behoefte" bestaan en hoe groot die behoefte is:
- (i) In welke mate bv. die gemeenskap so 'n inrigting aanvaar - hoe vooroordeel afgebreek word;
 - (ii) Moet slegs die aangemelde gevalle (CMR) as die moontlike getalle aanvaar word en/of ook die "privaat" gevalle;
 - (iii) Beleid met betrekking tot voorsorg en nasorg wat gevolg word - m.a.w., hoe lank moet die dogter in die inrigting bly;
 - (iv) Vir hoeveel op 'n keer voorsiening gemaak moet word - die verkieslike is 'n opname-vermoë van 8 - 12.
 - (v) **Intensiteit van Arbeid:** Is dit slegs m.b.t. die dogter self, of word haar ouers, leraar, werkgewer of skoolhoof, ander familieleden en die vermeende vader van die kindjie ook betrek? Dit mag voorkom dat vir een geboorte tot soveel as 8 komponente bestaan.
 - (vi) Beleid m.b.t. heropnames by 'n moontlike tweede swangerskap.

BYLAAG XI

Elk van bogenoemde faktore is ook rekbaar. Die meer aanbevole inrigting is die wat 8 - 12 beddens het (bv. 4 kamers met 3 beddens elk), wat 'n jaarlikse opname van 40 - 50 gee.

B. POSISIE IN SUIDWES-AFRIKA

- (a) **Statistieke:** Slegs twee CM Rade en 14 gemeentes het geantwoord. 3 van die 14 gemeentes word deur 'n CMR gedek. Hierdie navraag lewer 40 buite-egtelijke geboortes gedurende die jaar. Dis egter meer dan 'n vermoede dat die getalle meer dan dubbeld bogenoemde moet wees: telefoniese navrae blyk dat daar veel meer voorkomende gevalle is as wat voor die Kerkrade dien. Voorts is sentrums soos Keetmanshoop en Walvisbaai se getalle nie verstrekkend nie.
- (b) **Onrusbarende Ontdekking:** Daar is tekens dat hierdie voorkomende gevalle by die offisiële kennis en behandeling van die Kerkrade verbygaan :
- (i) Navrae in persoonlike gesprekke lui daarop dat lede bewus is van gevalle terwyl die Kerkrade antwoord dat daar geen gevalle behandel is nie;
 - (ii) Die CMR van Windhoek rapporteer 10 NG-gevalle deur hul hanteer. Navraag by die 7 gemeentes van Windhoek sê dat slegs 3 gevalle hanteer is.
- Dis onrusbarend as die mens-in-syn-nood by die plaaslike gemeente en Kerkraad verbygaan en vakkundige dienste (al is dit kerklik-vakkundig). Die Kerkrade se taak is immers nie bloot om by sommige gevalle sensuur toe te pas nie.
- (c) **Hantering:** Moontlik by gebrek aan 'n ad hoc-inrigting vertoon die hantering 'n wyd-uiteenlopende proses: Sommige het in die huwelik getree; ander na familie; of in die hospitale opgeneem; of na inrigtings in die Republiek, ens. elkeen het sy probleme gelewer: sulke "mces-trou"-huwelike is nie altyd 'n sukses nie; persoonlik afstomping of verbittering in die vernerderde posisie voor die oë van die publiek; probleme om die dogters in die inrigtings in die Republiek geplaas te kry en les bes, probleme om kindertjies weer vir Suidwes-ouers (mandaatgebied) uit die Republiek aangeneem te kry.

4. PERSEEL - OMGEWING

Met inagneming van dienste soos die kraaminrigting, voorgeboorte-kliniek, openbare kommunikasiemiddele, georganiseerde gesinsorgdienste-kantoor, ens., moet 'n kleinhoewe 'n entjie buite 'n stad wat privaatheid bied sonder dat ingeslotenheid neerdrukkend inwerk, die sterkste oorweging geniet. Naaste hieraan is 'n huis op 'n groot perseel met struik, bome, ens.

BYLAAG XI

Windhoek, met sy sentrale ligging, mediese en geestelike fasiliteite, CMR-werksters, ens., sal hom uitstekend leen vir hierdie projek.

5. GEBOU-ONTWERP EN FASILITEITE

- (i) Die hospitaal e.a. dienste moet om verskeie redes nie fisies aan die inrigting verbonde wees nie (m.a.w. dieselfde gebou en/of dieselfde perseel).
- (ii) 4 slaapkamers met 2 - 3 beddens. Enkelkamers veroorsaak ongesonde isolasie en groot slaapsale ken geen privaatheid nie. Afsonderlike ingeboude kassies met bedkaste.
- (iii) Bad- en toiletgeriewe naby slaapkamers - lae baddens met handvatseel.
- (iv) Voldoende was/strykgeriewe.
- (v) Ruim woonvertrek met gemakstoele, boeke en geleentheid vir vryetydsbesteding en huisvlyt.
- (vi) Ruim eetvertrek met skuifdeure na woonvertrek.
- (vii) Ruim kombuis waar 3 - 4 dogters kan help, met koelkamer, spens en linnekamer.
- (viii) Die Front van die huis moet die woonstel van die Matrone, gastekamer en kantoor wees.

6. RAAD VAN BEHEER

Mans sowel as dames!

7. FINANSIES(a) UITGAWES

- (i) Oprigtingskoste: + R30 000.
- (ii) Bedryfskoste: Dis moeilik te bepaal sonder om te weet of vir mediese e.a. dienste betaal moet word. 'n Begroting van R11 - R13 000 p.j. sal seker realisties wees.

(b) INKOMSTE

- (i) Daar bestaan geen formule waarvolgens staatsubsidies verkry kan word nie ... hoogstens 'n hoofdelike toelaag indien 'n dogter onder die Kinderwet gekommitteer sou word.
- (ii) Losiesgelde is minimaal aangesien vele dogters nie kan betaal nie en die vermeende vader ook maar min kan bydra.

BYLAAG XI

- (iii) Die enigste veilige bron van inkomste is donasies, insamelings, sinodale aanslag en sustersverenigings.
- (c) **Beheer:** Die finansiële verantwoordings kan deur die Kerkkantoor (soos vir die Kinderoord en Tehuis/Bejaardes) behartig word.

8. PERSONEEL EN BEHANDELINGSPROGRAM

- A. (a) 'n **Matrone** - liefste die eggenote van 'n man wat uitwerk maar inwoon, omdat 'n alleenlopende dame probleme (bv. vereensaming) ondervind.
- (b) Gewone huishoudelike hulp (bediendes) en voorts het die dogters takies om te verrig.
- B. **Maatskaplike Werkster** (CMR-kantoor)
- (i) Individuele behandeling - persoonlikheids- en verhoudingsprobleme; lewenswaarde en lewenshouding; oorsake; komponente (ouers, vermeende vader, ens.).
- (ii) Beslissing t.o.v. toekoms van baba;
- (iii) Groepwerk by dogters (moontlik 'n ander werkster se taak).
- C. **Geestelike hulp:** Leraar(s) - nie slegs vir Godsdiensoefening en dienste nie, maar persoonlike evangelisasiewerk.
- D. **Groepbesprekings:** Matrone, werksters, leraars, direkteur van gesinsorgdienste, praktykleidster, ens., vir onderlinge konsultasie, gedagtewisseling, evaluasie en hantering en nasorgdienste.
- E. **Huisvlyt:** 'n Buitestaander kan effektief hiervoor verkry word.

9. ADMINISTRASIE: CMR-kantore - ook vir aannemings.10. GEVOLGTREKKINGS t.o.v. SUIDWES-AFRIKA

- (i) Daar bestaan 'n **behoefte** aan die versorging van ongehuide moeders - indien die behoefte nie gevoel word nie, dan is dit nie omdat dit nie bestaan nie, maar óf omdat daar nie besef van die bestaande behoefte is nie óf nie 'n visie bestaan van die roeping van die Christelike Werk in hierdie behoefte nie.
- (ii) **Kerkrade en vakkundige** dienste sal mekaar op hierdie punt moet vind - dit skyn asof die nodige skakeling nie daar is nie of dat die nodige opvolgwerk nie gedoen word nie. Die vakkundige

BYLAAG XI

moet gevoed word deur die Kerkrade wat gevalle rapporteer - die geestelike versorging moet gevoed word met die rapportering van die gevalle deur die CM Rade.

- (iii) **Republiek:** Die bestaande inrigtings in die Republiek voorsien, om 'n verskeidenheid redes, nie in die behoefte van SWA nie.
- (iv) Om **vooordeel** van die kant van die publiek, ens., af te breek sou dit raadsaam wees om vireers slegs 'n inrigting met 'n jaarlikse opname van ongeveer 50 te voorsien.
- (v) **Sentrum:** Dit skyn asof 'n sentrum soos Windhoek met sy omvattende fasiliteite die aangewese plek vir die oprigting van so 'n inrigting sal wees.
- (vi) **Finansies:**
- (a) Naas 'n kapitale belegging van R30 000 - R40 000 moet voorsiening gemaak word vir 'n jaarlikse begroting van ongeveer R12 000. (Die "toevallige" inkomstes van buite die kerk kan eintlik maar gesien word as onvoorsiene inkomstes).

Anders gestel: Om 'n kapitale belegging oor 30 jaar af te betaal @ 7% rente en 'n bedryfskoste van R12 000 p.j., sal 'n begroting van + R15 000 beteken.

- (b) Ofskoon daar tans nog geen formule bestaan waarvolgens die Staat op hierdie akker subsidieer nie, het ons in SWA 'n baie simpatieke siening re hulp. Moontlik sal die Administrasie gewillig wees met hulp (subekonomiese lening?) met die oprigting van die gebou. Sodra die Kerk 'n beginselbesluit geneem het, kan opdrag aan die Sekretaris/SKDB gegee word om vertoë tot die Administrasie te rig.

(geteken) MM NIEUWOUDT
SEKRETARIS/SKDB

WINDHOEK
8.2.1968